Christelike Gereformeerde Kerk in SA

Bestuurs-handleiding

2022

Bestuurshandleiding
van die
Christelike Gereformeerde Kerk
in Suid-Afrika
2022

Bepalings
Reglemente
Formuliere
Vorms
Bylaes

Bestuurshandleiding van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika—2022
Soos goedgekeur op die Sinode van 2021 (sittend 28 Maart—1 April 2022) te Kuilsrivier.

In die geval van verskil: die Afrikaanse vertaling van hierdie handleiding is aanvaar as die wetlike en bindende weergawe.

Gepubliseer deur CGK MEDIA
Vir bestellings of navrae:
media@crcsa.co.za

© 2022 Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika
Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie publikasie mag gereproduseer word of uitgegee word in enige formaat of wyse nie, hetsy elektronies of meganies, insluitende skandering, fotokopiëring of opname van watter aard ook al, sonder die skriftelike toestemming van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA nie.

CGK Sinodale Kantoor: 012 657 8840
info@crcsa.co.za
www.crcsa.co.za

Bepalings

Bepaling 2.3	**Homoseksuele praktyke**
Bepaling 3.1	**Die Proponentseksamenkommissie (PEK)**
Bepaling 3.2	**Die Raad vir Kuratore**
Bepaling 3.3	**Leraars: omruiling van standplase**
	Leraars: bevestiging
Bepaling 3.6	**Leraars: emeritering**
	Leraars: uitdiensstelling
Bepaling 4.4	**Pastorale Assistente**
Bepaling 7.1	**Lidmaatskap**
Bepaling 7.2	**Kerkraadslede**
Bepaling 7.3	**Konsulent**
Bepaling 8.3	**Ring**
Bepaling 9.3	**Sinode**
Bepaling 10.1	**Liturgie**
Bepaling 10:2	**Doop, Nagmaal**
Bepaling 10.3	**Kategese**

Bepaling 2.3

Sien Art. 2:3

Enige ampsdraer van die kerk wat aktief betrokke is in homoseksuele, lesbiese of biseksuele praktyke, en wat gekonfronteer word met die noodsaak om te bely, maar weier om dit te doen, sal geag word as ongeskik om 'n leier en amptenaar van die kerk te wees, net soos met enige ander volgehoue sonde.

Bepaling 3.1

Sien Art. 3.1

Die Proponentseksamenkommissie

3.1.1 Die Proponentseksamenkommissie bestaan uit vier diensdoende leraars, deur die sinode aangewys, waarvan die Actuarius Synodi een is.

3.1.2 Die Proponentseksamenkommissie konstitueer telkens na die gewone vergadering van die sinode en kies sy eie voorsitter en skriba. Die kommissie besluit self hoe die arbeid aan hom toevertrou onder die lede verdeel moet word.

3.1.3 Die Proponentseksamenkommissie voer die volgende opdragte uit en doen daaroor verslag op elke gewone vergadering van die sinode:

- 3.1.3.1 die toelating van studente vir opleiding tot die evangeliebediening, o.a. deur die afneem van die admissie-eksamen;
- 3.1.3.2 die toetsing van studente vir hul geskiktheid vir die evangeliebediening, sowel tydens hul studies sowel as daarna, o.a. deur die afneem van die proponentseksamen;
- 3.1.3.3 die toetsing van kandidate wat vanuit ander kerke wil oorkom, o.a. deur die hou van 'n Colloquium Doctum;
- 3.1.3.4 die keuring van alle kandidate vir die evangeliebediening in die kerk, en hul by die Actuarius Synodi aan te beveel vir legitimasie;
- 3.1.3.5 die reëling van die uitdienstreding van leraars , hetsy met behoud of verlies van status;
- 3.1.3.6 die bekendmaking van die bg. handelinge in die amptelike orgaan.

3.1.4 Die sinode verklaar onomwonde dat, ten spyte van die aflegging van al die vereiste eksamens, niemand tot die bediening van die evangelie toegelaat sal word, tensy die Proponentseksamenkommissie oortuig is dat die kandidaat tydens sy studiejare duidelik blyke gegee het van die egtheid van sy roeping en verkiesing, sy wedergeboorte, sy persoonlike ondervinding van Gods wandel, vrugte wat by die roeping en bekering pas, sy ywer, wysheid en bekwaamheid vir die uitbreiding van Gods Koninkryk op aarde en sy onwrikbare stand teen alles wat sou of kan lei tot die vervalsing van die Kerk van Jesus Christus op aarde.

3.1.5 Die Proponentseksamenkommissie maak gebruik van die Reglement vir Toelating en Legitimasie om sy werksaamhede te reël.

Bepaling 3.2

Sien Art. 3.2

Die Raad vir Kuratore

3.2.1 Die raad bestaan uit drie diensdoende leraars van die kerk wat nie leerkragte aan die CGTS is nie en word op elke gewone sitting van die sinode verkies. Hulle kies hulle eie voorsitter en skriba. Die voorsitter van die raad van kuratore dien as klas een lid op die raad van die CGTS en die direksie daarvan.

3.2.2 Die Raad tree op met volmag van die sinode om sy beleid ten opsigte van opleiding ten uitvoer bring.

3.2.3 Die Raad word verteenwoordig op elke sitting van die Raad van die CGTS deur een of meer afgevaardigdes, wat namens die sinode 'n stem uitbring en is verantwoordelik vir:

- 3.2.3.1 die opsig oor die leer en lewe van die leerkragte, wat hulle vir die doel onder die gesag van die sinode stel en verwys enige tug aangeleenthede na die sinode;
- 3.2.3.2 die opsig oor die leer en lewe van die studente wat beoog om hulle vir die kerk se bediening beskikbaar te stel, wat hulle vir die doel onder die gesag van die sinode stel en verwys enige tug aangeleenthede na die sinode of ander toepaslike kerklike liggaam;
- 3.2.3.3 advies en leiding aan die CGTS ten opsigte van kerk beleid en –vereistes, aanstelling van leerkragte, ens.
- 3.2.3.4 Die sinode het deur hierdie verteenwoordiging ook ander regte soos beskryf in die stigtingsaktes van die CGTS.

3.2.4. Die Raad lewer verslag aan die sinode.

Bepaling 3.3

Sien Art. 3.3

3.3.6 **Omruiling van standplase**

Die leraar wat omruiling begeer en sy kerkraad moet sodanig aansoek doen by die Sinodale Sekretaris vir Evangelisasie, wat sal vasstel of ’n ander leraar gevind kan word wat vir so ’n uitruiling gewillig is. As hy hierin suksesvol is, sal die Sinodale Kommissie hieroor beslissend die saak vir hantering van die Sinodale Sekretaris vir Evangelisasie verwys. Die konsulente van elk betrokke gemeente sal in wedersydse vergaderings die kerkrade se goedkeuring kry en tot ’n geskrewe ooreenkoms kom. Hierdie ooreenkoms sal vir twee weke in elke gemeente afgekondig word, en vervang so die normale beroep. Die ooreenkoms word geëffekteer op die datum waarop vooraf beslis is.

3.3.7 **Die bevestiging van leraars**

Wanneer ’n leraar ’n ander beroep aanvaar, verval die beroepings-ooreenkoms tussen hom en sy kerkraad of die vergadering in wie se diens hy staan en moet hulle aan hom ’n Akte van Demissie uitreik. Die ontheffing van die leraar uit sy amp, die oorhandiging van die Akte en die gepaardgaande reëlings moet genotuleer word en alle wedersydse verpligtinge moet afgehandel wees met die uitreiking van die Akte. Die Akte dien ook as die leraar en sy gesin se attestaat.

3.3.8 ’n Proponent wat in ’n gemeente werksaam was en ’n beroep aanvaar het ontvang nie ’n Akte van Demissie, maar ’n getuigskrif van die kerkraad en ’n attestaat.

3.3.9 In oorleg met die beroepende word die datum vir die bevestiging in die nuwe gemeente of arbeidsveld bepaal en daarna in die gemeente, die Actuarius Synodi en aan al die betrokkenes bekendgemaak. Die bevestiging van ’n leraar vind binne drie maande plaas, met kondonasie deur die ring in verdienstelike gevalle, na aanname van die beroep. Die bevestiging kan net plaasvind waar die Akte van Demissie ingehandig is en in orde bevind is.

3.3.10 ’n Gemeente leraar word tydens ’n gemeentelike byeenkoms in sy pos en dienswerk bevestig deur die voorsitter van die kerkraad of die konsulent van die gemeente of deur ’n ander leraar van die kerk wat langs ordelike weg daartoe versoek is. Bevestiging vind plaas deur die betrokke formulier, en in die geval van proponente met die oplegging van hande. Die nuwe leraar se intreepreek word by die eerskomende beste gemeentelike geleentheid gelewer. (Die ontvangs van ’n leraar in die gemeente is ’n sosiale en hoflikheidstradisie en kan saamval met een van die bg. geleenthede, maar word nie kerkregtelik gereël nie).

3.3.11 Leraars wat afgesonder word vir sendingdiens of ander besondere opdrag vanuit die gemeente word bevestig in die gemeente met die oog op hul uitsending en beteken nie dat hul as gemeenteleraars werksaam is nie. So ’n leraar maak wel deel uit van die kerkraad, maar word nie vir die vasstelling van ’n kworum ingereken nie.

3.3.12 Waar ’n leraar twee gemeentes moet bedien ingevolge ’n ooreenkoms word hy bevestig in die gemeente waar hy woon, en word hy deur die ring benoem tot konsulent van die ander gemeente.

3.3.13 Die bevestiging van ’n leraar in buitengewone diens word gereël deur die betrokke kommissie van die meerdere vergadering onder wie se sorg hy arbei. Dit geskied met die betrokke formulier en verkieslik ten tyde van ’n erediens.

3.3.14 Kennisgewing van die bevestiging geskied vooraf deur die voorsitter van die beroepende vergadering aan die Actuarius Synodi, wat ’n Akte van Bevestiging uitreik, aan die Ringskriba en aan die amptelike orgaan. Die leraar moet self sy nuwe adres- en gemeentebesonderhede so gou as moontlik na sy bevestiging aan die Actuarius Synodi stuur, sodat sy status as huweliksbevestiger hernu kan word of dat hy aangestel kan word, in die geval van proponente.

Bepaling 3.6

Sien Art. 3.6

Die emeritering van leraars

3.6.1 ’n Leraar wat emeriteer, d.w.s. vanweë die bereiking van aftree-ouderdom uit die aktiewe diens tree, word deur die Ringskommissie van sy betrekking tot die gemeente onthef nadat dit op drie agtereenvolgende Sondae in sy gemeente afgekondig is. Na die demissie word ook daarvan kennis gegee in die amptelike orgaan. ’n Leraar in buitengewone diens se emeritaat word slegs in die amptelike orgaan afgekondig, minstens drie weke voor demissie, wat behartig word deur die Sinodale Kommissie.

3.6.2 In alle gevalle van emeritering gee die skriba van die vergadering wat demissie verleen, kennis aan die Actuarius Synodi. Die emeritusleraar het dan ’n tydperk van drie maande waartydens hy by die Sinodale

Kommissie kan aansoek doen om sy status as huweliksbevestiger te behou, waarna hierdie geleentheid verval en sy status getermineer sal word.

3.6.3 Die leraar wat wil emeriteer moet betyds met die Administrateur van die pensioenfonds reël vir die uitbetaling van enige pensioengelde, waar dit van toepassing is.

3.6.4 'n Leraar ontvang sy demissie tydens 'n kerklike byeenkoms, waartydens hy ook die Akte van Demissie ontvang. Dit mag gepaard gaan met 'n uittreepreek en 'n spesiale geselligheid.

3.6.5 Emeriti behou hul status as dominee.

3.6.6 Om emeriti se dienste so ver as moontlik vir die kerk te behou, word die volgende gereël:

3.6.6.1 Gemeentes, ringe en bedieninge word aangemoedig om emeriti so ver as moontlik informeel te gebruik.

3.6.6.2 Emeriti wat met hul aftrede op kerklike kommissies gedien het, voltooi hulle termyn wat daardie posisies betref. Emeriti bly verkiesbaar vir alle ringskommissies en sinodale kommissies.

3.6.6.3 Emeriti is nie langer beroepbaar nie, maar kan in gemeentes geplaas word deur die ring of sinode, vir periodes tot op twee jaar per geleentheid, met gebruikmaking van 'n diensooreenkoms (Vorm A4). Die toestemming van die Sinodale Kommissie moet vooraf daarvoor bekom word.

Uitdiensstelling van leraars a.g.v. finansiële oorwegings

3.6.7 Indien 'n kerkraad of ander kerklike vergadering 'n leraar nie meer kan bekostig nie, moet die volgende prosedure gevolg word:

3.6.7.1 Die kerkraad of kerklike vergadering kan aan hul leraar 'n nuwe kontrak aanbied met spesiale voorwaardes, bv. verminderde pligte vir verminderde betaling en die doen van deeltydse werk. In die geval dat 'n leraar dit so aanvaar, behou die hy sy amp en pos en verander slegs die ooreenkoms tussen hulle.

3.6.7.2 Waar dit nie aanvaarbaar is nie, word die hulp van die Sinodale Finansiële Kommissie ingeroep vir hulp met 'n moontlike skikking. Indien bevind word dat die gemeente of vergadering werklik nie langer hulle pligte ingevolge die beroepsooreenkoms kan nakom nie, word die band tussen die leraar en sy gemeente onmiddellik losgemaak, en word hy beroepbaar gestel. Dit vind kerkregtelik plaas deurdat die kerkraad kennis gee aan sowel die Ringskommissie, wat die band tussen die leraar en gemeente losmaak, met Akte van Demissie (en die beroepsooreenkoms daarmee as vervalle verklaar), asook die Proponentseksamenkommissie, wat die leraar beroepbaar stel en dit onmiddellik laat publiseer in die amptelike orgaan. In die geval van leraars in buitengewone arbeid, geskied die losmaking deur die Sinodale Kommissie. Terselfdertyd word 'n ooreenkoms van drie maande tussen die leraar en kerkraad geteken, waartydens elkeen die volle normale wedersydse verantwoordelikhede aanvaar. In hierdie periode is die leraar beroepbaar.

3.6.7.3 Waar 'n sodanige leraar vir hierdie drie maande nie 'n beroep aanvaar nie, mag hy besluit om sekulêre werk te doen, met toestemming van die Proponentseksamenkommissie sy amp en status te behou, beroepbaar te bly en die kerk behulpsaam te wees in deeltydse hoedanigheid, of om geheel en al te bedank uit die kerkverband en sekulêre of ander geestelike werk te aanvaar.

3.6.7.4 In die geval dat 'n leraar na drie maande bedank a.g.v. van die onvermoë van sy gemeente of arbeidsveld om hom te betaal, sowel as die onbeskikbaarheid van ander beroepe of aanwendings in die kerk, sal 'n skeidingspakket aan hom uitbetaal word van minstens 'n bedrag wat in ooreenstemming is met die bestaande arbeidswetgewing, met inbegrip van die uitbetaling van enige ongebruikte vakansieverlof (proporsioneel bereken tot op die datum) en enige pensioenvoordele waarop hy geregtig is. Die pakket mag oor drie maande uitbetaal word.

3.6.7.5 Hierdie skeidingspakket word ten laste gelê van die gemeente of vergadering in wie se diens die leraar was en word deur die Sinodale Finansiële Kommissie gereël en bestuur in ooreenkoms met die betrokke leraar en vergadering. Die Sinodale Finansiële Kommissie mag die betrokke vergadering help en magtig om 'n lening te bekom ter wille van hierdie verantwoordelikheid, of om bates af te verkoop.

3.6.7.6 'n Leraar wat so 'n skeidingspakket aanvaar, verloor sy status en moet langs die normale weg by die kerk heraansoek doen om legitimasie as proponent, as hy weer in kerklike diens wil staan.

3.6.8 Waar 'n kerkraad a.g.v. finansiële oorwegings hul leraar beroepbaar laat stel het, mag hul nie weer binne 'n jaar 'n ander leraar op dieselfde traktement of voordeleskaal (of naby daaraan) in diens neem nie.

3.6.9 Indien ’n leraar of tentmakerwerk wil aanvaar, benewens sy ampspligte, omdat hy nie (langer) volgens die ooreenkoms betaal kan word nie, moet dit in samewerking met die kerkraad (of betrokke vergadering) gedoen word, met ’n gepaardgaande moontlike hersiening van ampspligte en word dit nie as in stryd met die bedoeling van Art 3.4.2.3 beskou nie. Die kerkraad mag egter die hulp van die Ringskommissie inroep waar hul onderhandelings met die leraar in die verband nie tot bevrediging gelei het nie.

Uitdiensstelling weens ’n bepaalde klag

3.6.10 Wanneer daar weens ’n bepaalde klag of klagtes groot ontevredenheid oor ’n leraar bestaan, a.g.v. sy leer of lewenswandel of uitvoering van sy pligte wat strydig met die grondwet van die kerk is, moet die kerkraad alles in sy vermoë doen om die vrede te herstel, desnoods met die hulp van een of twee leraars.

3.6.11 Wanneer die kerkraad nie in sy doel slaag nie, word die saak na die Ringskommissie verwys wat na deeglike ondersoek broederlike pogings moet aanwend om die vrede te herstel. Indien hulle vind dat daar rede vir ’n klag is, moet so ’n klag, korrek geformuleer, deur die volle ring ondersoek word, en kan die ring optree volgens die voorskrifte van Art 11.4.3.

Die behoud van status

3.6.12 Leraars wat van gemeentes losgemaak is of beroepbaar gestel is, of om ander redes met behoud van status nie in kerklike werk betrokke is nie, behou hul status en titel, maar hul status kan periodiek deur die Proponentseksamenkommissie in heroorweging geneem word, na gelang van die omstandighede.

Bepaling 4.4

Sien Art. 4.4

Pastorale Assistente

4.4.1 **Oogmerk en doel**

4.4.1.1 Die posisie van pastorale assistent is nie 'n amp nie en vervang nie die grondwetlike rol van geordende leraars nie. Dit is 'n bedieningsfunksie in die kerk, ten einde die bedieningslas op die gemeentes en die kerk se bedieninge te verlig, en die werk van die ampte aan te vul.

4.4.1.2 Die posisie van pastorale assistent maak ‘n waardevolle leke-bediening in die kerk moontlik. Hulle aanstelling verleen aan hulle ‘n sekere gesag, verantwoordelikheid en erkenning in die gemeente.

4.4.1.3 Pastorale assistente het geen besondere amptelike titel nie.

4.4.1.4 Die werk van die pastorale assistent kan enige van die volgende behels, asook ander funksies insluit, soos die behoefte mag bestaan: sending, evangelisasie, opleiding, leierskap, bestuur, berading, prediking, pastorale werk.

4.4.2 **Aanstelling**

4.4.2.1 Pastorale assistente is ouderlinge of diakens met bewese bedieningsgawes en ervaring, toepaslike opleiding, leierskap-vermoëns en vaardighede. Nuwelinge, byvoorbeeld diegene wat nog nie ‘n jaar op die kerkraad gedien het nie, mag nie formeel as ‘n pastorale assistent aangestel word nie.

4.4.2.2 Pastorale assistente kan voltyds of deeltyds aangestel word.

4.4.2.3 Pastorale assistente word deur die kerkraad, meerdere vergadering of betrokke kerkbediening aangestel, met die goedkeuring van die ringskommissie van die ring waarin die funksie plaasvind.

4.4.2.4 Pastorale assistente word tydens ‘n erediens vir hul dienswerk afgesonder, waartydens die gemeente ingelig kan word oor die posisie wat hulle beklee.

4.4.3 **Ooreenkoms**

4.4.3.1 'n Geldige ooreenkoms moet te alle tye in plek wees tussen die kerkraad en elke pastorale assistent. ‘n Pligstaat moet aangeheg word wat die pligte en mandaat van die posisie uiteensit. 'n Afskrif moet ook gestuur word na die Actuarius Synodi.

4.4.3.2 In die geval van betaling vir dienste gelewer, of waar ‘n goedgekeurde begroting beskikbaar is, moet sulke besonderhede ook ingesluit word in die ooreenkoms.

4.4.3.3 Die ooreenkoms mag nie vir langer as twee jaar geldig wees nie. Met die verstryking van die ooreenkoms, en as dit nie betyds hernu word nie, verstryk ook die funksie van pastorale assistent.

4.4.4 **Pastorale assistente in vakante gemeentes**

4.4.4.1 Pastorale assistente kan ook in vakante gemeentes leiding neem en prediking behartig. Omdat

sulke gevalle groot verantwoordelikhede meebring, is die volgende addisionele bepalings ter sprake:

4.4.4.1.1 'n Dienende ouderling wat 'n volwasse Christen en erkende leier is, met besliste bedieningsvaardighede, word veronderstel.

4.4.4.1.2 Ten minste 'n mate van teologiese opleiding, wat opleiding in prediking moet insluit, is noodsaaklik. Teologiese studente kan in hierdie hoedanigheid aangewend word, en moet sterk aangemoedig word om hul studies te voltooi en deur die kerk se normale kanale aansoek te doen vir legitimasie.

4.4.4.1.3 Gereelde supervisie en leiding deur die konsulent onder wie hy werk, moet in plek wees.

4.4.4.2 Ouderlinge wat as pastorale werkers aangestel is, kan ook die sakramente bedien volgens Artikel 10.2.

4.4.5 **Toesig en verslaglewering**

4.4.5.1 Pastorale assistente werk altyd onder 'n geordende leraar, met verslaglewering aan die kerkraad waar hulle diensdoende is. Ter wille van 'n gesonde bediening, goeie bestuur en geestelike leiding moet daar gereelde gesprekke tussen die leraar en die pastorale assistent plaasvind.

4.4.5.2 Pastorale assistente moet kerkraadsvergaderings bywoon, waarop hulle verslag lewer van hulle werk, tensy hulle verlof het om afwesig te wees. Hulle kan ook gevra of verkies word om meerdere vergaderings by te woon.

Bepaling 7.1

Sien Art. 7.1

Toelating tot lidmaatskap van 'n gemeente

7.1.1 Elke gemeente bestaan uit al diegene wat deur die kerkraad op 'n wettige vergadering as lidmate aanvaar, erken en aangeteken is, en wat met die betrokke formulier in die gemeente bevestig is. Kandidate vir lidmaatskap moet 'n getuienis van geloofsekerheid hê, met 'n lewenswandel wat daarmee ooreenstem.

7.1.2 As 'n kandidaat onmondig is, moet die kerkraad ook tevrede wees met sy kennis van die Woord en leer van die kerk, en waar nodig, kategese voorskryf. Katkisante word in die reël nie as lidmate aangeneem voor die ouderdom van 16 jaar nie.

7.1.3 Die beslissing oor lidmaatskap van kandidate van 'n ander kerk, of uit 'n ander gemeente van die kerk, berus by die kerkraad wat volgens sinodale riglyne optree.

7.1.4 In alle gevalle doen kandidate aansoek tot lidmaatskap van die gemeente op die voorgeskrewe aansoekvorm. In die geval van lidmate wat vanaf ander gemeentes van die Christelike Gereformeerde Kerk oorkom word die vorm vir statistiekdoeleindes voltooi en saam met hul attestate ingehandig.

7.1.5 Bona fide studente wat elders studeer behou hul lidmaatskap van hul tuisgemeente, maar kan studente-lidmaatskap aanvaar van die gemeente waar hy vir studie-doeleindes woon. Vir statistiekdoeleindes word studente-lidmate as 'n addendum in die lidmaatregister en by rings- of sinodale opgawes aangedui.

7.1.6 Enige indiwidu wat aktief betrokke is in homoseksuele, lesbiese of biseksuele praktyke, wat gekonfronteer word met die noodsaak om te bely maar weier om dit te doen, sal geag word as ongeskik om lidmaatskap van die kerk te verkry, net soos met enige ander onboetvaardige sondaar.

Beëindiging van lidmaatskap van 'n gemeente

7.1.7 Lidmate bly aan die gemeente behoort totdat hulle skriftelik of mondelings (voor twee kerkraadslede) bedank, of deur die kerkraad as lidmate afgesny is vanweë een van die volgende redes:

7.1.7.1 wanneer 'n lidmaat hom met woord en daad van die gemeente onttrek en die byeenkomste nie bywoon nie, terwyl die raad die redes vir sy afwesigheid nie aanvaar nie;

7.1.7.2 wanneer 'n lidmaat hom teen die raad verset en sy gesag deur woord en daad verwerp of minag en die voortduur van die situasie tot nadeel van die gemeente strek;

7.1.7.3 wanneer 'n lidmaat in sonde volhard en dit blyk dat alle pogings met die oog op herstel futiel is.

7.1.7.4 Elke sonde en euwel wat by name in die Nuwe Testament genoem word, sal nie in die gemeente van die Here toegelaat word nie. Wanneer 'n lidmaat van die kerk wat aktief betrokke is in homoseksuele, lesbiese of biseksuele praktyke, en wat gekonfronteer word met die noodsaak om te bely maar weier om dit te doen, sal hy / sy blootgestel wees aan die

kerklike tug, net soos met enige ander volgehoue sonde.

7.1.8 Elke sonde en euwel wat by name in die Nuwe Testament genoem word, sal nie in die gemeente van die Here toegelaat word nie. Verder kan niemand lidmaat van die kerk wees wat ook lidmaat is van enige geheime organisasie of 'n organisasie met kodes vir geheimhouding nie.

7.1.9 Die kerkraad verklaar die lidmaatskap van sodanige persone as vervalle, doen 'n aankondiging daaroor by die erediens, en laat dit in die register aanteken.

Doop- en lidmaatregister

7.1.10 Die kerkraad sorg vir 'n behoorlik Doop- en lidmaatregister in elke gemeente. Bepalings vir die korrekte byhou van die registers verskyn in die betrokke Reglement.

7.1.11 Die Skriba van die kerkraad moet aan die einde van die jaar afskrifte maak van alle wysigings of byvoegings wat aan die registers aangebring is en aan die Argivaris stuur.

Attestate en bewyse van lidmaatskap

7.1.12 Die kerkraad reik aan 'n persoon of persone wat uit die gemeente vertrek 'n attestaat uit op die voorgeskrewe vorm, as aansoek daartoe ontvang word binne ses maande na die vertrek van die lidmate. Sodanige attestate is slegs vir twee maande na uitreiking geldig. Die doel van 'n attestaat is die oordrag van lidmaatskap na 'n ander gemeente van die kerk.

7.1.13 Waar aansoek om 'n attestaat ontvang word na ses maande vanaf die vertrek van die lidmaat uit die gemeente, word slegs 'n Bewys van Lidmaatskap uitgereik, op die voorgeskrewe vorm.

7.1.14 'n Lidmaat wat onder tug staan, of gestaan het by sy vertrek, ontvang nie 'n attestaat nie, maar 'n Bewys van Lidmaatskap. Waar so 'n lidmaat hom by 'n ander gemeente van die kerk voeg word 'n verduidelikende nota te dien effekte deur die skriba onder aparte omslag na daardie kerkraad gestuur.

7.1.15 Wanneer 'n persoon sy lidmaatskap van 'n gemeente verloor hetsy deur weg te trek met of sonder attestaat of bewys van lidmaatskap, vrywillige bedanking of afsnyding en dit deur die kerkraad bekragtig is, verval sy lidmaatregte in daardie gemeente. Lidmaatregte word herstel wanneer 'n lidmaat sy attestaat of bewys van lidmaatskap by die volgende gemeente inhandig en hy as lidmaat in daardie gemeente bevestig word.

Bepaling 7.2

Sien Art. 7.2

Deur wie die verkiesing geskied

7.2.1 Die verkiesing van kerkraadslede geskied in bestaande gemeentes deur die kerkraad op 'n gewone vergadering.

7.2.2 Die verkiesing van kerkraadslede in nuutgestigte gemeentes geskied deur 'n gemeente-vergadering. Van hierdie vergadering, wat met die stigting van die nuwe gemeente kan ooreenval, moet daar vir twee weke deur die Ringskommissie kennis gegee word in die amptelike orgaan en by wyse van afkondiging in die gemeentes van die ring. Alle belydende lidmate wat aan die nuwe gemeente wil behoort en wie se lidmaatsertifikate by die gemeente waarvan afgestig gaan word ingedien is, het stemreg.

Wie as kerkraadslede mag dien

7.2.3 Tot diakens mag slegs mondige lidmate en tot ouderlinge slegs lidmate vanaf 30 jaar, wat ooreenkomstig die eise van die Skrif onberispelik is in leer en lewe, met inagneming van die betrokke Sinodale besluite, verkies word. Die Actuarius Synodi mag egter met betrekking tot die ouderdomsvereistes kondonasie verleen.

7.2.4 Ouderlinge moet voldoen aan die Skriftuurlike vereistes van 1 Tm. 3:1-7 en Tt. 1:5-9 en die diakens aan die vereistes van Hd. 6:3 en 1 Tm. 3:8-13.

Hoe kerkraadslede verkies word

7.2.5 Die normale verkiesing van kerkraadslede vind plaas volgens die prosedure van die Reglement vir Verkiesings. By die verkiesing van kerkraadslede mag die kerkraad hom bedien van 'n Kommissie van Advies wat name vir die onderskeie vakatures op die groslys mag plaas.

7.2.6 Die verkiesing van kerkraadslede by nuutgestigte gemeentes vind nie per geslote stembrief plaas nie, maar soos volg: Die gemeentevergadering bepaal hoeveel vakatures daar vir ouderlinge en diakens bestaan, vorm dan 'n groslys deur voorstelle uit die vergadering en stem dan met die opsteek van hande vir elke afsonderlike persoon op die groslys. Diegene wat die meeste stemme gekry het, is verkies.

Dienstermyn

7.2.7 Alle kerkraadslede word vir twee jaar gekies, en daarna is hulle herkiesbaar. Elke kerkraadslid se dienstyd word afsonderlik bereken tot aan die einde van die tweede volle jaar na sy bevestiging. Kerkrade kan vir huishoudelike doeleindes ’n vaste tyd in die kerkjaar gebruik om kerkraadslede te kies, bv. aan die einde of aan die begin van die jaar. Nadat ’n kerkraadslid drie termyne na mekaar gedien het, word hy, as dit moontlik is, nie herkies voordat hy een jaar gerus het nie.

7.2.8 Kerkraadslede bly in diens totdat hulle plaasvervangers bevestig is. Dit geld egter nie van kerkraadslede wat bedank het en wie se bedanking deur die kerkraad aanvaar is nie. Die bedanking van ’n kerkraadslid (wat aanvaar is) is onmiddellik van krag. Vakatures kan te eniger tyd deur die kerkraad bepaal en aangevul word.

Goedkeuring, besware en bevestiging

7.2.9 Behalwe in die geval van die eerste kerkraadslede van ’n nuwe gemeente wat sonder enige afkondiging bevestig mag word, word die name van diegene wat as kerkraadslede gekies is, op twee agtereenvolgende Sondae by die erediens afgekondig om te verneem of ’n lid van die gemeente beswaar het.

7.2.10 Enige belydende lidmaat van die gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om voor of op die dag van die tweede afkondiging teen een of meer van die verkosenes skriftelik beswaar te maak by die voorsitter van die kerkraad.

7.2.11 Indien daar ’n beswaar ingedien word, word die kerkraad so spoedig moontlik byeengeroep om die beswaar te ondersoek en daaroor uitsluitsel te gee. Waar die kerkraad vind die beswaar is gegrond verval die verkiesing van die persoon. By nuutgestigte gemeentes moet ’n beswaar teen ’n verkose kerkraadslid onmiddellik geopper word, waarop die lid se bevestiging uitgestel word totdat die gestigte kerkraad dit ondersoek het.

7.2.12 Lede wat verkies is en teen wie geen beswaar ingekom het nie, of diegene van wie bevind is dat besware teen hulle ongegrond is, moet binne een week na die tweede afkondiging antwoord of hul die verkiesing aanvaar.

7.2.13 Die bevestiging van kerkraadslede vind plaas so spoedig as moontlik na hul aanvaarding van die amp tydens ’n erediens met gebruikmaking van die betrokke formulier. Die bevestiging vind namens die kerkraad plaas deur die voorsitter of konsulent, of deur ’n leraar van ’n ander gemeente van die kerk wat daartoe versoek word. Kerkraadslede wat herkies word, moet weer bevestig word.

Grootte van die kerkraad

7.2.14 ’n Kerkraad moet bestaan uit minstens vyf lede. Die ringskommissie kan kondonasie verleen vir vier dienende lede vir hoogstens ses maande. Die kerkraad bepaal bo en behalwe hierdie voorskrif self hoeveel kerkraadslede daar moet wees. Die ouderlingsposte mag nie minder as die diakensposte wees nie.

Bepaling 7.3

Sien Art. 7.3

Die konsulent

7.3.1 Die ring wys vir elke gemeente ’n konsulent aan, wat as voorsitter van die kerkraadsvergadering optree wanneer die gemeente sonder ’n leraar is, of wanneer hy andersins op wettige wyse daartoe versoek word.

7.3.2 Die konsulent is geregtig op billike vergoeding deur die kerkraad vir sy reis en verblyfuitgawes. Die Sinodale Finansiële Kommissie kan in sulke gevalle riglyne gee.

Huishoudelike bepalinge van die kerkraad

7.3.3 Die kerkraad mag huishoudelike bepalinge aanvaar vir die funksionering van die gemeente. Sulke bepalinge mag egter nie bots met die Woord van God of die grondwet of enige sinodale besluite nie.

Bepaling 8.3

Sien Art. 8.3

Indeling en konstituering van die ring

8.3.1 Die indeling en herindeling van die ringe deur die sinode vind plaas tydens ’n vergadering van die sinode. Onmiddellik na die indeling of herindeling kom die betrokke ringe byeen vir ’n konstitueringsvergadering.

Vir hierdie vergadering tree die afgevaardigdes na die sinode ook as die wettige afgevaardigdes na die ringsvergadering op.

8.3.2 ’n Voorsitter word aangewys om die konstitueringsvergadering waar te neem. Hy open met gebed, waarna hy die afgevaardigdes van die verskillende gemeentes in volgorde oproep om hul geloofsbriewe te oorhandig. Waar dit blyk dat minstens twee-derdes van die lede van die ring teenwoordig is, word verklaar dat die ring wettig gekonstitueer is. Alle verdere vergaderings van die ring (tot ’n volgende indeling of herindeling) konstitueer met ’n volstrekte meerderheid van lede.

8.3.3 Die vergadering van die ring word gereël deur die toepaslike Reglemente vir Vergaderings en Verkiesings.

Ampsdraers en kommissies van die ring

8.3.4 Die ring kies onmiddellik na sy konstituering uit eie geledere minstens ’n voorsitter en skriba, maar kan ook ’n kassier kies om ’n Ringskommissie te vorm. Hierdie ampsdraers doen diens vir ’n jaar, waarna hul herkiesbaar is.

8.3.5 Die Ringskommissie voer die opdragte van die ring uit, hanteer voorlopige spoedeisende sake tot die ring dit in behandeling kan neem, tref reëlings vir die voortgang van die werksaamhede, ondersoek sake wat in appèl na hom gebring word, reël die volgende Ringsitting en tree in die algemeen as die dagbestuur van die ring op. Spesifiek voer die Ringskommissie al die opdragte uit wat in die Grondwet aan hom opgelê word.

8.3.6 Die voorsitter en skriba van die Ringskommissie is ook die voorsitter en skriba van die ring en van die ringsvergadering.

8.3.7 Die ringskriba voer die gewone take van skriba uit, asook alles wat in die Grondwet aan hom opgedra word en doen daarbenewens ook die volgende:

- 8.3.7.1 hy stuur beskrywingspunte en verslae van die ring na die Skriba Synodi.
- 8.3.7.2 hy stuur jaarliks afskrifte van alle notules, verslae en stukke wat deur die ring in behandeling geneem is na die Argivaris.
- 8.3.7.3 hy gee kennis aan die kerkrade van alle besluite deur die ring geneem.

8.3.8 Die ring kan ook by elke vergadering kommissies aanstel vir evangelisasie, barmhartigheid, sending, ampsbediening, jeugwerk, ens. Hierdie kommissies bevorder, in die nodige samewerking met die ooreenkomstige kommissies van die sinode, die belange van die onderskeie terreine waarvoor hulle benoem is binne die ring se jurisdiksie en rapporteer daaroor aan die volgende vergadering van die ring.

8.3.9 Die ring stel na sy konstituering ’n leraar as konsulent aan vir elke gemeente, en hersien hierdie aanstelling van tyd tot tyd as die omstandighede dit noodsaak.

Verslaggewing van gemeentes aan die ring

8.3.10 By elke gewone vergadering ontvang die ring verslag van elke gemeente soos volg:

- 8.3.10.1 ’n behoorlik voltooide statistiekopgawe op die voorgeskrewe vorm;
- 8.3.10.2 ’n Staat van Godsdiens.

Beide hierdie stukke word aan die ringskriba oorhandig, maar die Staat van Godsdiens word ook deur ’n gemeente-afgevaardigde, hetsy leraar of ouderling aan die ring voorgelees.

8.3.11 Die Staat van Godsdiens is ’n verslag van die geestelik stand in die gemeente en moet ’n oorsig gee oor minstens die volgende aspekte van die gemeentelike bediening:

- 8.3.11.1 die inrigting en bywoning van eredienste en ander byeenkomste, met die klem op enige toenames of afnames, en ander belangrike punte rondom die byeenkomste;
- 8.3.11.2 besondere lering wat in die gemeente gegee of ontvang is;
- 8.3.11.3 uitreikaksies en evangelisasie wat deur die gemeente onderneem is;
- 8.3.11.4 besondere werk van die Heilige Gees wat in die gemeente waargeneem is;
- 8.3.11.5 die stand van die volgende aspekte in die gemeente: gebed, pastoraat, sending, barmhartigheid, kategese, sakramente;
- 8.3.11.6 gemeentelike finansies, met die klem op enige toenames of afnames en of dit voldoende is, en watter pogings aangewend is om fondse te in (spesifieke syfers is nie nodig vir ringsdoeleindes nie, maar word jaarliks aan die Sinodale Finansiële Kommissie opgegee).

8.3.12 Die doel van die Staat van Godsdiens is sowel verslaggewing asook die bevordering van broederlike wedersydse opbouing, aanmoediging en deel van inligting wat tot die voordeel van die gemeentes sal wees.

8.3.13 Die ringskriba maak ’n samevatting uit die verskillende gemeenteverslae (Statistiekvorms sowel as State van Godsdiens) wat voor hom lê, vir die periode van die sinodale reses, en werk dit by sy ringsverslag wat betyds vir die Sinodesitting na die Skriba Synodi opgestuur word. Die ringsverslag moet die spesifieke

statistiek van elke gemeente bevat.

Ander arbeid van die ring

8.3.14 Die ring neem verder alle sake in behandeling wat deur kerkrade in sy jurisdiksie, deur lede van die ring en deur lidmate op ordelike wyse voor hom gelê word. Die ring sal veral aandag gee aan sake rakende die tug wat direk of by wyse van appèl voor hom gebring word, en tree dan op in ooreenstemming met die betrokke bepalinge en reglemente.

8.3.15 Die ring is bevoeg om enige werksaamheid te onderneem en daarvoor kommissies aan te stel en, indien nodig, selfs ampsdraers daarvoor te beroep of aan te stel, en om vir die werksaamhede wat hy onderneem bepalinge op te stel, mits dit nie in stryd is met die Woord van God, die Grondwet of met heersende sinodale besluite nie.

Bepaling 9.3

Sien Art. 9.3

Die Moderatuur en Sinodale Kommissie

9.3.1 Die afgevaardigdes na en die konstituering en kworum van die sinode word uiteengesit in die Reglement vir Vergaderings.

9.3.2 Geloofsbriewe word voor die konstituering van die vergadering by die Scriba Synodi ingehandig en deur die voorsitter in orde bevind.

9.3.3 Die dienende Moderator neem as voorsitter leiding by die sinodesitting. Hy behartig die opening en konstituering van die vergadering, en lei die vergadering deur die agenda, saam met die dienende Moderatuur. By die aanvang van die sinode word ’n nuwe Moderatuur gekies volgens die Grondwet. Die lede moet gekies word uit ’n groslys van dienende leraars wat vooraf saamgestel is volgens die bepaalde Reglement. Die vergadering mag nie as groslys dien nie. Ampsdraers is herkiesbaar. Die dienende Moderatuur moet met die nuwe Moderatuur saamwerk om ‘n effektiewe oorgang te bewerkstellig.

9.3.4 Die Moderatuur se ampsdraers beklee die volgende portefeuljes:

9.3.4.1 Die Moderator is die voorsitter van die sinode, die Moderatuur en die Sinodale Kommissie en is verantwoordelik vir die ordelike verloop van die vergadering. Hy tree ook op as leier en verteenwoordiger van die kerk in besondere omstandighede soos dit sig voordoen vir die periode waarin hy dien.

9.3.4.2 Die Assessor: sinode tree op as die Moderator se hulp en plaasvervanger en lei die vergadering in die afwesigheid van die Moderator of waar die Moderator sy eie mosie motiveer of verdedig, so ook by ’n Moderatuur- of Sinodale Kommissie vergadering.

9.3.4.3 Die Actuarius Synodi verstrek gedurende die reses advies oor die uitleg en toepassing van die Grondwet, enige sinodale besluite en gebruike in die kerk. Hy behartig die legitimasie van leraars, dien *ex officio* op die Proponentseksamenkommissie en is die kerk se verteenwoordiger by die staat se Registrateur van Huwelike. Vir die doeleindes van die bg. hou hy ’n Register van Leraars by. Hy doen verslag aan die sinode.

9.3.4.4 Die Scriba Synodi sorg, behalwe vir die behartiging van alles wat tot die normale taak van ’n skriba behoort, ook vir die publisering van die handelinge van die sinode en die indiening daarvan, saam met alle bylaes wat daarby behoort aan die Argivaris, en voer voorts alles uit wat deur die Grondwet aan hom opgedra word. Hy doen verslag aan die sinode.

9.3.5 Die Sinodale Kommissie vergader in die reses met skriftelike kennisgewing van minstens drie weke aan elke lid, of in buitengewone gevalle met skriftelike of mondelinge kennisgewing van een week, waar dit nie beswaar ontlok nie.

9.3.6 Vir ’n wettige vergadering van die Sinodale Kommissie word ’n kworum van vier vereis. Dringende besluite kan ook telefonies geneem word, waar alle lede gekontak is, almal instem en die besluit op die volgende vergadering aangeteken word.

9.3.7 Die Sinodale Kommissie ontvang as sy taak, bykomend tot wat die Artikel 9.3.4 spesifiseer, ook die volgende:

9.3.7.1 sake van kerklike tug wat direk of by wyse van appèl voor die sinode sou moet kom, en alle ondersoeke of ingrepe wat die Sinodale Kommissie noodsaaklik ag.

9.3.7.2 die aanvulling van vakatures in sinodale kommissies.

9.3.7.3 die sameroeping van enige buitengewone sinode.

9.3.7.4 alle sake wat deur die Grondwet aan hom opgedra word.

Ander kommissies en amptenare van die sinode

9.3.8 Die sinode wys ’n Proponentseksamenkommissie aan volgens Bep. 3.1.

9.3.9 Die sinode wys ’n Raad van Trustees vir die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium aan volgens Bep. 3.2.

9.3.10 Die sinode wys ’n Rektor aan volgens Bep. 3.2.

9.3.11 Die sinode wys ’n Saakgelastigde aan om die sinode te verteenwoordig en te adviseer ten opsigte van finansies, en as voorsitter die aktiwiteite van die Sinodale Finansiële Kommissie te lei en te koördineer. Die Saakgelastigde hoef nie ’n leraar te wees nie.

9.3.12 Die sinode wys ’n Sinodale Finansiële Kommissie aan, bestaande uit minstens drie lede, waarvan die Saakgelastigde *ex officio* lid en voorsitter is. Die take van die Sinodale Finansiële Kommissie is soos volg:

- 9.3.12.1 om inkomste en uitgawe begrotings van die Sinodale Fonds op te stel en uit te voer;
- 9.3.12.2 om alle uitgawes van die Sinodale Fonds tydens die reses te magtig;
- 9.3.12.3 om toestemming aan gemeentes te verleen om oortrokke fasiliteite, lenings en verbande aan te gaan, met die verstande dat ’n kerkraad die reg het om by die Sinodale Kommissie teen so ’n beslissing te appelleer;
- 9.3.12.4 om wysiginge met betrekking tot die salarisskale en voordele van leraars aan te beveel en te koördineer;
- 9.3.12.5 om bankrekeninge te open, lenings en verbande aan te gaan en namens die kerk finansiële dokumente te onderteken;
- 9.3.12.6 om die gemeentes se jaarlikse finansiële state te ontvang en te ouditeer;
- 9.3.12.7 om die sinode en die gemeentes van finansiële advies te bedien;
- 9.3.12.8 om boek te hou van die sinodale finansies en daardie boeke te laat oudit;
- 9.3.12.9 om aan die sinode verslag te doen van sy finansies.

9.3.13 Die sinode wys ’n Administrateur aan vir die Christelike Gereformeerde Kerk Pensioenfonds, wat die kerk by die Pensioenfonds verteenwoordig, en die Pensioenfonds by die kerk, en wat wedersyds skakel ten opsigte van alle sake wat die Pensioenfonds raak.

9.3.14 Die sinode wys ’n Argivaris aan, wat volgens sy eie bepalings en voorskrifte, saam met alles wat die Grondwet aan die Argivaris opdra, die kerk se Argief administreer en alle argivale stukke ordelik bewaar.

9.3.15 Die sinode wys ’n Sinodale Sekretaris vir Evangelisasie aan wat verantwoordelik is vir die uitbreiding van die kerk en Koninkryk deur evangelisasie-uitreike en die stig van nuwe bedieninge, preekpunte en werkkringe, in samewerking met die ringe en gemeentes. Vir hierdie doel moet die Sinodale Sekretaris vir Evangelisasie ten nouste met elke ringskommissie saamwerk.

9.3.16 Die sinode wys ander kommissies of eenmankommissies aan soos die behoefte hom voordoen, om o.a. die volgende terreine te dek:

- 9.3.16.1 ’n kommissie vir die behartiging van die kerklike jeugwerk.
- 9.3.16.2 ’n kommissie vir die behartiging van die kerklike sendingwerk.
- 9.3.16.3 ’n kommissie vir die behartiging van die kerk se toerusting en opleiding.
- 9.3.16.4 ’n kommissie vir die behartiging van die kerklike media.
- 9.3.16.5 ’n kommissie vir die behartiging van die kerklike barmhartigheidswerk.
- 9.3.16.6 ’n regskommissie vir die behartiging van alle grondwetnavrae deur die Actuarius Synodi verwys.

9.3.17 Die kommissies van die sinode doen verslag aan die sinode en in die reses, aan die Sinodale Kommissie.

9.3.18 Die Sinodale Kommissie kan lede buite die CGK leraarskorps koöpteer om as lede, selfs as voorsitters, van sinodale kommissies te dien, uitsluitend die SK, PEK en KTO. Ervare lidmate, volwasse Christene en bewese leiers met goeie getuienis in die gemeente word hiermee bedoel.

Sake vir behandeling deur die sinode

9.3.19 Sake vir behandeling deur die sinode moet twee maande vooraf in die hande van die Skriba wees en mag ingedien word deur leraars, kerkrade, ringe en kommissies van die sinode. Lidmate van gemeentes mag hulle by wyse van ’n versoekskrif tot die sinode wend. Die sinode besluit of laat ingekome stukke behandel sal word.

9.3.20 Minstens twee maande vooraf moet daar ook verslae ingedien word deur die Scriba Synodi, Actuarius Synodi, Saakgelastigde, Rektor, en alle ander kommissies of amptenare wat deur die sinode daartoe verplig word.

9.3.21 Die Scriba Synodi ontvang al die bg. stukke, en laat dit druk as byvoegsel by die sinodale agenda, en versprei dit betyds aan die kerkrade vir oorweging en kommentaar.

9.3.22 Die Scriba Synodi word tydens die sinodesitting gehelp deur ’n hulp skriba en ’n Kommissie van Orde wat die gang van die verrigtinge help reël.

9.3.23 Die sinode word begin en gesluit deur Skriflesing en gebed. Die uittredende Moderator lewer 'n boodskap. Die viering van die Nagmaal kan tydens die sinodesitting geskied op uitnodiging van en saam met een van die plaaslike gemeentes.

Bepaling 10.1

Sien Art. 10.1

Die liturgie

10.1.1 Die inkleding van die openbare erediens word aan die onderskeie kerkrade oorgelaat, behalwe die volgende sinodale riglyne:

10.1.1.1 dat die verklaring en verkondiging van die Ou en Nuwe Testament steeds die sentrale plek sal inneem. Die sinode aanvaar die Afrikaanse vertaling van 1933 en 1953 vir hierdie doel, maar ander vertalings mag ook gebruik word.

10.1.1.2 dat die volgende liturgiese elemente ook plek sal hê in die diens, nl. gebed, gemeente sang en die sakramente. Die diens word gebruiklik afgesluit met die seën. Die volgende tradisionele liturgiese handelinge mag ook gebruik word, nl. die seëngroet, getuienis lewering, voorlesing van die geloofsbelydenis en/of die wet, bediening in sang, appèl en die bediening van behoeftes.

10.1.1.3 Alhoewel 'n vasgestelde liturgie nie aan kerkrade voorgeskryf word nie, moet kerkrade toesien dat daar altyd goeie orde in die erediens gehandhaaf word. Kerkrade kan gebruik maak van die voorbeelde wat deur die sinode in die verband gepubliseer word.

10.1.2 Die keuse van kerkliedere word aan die onderskeie kerkrade oorgelaat. Kerkrade moet toesien dat die liedere wat gebruik word teologies, liturgies, stilisties, taalkundig en musikaal verantwoordbaar is en opbouend en paslik is vir die betrokke gemeente. Kerkrade kan gebruik maak van die tradisionele liedereskat van die kerk, asook van nuwe liedere, en kan hul ook bedien van enige riglyne van die sinode in die verband.

Bepaling 10.2

Sien Art. 10.2

Die Heilige Doop

10.2.1 Die kerk erken die Heilige Doop as teken van vereniging met Christus, inlywing in die Liggaam van Christus en inlywing in die verbond met God en as sulks bedoel is vir elke bekeerling en gelowige.

10.2.2 Die kerk erken dat die kinders van gelowige ouers ook aan die genadeverbond deel het, en dat hul as sulks ook gedoop mag word. Die volgende dien as verdere riglyne by die kinderdoop:

10.2.2.1 die kerkraad moet in iedere geval hetsy by die kinders van lidmate, kinders van ander kerke, aangenome, buite-egtelike of vondeling kinders, seker maak dat die betrokke kind wel deur gelowige ouers opgevoed sal word, alvorens die doop bedien word;

10.2.2.2 die doop van kinders ouers as sewe moet gepaard gaan met 'n eenvoudige geloofsbelydenis, na die vlak van bevatlikheid van die kind.

10.2.3 Die kerk erken dat, vanweë die gebrokenheid wat in die Kerk van Jesus tans oor die Doop bestaan, daar vryheid behoort te wees vir lidmate ten opsigte van die volgende sake:

10.2.3.1 om hul kinders ten doop te bring of ook nie te bring nie, en

10.2.3.2 om diegene wat hul eie kinderdoop om geldige redes, wat deur die kerkraad ondersoek is, nie as 'n Skriftuurlike doop sien nie, as gelowiges te doop.

10.2.4 Die kerk erken die tradisionele doop modi van indompeling in en begieting of besprinkeling met water. Die spesifieke doop modus by die bediening van die Heilige Doop word aan die dopeling of doopouers oorgelaat. Indompeling geskied een maal, terwyl begieting of besprinkeling drie maal geskied.

10.2.5 Die Heilige Doop word bedien deur 'n leraar of ouderling van die kerk tydens 'n erediens of ander christelike byeenkoms waartydens die Woord bedien word. Die betrokke formulier word gebruik en alle doopbediening word korrek aangeteken in die doopregister.

Die Heilige Nagmaal

10.2.6 Die Heilige Nagmaal word in 'n erediens, of ander christelike byeenkoms bedien deur die leraar, of ouderling wat daarvoor toestemming by die kerkraad gekry het.

10.2.7 Die Heilige Nagmaal word slegs bedien aan diegene wat getuienis van ware geloof lewer, en in die geval van kinders twaalf jaar en ouer, waar die ouers ook sulke getuienis lewer en die kerkraad daarvoor

toestemming gegee het.

Bepaling 10.3

Sien Art. 10.3

Die kategese en bevestiging van nuwe lidmate

10.3.1 Kinders ontvang kategese in die gemeente waar hul gewoonlik naweke deurbring.

10.3.2 Die doel van die kerklike kategese is in die eerste plek om katkisante te lei tot bekering en ’n persoonlike verhouding en toewyding tot God, en verder ook om die waarhede van die Woord van God, die leer van die kerk, die geskiedenis van die Kerk van Jesus asook die Christelike Gereformeerde Kerk en inligting rondom dwalinge en sektes oor te dra.

10.3.3 Die kerkraad gebruik die voorstelle en riglyne van die sinode in die beplanning van sy kategetiese program, en waar sy program daarvan afwyk, is dit die kerkraad se verantwoordelikheid om ’n teologies en pedagogies verantwoordbare program aan te bied.

10.3.4 Wanneer katkisante die voorgeskrewe kategese voltooi het, kan hul aansoek doen om lidmaatskap van die gemeente op die betrokke vorm, waarna hul soos ander aansoekers deur die kerkraad vir toelating gekeur word. Die sinode beveel aan dat katkisante wat om lidmaatskap aansoek doen nie voor die ouderdom van sestien oorweeg word nie, en beslis nie voor die ouderdom van veertien nie.

10.3.5 Katkisante wat aansoek doen en gedoop is, moet bewys van hul doop met hul aansoek lewer, terwyl ongedoopte aansoekers gedoop word by die geleentheid van hul bevestiging as lidmate met gebruikmaking van die betrokke formulier.

10.3.6 Katkisante wat suksesvol aansoek gedoen het, word saam met ander nuwe lidmate bevestig ten tyde van ’n erediens met gebruikmaking van die betrokke formulier.

10.3.7 Die kerkraad moet ook voorsiening maak vir die kategese van volwassenes en die opleiding van bestaande lidmate deur die beskikbaarstelling van kursusse oor dissipelskap, evangelisasie, gebed en ander aspekte wat die welwese van die lidmaat en gemeente raak. Nuwe lidmate kan ook by die gemeente georiënteer word met ’n spesiale kursus.

Reglemente

Reglement A:	**Reglement vir Vergaderings**
Reglement B:	**Reglement vir Verkiesings**
Reglement C:	**Reglement vir Beroeping**
Reglement D:	**Reglement vir Ondersoek**
Reglement E:	**Reglement vir Toelating en Legitimasie**
Reglement F:	**Reglement vir die CGTS**
Reglement G:	**Reglement vir die CGK Pensioenfonds**
Reglement H:	**Reglement vir Registers**
Reglement I:	**Reglement vir die Beheer van Kerklike Goedere en Fondse**
Reglement J:	**Reglement vir die Reglement vir die Diensverhouding met Leraars**
Reglement K:	**Reglement vir ’n Mikrogemeente**
Reglement L:	**Reglement vir die Argief**
Reglement M:	**Reglement vir Kassiere**
Reglement N:	**Reglement vir Spesiale Fondse**
Reglement O:	**Reglement vir Grond en Geboue**
Reglement P:	**Reglement vir die Vrouebediening van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA**

Reglement A
REGLEMENT VIR VERGADERINGS

Sien ook Bepaling 7.2 en 7.3 vir verdere bepalings oor die werksaamhede van die kerkraad.
Sien ook Bepaling 8.3 vir verdere bepalings oor die werksaamhede van die ring.
Sien ook Bepaling 9.3 vir verdere bepalings oor die werksaamhede van die sinode.
Sien ook Reglement B vir verdere bepalings oor die verkiesing van ampsdraers.

Bepaling A1 - Lede

Kerkraad

A1.1 Die kerkraad bestaan uit die leraars in die gemeente, die ouderlinge en die diakens. As die skriba en/of kassier nie kerkraadslede is nie, woon hulle die vergadering by sonder stemreg. Alle kerkraadslede is verplig om die vergaderings by te woon en om, as hulle nie verskyn nie, betyds kennis te gee met opgaaf van redes. Indien 'n lid langer as drie keer afwesig is sonder verskonings, hou hy op om kerkraadslid te wees.

A1.2 Alle dienende leraars, ouderlinge en diakens is lede van 'n gewone kerkraadsvergadering, maar by 'n beroepsvergadering is alle rustende ouderlinge en diakens wat nog in die gemeente is, ook lede (die sg. gekombineerde vergadering).

Ring

A1.3 Die ring bestaan uit die leraars van 'n gemeente, en een ouderling, of rustende ouderling, uit elke gemeente wat onder die ring ressorteer. As 'n gemeente meer as een leraar het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling, of rustende ouderling, vir elke bykomende leraar af te vaardig.

Sinode

A1.4 Die sinode bestaan uit al die diensdoende leraars van die kerk en een ouderling, of rustende ouderling, van elke gemeente. As 'n gemeente meer as een leraar het, het die kerkraad die reg om nog een ouderling, of rustende ouderling, vir elke bykomende leraar af te vaardig.

Algemeen

A1.5 Wanneer kerkrade lede afvaardig om 'n ringsitting of sinodesitting by te woon, moet hul twee ouderlinge kies: 'n Primarius wat na alle waarskynlikheid die sitting sal bywoon en 'n secundus wat sal instaan as die ouderling-primarius uiteindelik verhoed is om te gaan. By ring- en sinodesittings mag die secundus die primarius se plek inneem en omgekeerd, behalwe in die geval van 'n tugsaak. In uitsonderlike gevalle mag 'n diaken afgevaardig word.

A1.6 Alle leraars en afgevaardigdes na ringsittings en sinodesittings moet van geloofsbriewe voorsien wees.

A1.7 Die ring of sinode bepaal self welke persone met adviserende stem op die vergadering sitting mag neem, gewoonlik vorige lede, of iemand wat 'n besondere bydrae tot die vergadering kom maak.

Bepaling A2 - Agenda

Algemeen

A2.1 Die voorsitter van die vergadering stel die agenda op in samewerking met die skriba. 'n Voorbeeld van 'n agenda wat vir kerkraadsvergaderings aanvaarbaar is, lyk so:

- A2.1.1 Opening (die voorsitter open met gebed, of gebed en Skriflesing).
- A2.1.2 Konstituering van die vergadering (vasstelling van aanwesigheid, verskonings, 'n kworum en die verklaring van die voorsitter dat die vergadering wettig gekonstitueer is).
- A2.1.3 Vasstelling van die agenda (alle sake waaroor gepraat gaan word en hul orde word vasgemaak).
- A2.1.4 Die notule van die vorige vergadering (die vorige vergadering se notule word aanvaar as korrek, na enige wysiginge, en sake wat daaruit voortvloei word hanteer).
- A2.1.5 Korrespondensie (korrespondensie waarop die kerkraad moet reageer word deur die skriba ter tafel gelê).
- A2.1.6 Verslae (mondelingse en skriftelike verslae word hanteer, bv. kommissieverslae).
- A2.1.7 Besprekingspunte (sake wat bespreek moet word deur die kerkraad).
- A2.1.8 Algemeen/Ander (sake wat na die opstel van die agenda ter tafel kom).
- A2.1.9 Kennisgewing van die volgende vergadering word gegee.
- A2.1.10 Afsluiting (die voorsitter sluit af met gebed).

A2.2 'n Sperdatum vir die inhandiging van besprekingspunte kan deur die skriba gestel word om te verseker dat die agenda met die besprekingspunte betyds aan die lede gesirkuleer word vir hulle gebed en besinning. By sinodesittings moet die agenda met besprekingspunte minstens 1 maand voor die sitting uitgestuur word, sodat kerkrade kans het om daaroor te vergader. Besprekingspunte wat na die sperdatum of uitstuur van die agendas ontvang word, word beskou as "laat besprekingspunte" en die vergadering moet self besluit of

dit bespreek kan word.

A2.3 Goed geformuleerde en gemotiveerde besprekingspunte wat betyds en skriftelik ingehandig word en 'n definitiewe voorstel bevat dra by tot die effektiwiteit van die vergadering. 'n Goeie besprekingspunt het die volgende eienskappe:

A2.3.1 dit begin gewoonlik met die woord "dat", gevolg deur 'n definitiewe voorstel, waarop die lede hetsy vír of téén kan stem;

A2.3.2 dit bevat duidelike besonderhede oor "wat" voorgestel word, "wie" betrokke is, "wanneer", "waar", "hoe", ens.

A2.3.3 dit bevat 'n kort motivering wat die redes verskaf waarom die voorstel aanvaar behoort te word.

Hoe meer formeel die vergadering is, hoe noodsaakliker is dit dat besprekingspunte op hierdie wyse formeel en skriftelik vooraf ingedien word.

A2.4 Na die opening en konstituering van die vergadering word die agenda vasgestel. Byvoegings mag geskied met verlof van die vergadering. Buitengewone vergaderings bespreek net die saak wat die buitengewone vergadering genoodsaak het.

Bepaling A3 - Kennisgewing

A3.1 Van alle vergaderings moet behoorlik vooraf kennis gegee word. Kennisgewing moet die datum, tyd en plek van die vergadering aankondig, en word dikwels vergesel van die agenda van die vergadering.

Kerkraad

A3.2 Gewone kerkraadsvergaderings word op minstens twee agtereenvolgende Sondae tydens die diens afgekondig, of na skriftelike kennisgewing van minstens tien dae aan al die lede.

A3.3 Buitengewone kerkraadsvergaderings word gehou as minstens drie lede van die kerkraad die voorsitter skriftelik om 'n vergadering vra, of as hy dit self nodig ag. Kennisgewing geskied, met die opgaaf van redes, drie dae voor die vergadering aan al die lede.

Ring

A3.4 Ringsvergaderings word gehou na skriftelike kennisgewing van minstens een maand aan die Kerkrade betrokke.

A3.5 Buitengewone ringsvergaderings word gehou as die voorsitter dit nodig ag en met kennisgewing aan alle leraars betrokke van minstens een week.

Sinode

A3.6 Sinodesittings word gehou nadat die Scriba Synodi minstens drie maande vooraf skriftelik kennis gegee het aan alle leraars en kerkrade.

A3.7 Buitengewone sinodesittings vind plaas in dringende gevalle wat nie voorsien is nie, en met skriftelike kennisgewing van minstens een maand vooruit.

Bepaling A4 - Konstituering

Kerkraad

A4.1 'n Kerkraadsvergadering word wettig gekonstitueer deurdat 'n kworum van een meer as die helfte ('n volstrekte meerderheid) teenwoordig is - anders gestel, meer as die helfte van die dienende lede en stemgeregtigde lede moet teenwoordig wees. Ook by gekombineerde kerkraadsvergaderings word die kworum bepaal deur die aantal dienende lede wat teenwoordig is. So ook by vergaderings waar afvaardigings van werkkringe wat onder die gemeente ressorteer teenwoordig is, of veronderstel is om te wees, word die kworum bepaal deur die dienende lede van die vergadering self.

Ring

A4.2 Die ringsvergadering word wettig gekonstitueer deurdat twee-derdes van die wettige lede (soos bedoel in Art. 8.2) teenwoordig is. Verder moet 'n kworum van die helfte van die lede wat vir die vergadering gekom het (die presensielys) fisies teenwoordig bly anders is die besluite ongeldig. Waar die ring vir 'n tugsaak gekonstitueer het, is die kworum twee-derdes van die presensielys.

Sinode

A4.3 Die sinodesitting word wettig gekonstitueer deurdat twee-derdes van die wettige lede (soos bedoel in Art. 9.2) teenwoordig is. Verder moet 'n kworum van twee-derdes van die lede wat vir die sitting gekom het (die presensielys) fisies teenwoordig bly anders is die besluite ongeldig. Waar die sinode vir 'n tugsaak gekonstitueer het, is die kworum twee-derdes van die presensielys.

Algemeen

A4.4 Dit is die skriba van 'n vergadering se taak om seker te maak dat 'n kworum te alle tye teenwoordig is, en om die voorsitter onverwyld in kennis te stel as dit nie die geval is nie. Geen lid mag die vergadering verlaat sonder die toestemming van die voorsitter nie.

A4.5 Kerkraadsvergaderings word met geslote deure gehou, m.a.w. nie-lede mag dit nie bywoon nie, tensy die

vergadering so besluit. Alle ander kerkvergaderings word met oop deure gehou, m.a.w. dit mag wel deur nie -lede bygewoon word, behalwe waar die vergadering anders besluit.

A4.6 Die voorsitter gee by die aanvang van alle vergaderings kennis van die feit dat die vergadering wettig gekonstitueer is.

A4.7 Alle kerkvergaderings word begin met die aanroeping van die Naam van die Here.

Bepaling A5 - Vergaderreëls

Algemeen

A5.1 Die vergader reëls het ten doel om ’n vergadering effektief en doeltreffend te laat verloop, en nie onnodige tyd te verkwis nie. Hoe groter en meer formeel die vergadering, en hoe langer die agenda, hoe nodiger is dit vir die voorsitter om die vergadering streng volgens die reëls te lei.

A5.2 Die voorsitter stel die besprekingspunte wat behandel moet word aan die orde, en wel in die volgorde waarop die vergadering besluit het met die vasstelling van die agenda. Hy verskaf alle nodige inligting en doen as die saak dit vereis, wenke aan die hand om die vergadering te help om tot ’n besluit te kom.

A5.3 Besprekingspunte moet verkieslik in die vorm van ’n gemotiveerde voorstel ter tafel dien. Met die voorsitter se toestemming mag die voorsteller sy voorstel verder toelig. Elke voorstel moet gesekondeer word. Nadat ’n voorstel as sulks gedien is, mag dit nie weer teruggetrek word nie, behalwe met toestemming van die vergadering. Die voorsitter stel vas of daar enige opposisie teen of amendemente op die voorstel is. As almal die voorstel steun soos dit dien word dit algemeen en sonder verdere bespreking aanvaar.

A5.4 ’n Amendement op ’n voorstel behels ’n wysiging, weglating of byvoeging by die voorstel en kan in die loop van die debat deur enige-een ingedien word, ook deur die voorsteller van die oorspronklike voorstel. Elke amendement moet gesekondeer word en dien, saam met die oorspronklike voorstel ter beslissing. ’n Amendement mag ook op ’n amendement ingedien word. ’n Sg. “teenvoorstel”, m.a.w. waar voorgestel word dat die voorstel nie aanvaar word nie (of die inhoud daarvan nie uitgevoer word nie), word nie toegelaat nie, omdat die lede bloot teen die voorstel kan stem, as hul sodanig daaroor voel.

A5.5 As twee of meer lede om ’n spreekbeurt vra, bepaal die voorsitter die spreekbeurte. Geen lid mag meer as twee maal oor ’n tema praat nie, en op ’n sinode slegs een keer. In die bespreking wend elke lid hom tot die voorsitter (met “broer voorsitter” of “geagte voorsitter”) en geen dialoog word tussen lede gevoer nie. Elke lid onthou hom van alles wat met die waardigheid van ’n kerkvergadering in stryd is, en die voorsitter mag hieroor ’n lid berispe of andersins bestraf. Die voorsteller het, na die debat afgesluit is, die reg om repliek te lewer, en dan kan die voorsitter reël dat ’n besluit geneem word.

A5.6 Enige lid kan te enige tyd ’n ordemosie (of ’n punt van orde) indien. Dit behels dat ’n lid die voorsitter se aandag wil vestig op ’n afwyking van die vergader reëls, bv. waar lede onderling begin praat, waar van die agenda afgewyk word, waar ’n spreekbeurt verby geag behoort te word, of waar die goeie orde andersins versteur word. Die voorsitter beslis oor elke punt van orde en sy beslissing is finaal.

Bepaling A6 - Besluitneming

Algemeen

A6.1 Dit is die voorsitter se taak om die debat te beëindig en om die voorstelle en amendemente tot beslissing te bring. Dit doen hy nadat hy seker gemaak het dat almal wat wou, ’n regverdige en billike kans tot deelname gehad het. Die voorsitter kan ook, voordat daar tot stemming oorgegaan word, die verskillende voorstelle wat dien weer afsonderlik noem sodat daar geen misverstand is nie.

A6.2 Oor elke voorstel moet afsonderlik vir en teen gestem word. Gewoonlik word die laaste amendement wat voorgestel is eerste ter beslissing gelê. As dit aanvaar word, verval die ander voorstelle en amendemente en word daar nie verder gestem nie. As dit nie aanvaar word nie, word terugwerkend oor die amendemente gestem tot by die oorspronklike voorstel.

A6.3 Stemming vind plaas deur die opsteek van hande, behalwe by die verkiesing van amptenare, waar per geslote stembrief gestem word, of waar ’n lid ’n geheime stemming oor ’n saak aanvra. Elke lid het die reg om sonder of met ’n saaklike opgaaf van redes te laat notuleer dat hy teen ’n bepaalde voorstel of amendement gestem het, of dat hy afwesig was toe ’n bepaalde besluit geneem is. Persone wat die vergadering met adviserende stem bywoon, het die reg om aan die bespreking deel te neem, maar mag nie stem nie. Omdat aanvaar word dat ’n mens vir oortuiging vatbaar is, mag die voorsteller van ’n mosie ook teen sy eie voorstel stem.

A6.4 ’n Volstrekte meerderheid van stemme, m.a.w. die helfte van die teenwoordige lede plus minstens een is nodig om ’n voorstel te aanvaar. By grondwet wysigings, appèl- en tugsake vereis egter ’n twee-derde meerderheid nodig.

A6.5 Geen lid mag sonder toestemming van die vergadering buite stemming bly nie.

A6.6 Waar die stemme staak, het die voorsitter ’n beslissende stem. Die voorsitter is egter nie verplig om sy beslissende stem uit te bring nie. In so ’n geval, waar stemme staak, is die voorstel verwerp. Die voorsitter

kan hierdie opsie uitoefen as hy bemerk dat daar diep verdeeldheid oor 'n saak heers, en hy dit in wysheid wil uitstel tot na verdere inligting, oordenking of gebed. Hy moet dit dan ook so aan die vergadering stel.

A6.7 Die uitslag van elke stemming moet duidelik aan die vergadering genoem word.

A6.8 Geen liggaam van die kerk, hetsy raad, kommissie, bestuur, kerkraad of gemeente, mag enige besluit, bepaling, regulasie of prosedure aanneem of bekragtig waarvan homoseksuele, lesbiese of biseksuele oriëntasie, verhoudings, gedrag of praktyke die basis of tema uitmaak, as net die sinode van die kerk en sy spesifiek gemandateerde liggame nie.

Bepaling A7 - Revisie van 'n besluit

Kerkraad

A7.1 'n Kerkraadsbesluit kan in revisie geneem word, m.a.w. 'n vorige besluit kan weer onder oë geneem word met die oog daarop om dit te wysig of nietig gemaak word, in die geval dat:

A7.1.1 die vergadering dit onbestrede so aanvaar, of

A7.1.2 'n agenda vooraf gesirkuleer is, met die toepaslike besonderhede van die voorgenome revisie.

Ring/Sinode

A7.2 By 'n ring of sinode kan besluite ook in revisie geneem word, in die geval dat:

A7.2.1 die vergadering dit so aanvaar;

A7.2.2 'n agenda vooraf gesirkuleer is, met die toepaslike besonderhede van die voorgenome revisie, of

A7.2.3 kennis gegee is by 'n vorige vergadering dat so 'n revisie onderneem sal word by 'n komende geleentheid.

Algemeen

A7.3 Gewoonlik staan die vergadering by sy besluit en is dit nie nodig om vorige besluite ongedaan te maak nie. Selfs waar dit gedoen word, aanvaar die vergadering steeds wettiglik verantwoordelikheid vir die gevolge van sy eerste besluit, tot en met die besluit gewysig is. Alle besluite moet dus met die nodige erns en oorweging gemaak word.

Bepaling A8 - Notule

Kerkraad

A8.1 Die notule van die kerkraad word op die volgende vergadering voorgelees, of waar dit vooraf gesirkuleer is, as gelese beskou (op voorstel en sekondering), goedgekeur en deur alle lede wat teenwoordig is onderteken.

Ring

A8.2 Die notule van die ring word verkieslik aan die einde van die sitting voorgelees, goedgekeur en onderteken, of so nie by die volgende vergadering. Lede wat die ring virtueel bywoon het, se goedkeuring moet ook (in die aanlyn vergadering) aangehoor en aangeteken word by die handtekeninge as 'n skedule soos volg:
<u>Goedkeuring virtueel verleen:</u>
Oudl. J. Botha (Kuilsrivier), ens.

Sinode

A8.3 By sinodesittings word die vorige dag se notule voor elke sitting gelees, goedgekeur en deur die Moderatuur onderteken. Voor die afsluiting van die sinode teken al die lede die notule.

A8.3.1 Die sinodale notule kan skriftelik of elektronies afgeneem word, maar moet in die gedrukte formaat goedgekeur en onderteken word.

A8.3.2 Alle regstellings moet tydens die sinodesitting aangebring word, sodat die notule finaal aanvaar kan word voor die sinode verdaag.

A8.3.3 Lede wat die sinode virtueel bygewoon het, se goedkeuring moet ook (in die aanlyn vergadering) aangehoor en aangeteken word by die handtekeninge as 'n skedule soos volg:
<u>Goedkeuring virtueel verleen:</u>
Oudl. B. Alexander (Vereeniging)
Oudl. C. Zaaiman (Parow), ens.

Bepaling A9 - Afsluiting

A9.1 Indien die agenda nie ten volle afgehandel kon word nie, kan die voorsitter, in oorleg met die vergadering, die sitting verdaag om dit later te hervat en af te handel.

A9.2 Elke kerkvergadering word afgesluit met danksegging.

Bepaling A10 - Formaat

A10.1 Voorkeur word gegee aan vergaderings waarin lede fisiek teenwoordig is, omdat dit meer effektief is en

beter gestalte gee aan die liggaam van Christus. Indien nodig kan daar egter ook virtueel vergader word, of gekombineerd (fisiek en virtueel). As laaste opsie kan kort of roetine vergaderings per e-pos konstitueer en hul agendas afhandel.

A10.2 In alle formate moet seker gemaak word dat vergaderings behoorlik konstitueer, dat die regte en pligte van lede onderhou word en dat die bepalings van hierdie reglement nagekom word.

Reglement B
REGLEMENT VIR VERKIESINGS

Sien ook Reglement A vir verdere bepalings oor die hou van vergaderings.
Sien ook Reglement C vir verdere bepalings oor die beroeping van leraars.

Bepaling B1 - Ampsdraers

B1.1 Leraars van die kerk word nie tot hul arbeid verkies nie, maar daarheen beroep. Waar leraars egter in kommissies moet dien, word hul daartoe verkies. Vir sommige kommissies, bv. die Moderatuur en Sinodale Kommissie vind die verkiesing per geslote stembrief plaas.

B1.2 Ouderlinge en diakens word vir die kerkraad per geslote stembrief verkies. Waar hul in kerklike kommissies moet dien, word hul egter gewoonweg daartoe verkies.

B1.3 Waar ’n lid ’n geheime stemming oor enige kommissie of die verkiesing van enige persoon aanvra, moet daaraan gehoor gegee word.

Bepaling B2 - Groslys

B2.1 Waar per geslote stembrief verkies moet word, word ’n groslys opgestel deurdat stemgeregtigde lede een naam van hul keuse, per vakature, op ’n stembrief inhandig. Die voorsitter lees elke nuwe naam wat so genomineer is hardop voor en hy of die skriba skryf dit neer. Hierdie lys van name is die groslys en hieruit sal die ampsdraers gekies word.

B2.2 Die voorsitter moet seker maak dat die name korrek van mekaar onderskei word, bv. waar genomineerdes dieselfde van het deur ’n naam of voorletters by te voeg. Waar ’n stembrief nie die aanduiding gee nie, nie leesbaar is nie of ’n ontoelaatbare kandidaat bevat, is dit ’n bedorwe brief en word geïgnoreer.

B2.3 Waar ’n geheime stemming nie vereis word nie, word ’n groslys saamgestel deurdat stemgeregtigdes bloot name hardop nomineer.

B2.4 Die voorsitter lees die groslys en maak seker dat almal die name gehoor het. Slegs name wat op hierdie groslys verskyn is verkiesbaar vir die pos en alle ander name wat verder op stembriefies verskyn is ontoelaatbaar en bedorwe. ’n Genomineerde het die reg om te sê dat hy nie beskikbaar is vir die spesifieke pos nie.

B2.5 Die kerkraad, ring of sinode kan hul bedien van ’n Kommissie van Advies wat voorstelle voorlê vir die samestelling van ander kommissies. In so ’n geval kan daar bloot gevra word of daar enige verdere nominasies is (as wat die Kommissie van Advies voorgestel het) vir die kommissies soos dit aan die orde kom. Dan kan die Kommissie van Advies se voorstel in sy geheel deur die vergadering aanvaar word. Indien daar verdere nominasies is, moet die ook op die groslys geplaas word en soos normaal oor al die lede gestem word.

Bepaling B3 - Stemming

B3.1 ’n Volstrekte meerderheid, m.a.w. die helfte van die stemme plus minstens een is nodig om ’n persoon te verkies.

B3.2 Waar per geslote stembrief verkies moet word, stem lede deur soveel name op ’n stembrief aan te bring as wat daar vakatures of poste is, en dit in te handig. Die voorsitter moet in die verband leiding gee sodat daar geen misverstand is nie. Daar moet seker gemaak word dat elke een wel met ’n volstrekte meerderheid verkies is, anders was die verkiesing van so ’n lid ongeldig. Dit is veiliger om kommissielede een vir een te kies.

B3.3 Die name op die stembriewe word een vir een hardop voorgelees en aangeteken. Die skriba en die voorsitter kontroleer die aantal stemme vir elke kandidaat.

B3.4 Waar ’n geheime stemming nie vereis word nie, stem lede bloot deur die opsteek van hande as die voorsitter die name op die groslys aflees, waarby die stemme wat elke lid getrek het, aangeteken word.

B3.5 Waar daar meer as twee kandidate is, word die een met die minste stemme telkens verwerp en weer gestem totdat een lid ’n volstrekte meerderheid behaal het.

B3.6 Waar die stemme staak is dit gebruiklik vir die voorsitter om nie sy beslissende stem uit te oefen nie, maar word oor die saak gebid en die lot gewerp om te beslis wie gaan dien. Die lot moet slegs gebruik word waar die saak dit regverdig.

Bepaling B4 - Bekendmaking

B4.1 Die voorsitter maak bekend wie verkies is en moet ook meld hoeveel stemme elke kandidaat getrek het.

B4.2 Verkiesing van lede is dikwels sensitief van aard en die voorsitter moet die saak met alle waardigheid en takt hanteer.

Reglement C
REGLEMENT VIR BEROEPING

Sien ook Bepaling 3.3 vir die omruiling van standplase, die losmaking van 'n vorige gemeente en die bevestiging van 'n leraar in 'n nuwe gemeente.
Sien ook Reglement A vir verdere bepalings oor die hou van vergaderings.

Bepaling C1 - Wie beroep?

Kerkraad

C1.1 Die beroeping van leraars vir gemeentelike diens geskied deur die gekombineerde kerkraadsvergadering. Die gekombineerde vergadering bestaan uit dienende sowel as rustende lede. Rustende lede is kerkraadslede wat in die verlede gedien het en tans in die gemeente lidmate is.

C1.2 As twee of meer gemeentes ooreenkom om saam 'n leraar te beroep vir 'n gegewe opdrag, word die beroep deur 'n kieskollege uitgebring wat bestaan uit die kerkrade van die betrokke gemeentes wat saam vergader, nadat daar vooraf 'n kontrak opgestel is waarin onder ander bepaal word watter deel van die lewensonderhoud van die leraar deur elke gemeente gedra word, in watter gemeente hy as leraar bevestig sal word, en wat sy spesifieke opdrag sal wees.

Ring/Sinode

C1.3 'n Leraar kan ook beroep word deur die ring of sinode, of deur 'n kommissie van die ring of sinode. As sulks staan hy in diens van die betrokke liggaam, gewoonlik met spesifieke opdrag, bv. sending, evangelisasie, jeugwerk, kinderwerk, teologiese opleiding, ens.

Bepaling C2 - Wie is beroepbaar?

C2.1 Slegs diensdoende leraars en proponente van die Christelike Gereformeerde Kerk en wat benede die ouderdom van 65 jaar is, is beroepbaar. Die volledige beroepslys is van die Scriba Synodi of Actuarius Synodi beskikbaar. Die voorsitter moet die vergadering voor die beroeping van die beskikbare kandidate in kennis stel.

C2.2 Indien 'n leraar minder as twee jaar in sy huidige gemeente staan, en hy aanvaar 'n beroep, moet die beroepende kerkraad werklike onkostes vir die vorige beroeping pro rata aan die huidige gemeente terug betaal.

C2.3 Leraars of proponente van wie die beroep na 'n bepaalde gemeente ongeldig verklaar is op grond van ongerymdhede met die beroeping, is nie weer beskikbaar vir beroeping tydens dieselfde vakature nie.

C2.4 Geen leraar of proponent wat 'n beroep na 'n bepaalde gemeente bedank het, is weer beskikbaar vir beroeping tydens dieselfde vakature nie.

Bepaling C3 - Die beroepsvergadering

C3.1 Waar 'n gemeente vakant is, word die vergadering gelei deur die konsulent wat deur die ring vir daardie gemeente aangestel is.

C3.2 As dit blyk dat daar oor die kwessie van beroeping onder die kerkraadslede (of kommissielede) ernstige meningsverskille is, kan die vergadering uitgestel word met die versoek dat almal die aangesig van die Here en sy leiding sal soek. Dieselfde versoek kan gerig word waar gestem word en geen leraar 'n meerderheidstem kry nie. 'n Gemeente kan egter 'n beroep nie onbepaald uitstel nie en moet na ses maande toestemming vir uitstel van die ring ontvang.

C3.3 Die vergadering kan onder leiding van die voorsitter voor die stemming oor kandidate besin en ook persoonlik met hulle in gesprek tree. Die voorsitter moet egter streng toesien dat niemand sy voor- of afkeure teenoor of oor 'n kandidaat uitspreek nie en dat so 'n besinning slegs dien om persoonlike en agtergrondsinligting in te samel.

C3.4 Kerkrade kan in die geval van 'n vakature hulle laat bedien van die Sinodale Kommissie met betrekking tot kandidate se gawes en beskikbaarheid vir sodanige beroep en/of kerkrade kan ook 'n vakature adverteer in die amptelike orgaan, waarna hulle met kandidate in gesprek kan tree soos in die bg. geval.

C3.5 In die geval waar die Sinodale Kommissie besluit dat 'n gemeente se voortbestaan deur die vakante pos en die proses van beroeping nadelig beïnvloed sal word, kan die Sinodale Kommissie, in samewerking met die ring, by die proses van beroeping of plasing betrokke raak. Sodanige betrokkenheid sal behels die opstelling van 'n gemeentelike profiel, die bepaling van 'n finansiële en strategiese plan en die vind van 'n geskikte kandidaat in samewerking met die kerkraad.

Bepaling C4 - Die Beroeping

C4.1 'n Groslys word per geslote stembrief opgestel uit al die beskikbare beroepbare kandidate. Dit word deur

die voorsitter en skriba gekontroleer en bekendgemaak.

C4.2 Een kandidaat uit die groslys word per geslote stembrief gekies. Die voorsitter en skriba kontroleer die aantal stemme en kondig aan hoeveel stemme elke kandidaat getrek het. Die kandidaat met ’n volstrekte meerderheid (d.w.s. die helfte van die stemgeregtigde lede teenwoordig plus minstens een) is gekies.

C4.3 Waar geen kandidaat met die eerste verkiesing ’n volstrekte meerderheid behaal nie, word die kandidaat met die minste stemme van die groslys verwyder en word daar weer gestem. Hierdie proses word herhaal totdat een kandidaat ’n volstrekte meerderheid het.

C4.4 Sodra een persoon wettiglik gekies is, verklaar die voorsitter die kandidaat as beroep en kan die besluit nie verander word nie.

C4.5 Die vergadering voltooi die relevante beroepsooreenkoms volgens die voorskrif en onderteken dit.

C4.6 ’n Kopie van die voltooide beroepsooreenkoms word deel van die betrokke vergadering se notule, hetsy uitgeskryf, in duplikaat ingevul of gefotostateer.

Bepaling C5 - Die volgende beroepsvergadering

Kerkraad

C5.1 ’n Kerkraad het die reg om by die uitbring van ’n beroep reeds die datum van ’n volgende beroepsvergadering te bepaal, in die geval dat die beroepene die beroep nie aanneem nie. Van sodanige vergadering hoef daar slegs een Sondag kennis gegee te word, gelyktydig met die afkondiging dat die vorige beroep nie aanvaar is nie.

Ring/Sinode/Kommissie

C5.2 Waar ’n ander vergadering as ’n kerkraad ’n beroep wil uitbring, kan hul provisioneel die volgende vergadering belê, in die geval dat die beroep nie aangeneem word nie, sonder dat daar verder weer kennisgewing van die vergadering vereis word.

Bepaling C6 - Kennisgewing van die beroep

C6.1 Die doel van die kennisgewing van ’n beroep is om goedkeuring deur konsensus te verkry, om die geleentheid vir wettige beswaar teen die beroep te skep en om die beroepene kans te gee om oor die beroep te bid en leiding te soek.

C6.2 Die voorsitter van die beroepende vergadering gee kennis aan die beroepe leraar van die beroep. Dit geskied so gou as moontlik na die besluit en hy sorg dat hy dit eerste, persoonlik of telefonies doen en dat lede in hierdie opsig met hom saamwerk.

C6.3 Die voorsitter stuur ook berig van die beroep na die amptelike orgaan, asook later van die aanvaarding/ afwysing daarvan. In die geval dat ’n ring, sinode of kommissie die beroep uitgebring het, moet ‘n spesiale uitgawe van die amptelike orgaan gepubliseer word om kennis te gee van die beroep. Die kennisgewing tyd beloop twee weke na publikasie.

C6.4 By ’n kerkraad wat beroep, moet die voorsitter toesien dat die beroep in die beroepende gemeente van die kansel afgekondig word tydens die eerskomende twee Sondae. Die beroepene moet toesien dat sy beroep ook in sy tuisgemeente afgekondig word.

C6.5 Indien daar tydens die kennisgewing tyd geen wettige beswaar teen die beroep ingekom het nie, stuur die voorsitter so spoedig moontlik daarna die voltooide beroepsooreenkoms, of oorhandig dit, aan die beroepene.

Bepaling C7 - Besware teen die beroep

C7.1 Enige belydende lidmaat van ’n beroepende gemeente wat nie onder sensuur is nie, het die reg om tot die aand van die dag van die tweede afkondiging van ’n beroep ‘n skriftelike beswaar met opgaaf van redes by die kerkraad in te dien.

C7.2 Waar ’n vergadering anders as ’n kerkraad ’n beroep uitgebring het, mag enige lid van die sodanige vergadering en enige leraar van die kerk tot en met twee weke na die publikasie van die beroep in ’n spesiale uitgawe van die amptelike orgaan daarteenoor skriftelike beswaar aanteken, met opgaaf van redes, by die sodanige vergadering wat beroep het.

C7.3 Beswaar kan ook gemaak word deur die kerklike instansie wat die beroep moet goedkeur, hetsy voorsitter, konsulent, ring of sinode of kommissie daarvan, wat ook kan weier om op grond daarvan die beroep goed te keur.

C7.4 Wettige beswaar teen ’n beroep kan slegs behels dat:

C7.4.1 daar onreëlmatigheid was in die uitbring van die beroep, of dat

C7.4.2 daar bepaalde klagtes teen die leer of lewe van die beroepene bestaan.

C7.5 Waar ’n kerkraad ’n beswaar teen ’n beroep ontvang, word dit dadelik na die Ringskommissie verwys wat die beswaar in behandeling neem. As dit ’n beswaar is ingevolge die beroepsprosedure, stel die Ringskommissie ondersoek in en laat weet die kerkraad van sy beslissing. As dit ’n beswaar is t.o.v. die

beroepene se leer of lewe, en die beroepene behoort tot ’n ander ring, tree die Ringskommissie wat die saak hanteer met die ring onder wie se opsig en tug die beroepene val in aanraking, en vergewis hulle van die aantyging. As dit nie gegrond blyk te wees nie, verval die beswaar en word die kerkraad ingelig dat met die beroep voortgegaan kan word. Blyk dit egter gegrond te wees, word die hele ring opgeroep om te besluit of die beroep as vervalle beskou behoort te word. Word so besluit, verval die beroep en word die saak in die hande gestel van die ring onder wie die beroepene ressorteer om verder daarmee te handel.

C7.6 Waar ’n vergadering anders as ’n kerkraad ’n beswaar teen ’n beroep ontvang het, word dit verwys na die Sinodale Kommissie vir hantering. Die Sinodale Kommissie kan met die nodige ringe, ens. skakel om die klagte te ondersoek en lewer verslag van hulle beslissing aan die betrokke vergadering.

C7.7 Waar ’n kerkraad of vergadering berig ontvang het dat ’n beroep as vervalle beskou moet word, gaan die betrokke vergadering voort om iemand anders te beroep.

Bepaling C8 - Antwoord op die beroep

C8.1 Die beroepene moet binne een week nadat hy die beroepsooreenkoms ontvang het, skriftelik antwoord.

C8.2 By aanvaarding van die beroep vul hy die betrokke deel van die beroepsooreenkoms wat hy ontvang het in, onderteken dit met twee mondige getuies en stuur die beroepsooreenkoms terug.

C8.3 Waar hy die beroep nie aanvaar nie, haal hy die betrokke gedeelte deur en stuur die beroepsooreenkoms onvoltooid terug.

C8.4 Eers daarna mag hy bekend maak dat hy die beroep aanvaar of afgewys het.

Bepaling C9 - Kerklike goedkeuring

C9.1 By die ontvangs van die getekende beroepsooreenkoms, moet die voorsitter van die beroepende vergadering die beroep kerklik goedgekeur kry.

C9.2 Goedkeuring behels vir ’n kerkraad dat die beroepsooreenkoms na die Ringskommissie gestuur word vir voltooiing van die betrokke gedeelte. Die beroepsooreenkoms moet gepaard gaan met ’n verklaring dat die beroeping kerkregtelik en sonder wettige beswaar geskied het.

C9.3 Goedkeuring behels vir ’n vergadering anders as ’n kerkraad dat die beroepsooreenkoms na die Sinodale Kommissie gestuur word vir voltooiing van die betrokke gedeelte. Die beroepsooreenkoms moet ook gepaard gaan met ’n verklaring dat die beroeping kerkregtelik en sonder wettige beswaar geskied het. Dit geld vir ringe, ringskommissies en sinodale kommissies. Waar die Sinodale Kommissie self ’n beroep uitgebring het word nie verdere goedkeuring benodig nie.

Reglement D
REGLEMENT VIR ONDERSOEKE

Sien ook Artikel 11 vir die basisse waarop die kerkregtelike tug berus.
Sien ook Reglement A vir verdere bepalings oor die hou van vergaderings.

Bepaling D1 - Die Informele Ondersoek

D1.1 Dit is die plig van die kerkraad, ring, Sinodale Kommissie of ander kerklike vergadering, en van die lede van sulke vergaderings, om kennis te neem van nadelige gerugte, besware, klagtes en verskille in die kerk en dit soos nodig, te probeer oplos.

D1.2 Die voorsitter van die vergadering, of iemand deur hom aangewys, tree met die betrokkenes in gesprek en probeer om die partye tot versoening te bring, of om die saak op te los. Die doel van die informele ondersoek is om die saak so vroeg as moontlik op te los, met so min as moontlik mense betrokke.

D1.3 Indien hierdie pogings nie slaag nie en dit nodig geag word, of waar ’n klag skriftelik en formeel gelê word, word die saak onder die betrokke vergadering se aandag gebring vir ’n formele ondersoek.

Bepaling D2 - Die Formele Klag

D2.1 Alle klagtes teen lidmate of ampsdraers moet skriftelik en onderteken by die voorsitter van die vergadering ingehandig word deur ’n lidmaat van die kerk wat nie onder sensuur is nie. Nie-lidmate mag as klaers optree waar dit oor die lewenswandel van lidmate en ampsdraers gaan, maar nie oor die uitvoering van ampsdraers se pligte nie.

D2.2 Alle klagtes wat aangemeld word vir ondersoek, moet binne die jurisdiksie van die betrokke vergadering val, soos bedoel by Artikel 11.2, of moet as die gevolg van ’n appèl teen die beslissing van ’n mindere vergadering wees.

D2.3 Waar ’n gerug ondersoek word, moet diegene wat ondersoek doen besluit of ’n klag gelê moet word, waarsonder daar nie formeel opgetree kan word nie.

Bepaling D3 - Die Kommissie van Ondersoek

D3.1 Die vergadering kan, waar dit nodig blyk, ’n Kommissie van Ondersoek saamstel wat bestaan uit minstens een ouderling of leraar, en in die geval van ’n kerkraad, minstens twee ouderlinge om namens die vergadering die saak te ondersoek en daaroor verslag te doen.

D3.2 Die Kommissie van Ondersoek werk volgens en moet voldoen aan die kriteria vir ’n ondersoek soos uitgespel by Bepaling D4.

D3.3 Die Kommissie van Ondersoek, ondersoek die saak deur met die betrokkenes in gesprek te tree, alle relevante inligting in te samel, die geskil te probeer besleg of die saak op te los, alle besluite en handelinge te notuleer en aan die vergadering terug te rapporteer.

D3.4 Waar die Kommissie van Ondersoek suksesvol was in die afhandeling van die saak, word die ondersoek daarmee gestaak. Waar dit egter onsuksesvol was, of waar die vergadering in die eerste plek nie eers ’n Kommissie van Ondersoek afgevaardig het nie, word die saak deur die volle vergadering opgeneem, hetsy kerkraad, ring, Sinodale Kommissie of ander kerklike vergadering.

Bepaling D4 - Die Formele Ondersoek

D4.1 Vir ’n formele ondersoek word al die lede van die betrokke vergadering of kommissie en die betrokke partye, saam met enige moontlike getuies opgeroep om die saak te beredeneer.

Kennisgewing van die vergadering

D4.2 Die klaer en aangeklaagde word vooraf kennis gegee om voor die vergadering te verskyn, met toesending van die besondere klag, sodat daar billike tyd kan wees vir voorbereiding.

D4.3 Die kennisgewing tyd van tugondersoeke is in alle gevalle minstens drie weke, maar as die ondersoek eers begin het, kan die vergadering verdere geleenthede met almal se konsensus op korter kennisgewing reël. Waar daar nie konsensus is nie, moet drie weke kennis gegee word.

Kworum en Konstituering

D4.4 Die ondersoek is ’n kerklike vergadering en moet plaasvind volgens die bepalings van die betrokke reglement. Vir die doel van ’n ondersoek is die kworum van ’n kerkraadsvergadering ’n volstrekte meerderheid, en van ‘n ring- of sinodesitting is dit twee-derdes van die lede.

D4.5 Voor die vergadering wettig kan konstitueer, suiwer die voorsitter die vergadering van alle eerste graad familielede (ouers, broers, susters, kinders) en tweede graad familielede (grootouers, ooms, tantes, broers-/susterskinders, skoonfamilie, kleinkinders), asook almal wat by die saak belang het, of direk daarby betrokke is. Hierdie lede het geen sittingsreg totdat die ondersoek afgehandel en finale uitspraak gelewer is

nie. Indien die vergadering na so 'n suiwering nie meer 'n kworum vorm nie, word rustende lede opgeroep (die wat laaste gedien het eerste) totdat daar 'n kworum bestaan. As dit onmoontlik is, word die saak na 'n meerdere vergadering verwys.

D4.6 Lede van 'n vergadering wat 'n gerug of klag ampshalwe onder die aandag van die vergadering gebring het, asook diegene wat betrokke was by informele versoenings pogings of by 'n Kommissie van Ondersoek het ook sitting op die vergadering, maar as 'n lid ook die klaer as sodanig is, het hy nie ook sitting om daaroor te beslis nie.

D4.7 'n Lid wat by die aanvang van 'n ondersoek sitting neem, bly lid van daardie vergadering totdat die ondersoek afgehandel is, m.a.w. geen nuwe lede word toegelaat as diegene wat die saak van die begin af gehoor het nie. Waar 'n lid noodgedwonge afwesig moet wees, verloor hy sittingsreg vir die verdere duur van die saak. Hy mag nie vervang word nie, en ampsdraers wat intussen in hul ampte bevestig word het nie sitting vir die doel van so 'n ondersoek nie.

Die ondersoek van die klag of gerug

D4.8 Die vergadering gee aan elkeen wat opgeroep word, klaer, aangeklaagde en getuies, billike geleentheid om sy saak te stel en om alle nodige lig op die saak te werp. Geen party mag van 'n pleitbesorger gebruik maak nie, maar stel selfs sy saak.

D4.9 'n Party mag getuies roep om sy saak te ondersteun. Wanneer een getuie getuig, moet die ander afwesig wees. Elke lid van die vergadering, asook die klaer en aangeklaagde het die reg om 'n getuie te ondervra. Die vergadering het die reg om 'n waarheids belofte van enige getuie te eis om sy getuienis te ondersteun.

D4.10 Alle getuienis word genotuleer, en waar dit 'n baie ernstige saak is, mag die getuienis op oudio- of videoband opgeneem word, met die kennisgewing daarvan aan elke party en getuie.

D4.11 Waar 'n aangeklaagde sonder rede nie verskyn nie, word die saak in sy afwesigheid aangehoor en word daaroor beslis. Waar die klaer, aangeklaagde of getuie met aanvaarbare verskoning nie kan verskyn nie, word die ondersoek uitgestel totdat die persone kan verskyn.

D4.12 Indien 'n lidmaat uit die gemeente vertrek het nadat 'n klag aanhangig gemaak is, maar voordat daaroor beslis is, word die saak in sy afwesigheid aangehoor en word daaroor beslis, met volle notulering. Indien moontlik word die uitslag per geregistreerde pos aan die aangeklaagde gestuur. Indien 'n aangeklaagde na 'n ander gemeente van die kerk verhuis, word afskrifte van die saak, met die beslissing, na daardie kerkraad gestuur. So 'n lidmaat ontvang nie 'n attestaat nie.

D4.13 Waar 'n lidmaat voor die vergadering 'n tugwaardige sonde skriftelik bely of erken, hoef hy nie te verskyn nie, maar kan die vergadering na gelang van omstandighede tug op hom toepas en hom van die beslissing in kennis stel.

D4.14 Waar 'n aangeklaagde weier om te verskyn, verval sy lidmaatskap outomaties.

D4.15 Die wyse en verloop van die ondersoek berus by die vergadering self, en hulle kan die aanhoor- en besluit prosedure reël, die vergadering te enige tyd verdaag of uitstel of die saak as afgehandel reël, terwyl hulle in alles redelik en billik optree.

Bepaling D5 - Die Beslissing

D5.1 Nadat beide kante aangehoor is, verlaat die klaer en aangeklaagde die vergadering. Na deeglike oorweging van al die gegewens doen die vergadering uitspraak of behou uitspraak voor, hangende verdere getuienis, ondersoek, of inwin van advies.

D5.2 Die beslissing van die vergadering moet met 'n twee-derde meerderheid geneem word.

D5.3 Die vergadering kan die aangeklaagde onskuldig bevind, of tug toepas soos bedoel in Artikel 11.4.

D5.4 Die beslissing word genotuleer, en aan die klaer en aangeklaagde bekendgemaak. Waar die aangeklaagde dit verlang, word 'n afskrif van die beslissing aan hom besorg.

Bepaling D6 - Bepalings vir die ring

Sake wat deur die ring ondersoek word

D6.1 'n Belydende lidmaat, of kerkvergadering wat hom deur 'n beslissing deur 'n kerkraad veronreg voel, of meen dat die beslissing in stryd was met die Skrif of belydenis of grondwet, mag binne 3 weke nadat die betrokkenes die besluit van die kerkraad ontvang het, skriftelik by die skriba van die ring appèl aanteken, met volledige redes en alle relevante inligting, en met mede kennisgewing aan die skriba van die betrokke kerkraad.

D6.2 As eerste instansie neem die ring geskille tussen kerkraadslede, kerkrade en leraars, leraars en leraars, kerkrade en kerkrade, kerkrade en kerkraadskommissies, en kerkrade (of kommissies) en lidmate in behandeling.

D6.3 As die ring of Ringskommissie merk dat 'n kerkraad geen ag gee op wantoestande wat daar bestaan nie, of dat 'n beswaar wat onder die aandag van die kerkraad gebring word, nie behoorlik ondersoek word nie, vra die ring inligting daaroor van die kerkraad aan en spoor die kerkraad aan om daarmee te handel. Wanneer

die saak steeds vertraag word, en die ring vind dit nodig, neem die ring self die saak ter hand en loods 'n ondersoek soos nodig.

Die hantering van 'n ringsondersoek:

D6.4 Waar 'n appèl aangeteken word, erken die skriba van die ring ontvangs van die appèl, vra alle betrokke stukke van die kerkraad aan en roep die Ringskommissie op om daaroor te beslis.

D6.5 In alle gevalle tree die Ringskommissie eers op as 'n Kommissie van Ondersoek volgens die bedoeling van Bepaling D3, en los die saak op, of waar dit nie moontlik is nie, verwys dit vir beoordeling na die volle ring.

D6.6 Die Ringskommissie kan, soos dit nodig blyk, 'n ampsdraer voorlopig in sy amp stuit, maar dan met die oproeping van die volle ring om dit te bevestig of te wysig. Die Ringskommissie as sulks lê nie tug op nie, maar verwys die saak in tugwaardige gevalle na die volle ring.

D6.7 Die Ringskommissie kan ook, as hy dit so vind, die klag van die hand wys, met die nodige kennisgewing aan die betrokkenes, in welke geval

D6.7.1 die Ringskommissie daaroor verslag moet doen by die volgende gewone of buitengewone sitting van die ring, en

D6.7.2 die klaer of appellant die reg het om hom binne drie weke op die ring te beroep.

D6.8 Waar die ring opgeroep word om 'n saak te verhoor, word drie weke kennis gegee, en word die saak aangehoor soos bedoel by Bepaling D4 en word beslissing gelewer.

D6.9 Die ring, so-ook die Ringskommissie, mag nie in gevalle van ondersoek enige familielede insluit nie, en die lede wat met die ondersoek begin het, moet deurgaans die lede van die vergadering bly, soos bedoel by Bepaling D4. Kerkraadslede wat reeds met die saak gemoeid was, mag nie in 'n ringshoedanigheid weer by die saak betrokke wees nie.

Bepaling D7 - Bepalings vir die sinode

Sake wat deur die sinode ondersoek word

D7.1 'n Belydende lidmaat, of kerkvergadering wat hom deur 'n beslissing deur 'n ring of 'n sinodale kommissie veronreg voel, of meen dat die beslissing in stryd was met die Skrif of belydenis of grondwet, mag binne 3 weke nadat die betrokkenes sodanige besluit ontvang het, skriftelik by die Scriba Synodi appèl aanteken, met volledige redes en alle relevante inligting, en met mede kennisgewing aan die skriba van die betrokke ring of kommissie.

D7.2 As eerste instansie neem die sinode geskille tussen ringe en tussen sinodale kommissies in behandeling.

D7.3 As die sinode of Sinodale Kommissie merk dat 'n ring geen ag gee nie op wantoestande wat daar na sy mening in die ringsressort of in 'n gemeente of ampsdraer onder sy toesig bestaan, of dat 'n beswaar wat onder die aandag van die ring gebring word, nie behoorlik ondersoek word nie, vra die Sinodale Kommissie inligting daaroor van die ring aan en spoor die ring aan om daarmee te handel. Wanneer die saak steeds vertraag word, en die Sinodale Kommissie vind dit nodig, neem hy self die saak ter hand en loods 'n ondersoek soos nodig.

Die hantering van 'n sinodale ondersoek:

D7.4 'n Buitengewone vergadering van die Sinodale Kommissie word opgeroep om oor die saak te beslis, tensy die Moderatuur oordeel dat die saak kan wag tot by die volgende gewone vergadering, en die appellant daarmee instem.

D7.5 Waar die Sinodale Kommissie die saak ondersoek, geskied dit volgens die bedoelinge van Bepaling D4, met die nodige kennisgewing, suiwering en sluiting van die vergadering, ondersoek na alle gegewens, en beslissing.

D7.6 Die Sinodale Kommissie kan, soos dit nodig blyk, 'n ampsdraer in sy amp stuit of tug soos bedoel by Artikel 11.4.3. Die klaer het drie weke om na die volle sinode te appelleer.

D7.7 'n Buitengewone vergadering van die sinode word opgeroep om oor die appèlsaak te beslis, tensy die Sinodale Kommissie oordeel dat die saak kan wag tot by die volgende gewone sinodesitting, en die appellant daarmee instem.

D7.8 Waar 'n buitengewone sinode byeengeroep word, betaal die appellant die bedrag wat deur die Saakgelastigde as koste waarborg vasgestel is, eers by hom in.

D7.9 Die sinode ondersoek die saak formeel soos bedoel in Bepaling D4 met die nodige kennisgewing, suiwering en sluiting van die vergadering, ondersoek na alle gegewens, en beslissing.

D7.10 Vir die doel van 'n sinodale ondersoek word die vergadering ook gesuiwer van familielede, asook van diegene wat in vorige ondersoeke by die saak betrokke was.

D7.11 Die beslissing van die sinode is finaal.

Bepaling D8 - Algemeen

Die uitdiensstelling van leraars

D8.1 Waar 'n leraar as gevolg van 'n tugondersoek deur die ring uit diens gestel is, word die saak na die Sinodale

Kommissie verwys vir bekragtiging.

D8.2 Die skriba van die ring of Sinodale Kommissie, soos van toepassing, gee van die uitdiensstelling kennis aan die Proponents-eksamenkommissie, die Actuarius Synodi, die Administrateur van die Pensioenfonds en die amptelike orgaan.

D8.3 In die geval van ’n proponent mag sy legitimasie nietig verklaar word deur die ring of sinode met kennisgewing soos hierbo.

Kostes by ’n ondersoek

D8.4 Waar die ondersoek van ’n saak deur die ring of Sinodale Kommissie onvermydelike kostes meebring, dra elke lid sy eie koste, maar die vergadering kan in die verband ’n appèl rig op ’n betrokke kerkraad, die ringsfonds of sinodale fonds. Waar die omstandighede dit regverdig kan die onkoste ook ten laste gelê word van die appellant of die persoon wat skuldig bevind word of in die ongelyk gestel word. Daar mag ook waarborge geëis word van fondse van so ’n persoon waar ’n ondersoek daarop dui dat onkostes aangegaan sal moet word, en hy eventueel daarvoor aanspreeklik gehou kan word. In elke geval beslis die ring of sinode self oor die eis van fondse.

D8.5 Uitgawes word bereken op werklike onkostes aangegaan, en in ooreenstemming met die Sinodale Finansiële Kommissie se riglyne, vir aspekte soos reis, verblyf, en die maak en verspreiding van afskrifte.

Reglement E

REGLEMENT VIR TOELATING EN LEGITIMASIE

Sien ook Bepaling 3.1-3.3 en 3.6 vir verdere bepalings oor leraars.

Bepaling E1 - Toelatingsvereistes

E1.1 Saam met ’n geskrewe aansoek om toelating word vereis:

- E1.1.1 ’n geskrewe verklaring van die motiewe waarom die kandidaat die evangeliebediening as lewensroeping kies;
- E1.1.2 getuienis van goeie sedelike wandel, deur die inlewering van ’n getuigskrif van die predikant of kerkraad onder wie se toesig hy staan;
- E1.1.3 dat die kandidaat die ouderdom van agtien jaar bereik het wat deur die inlewering van ’n doopseel, identiteitsdokument of geboortesertifikaat bewys moet word;
- E1.1.4 bewys van lidmaatskap van die Christelike Gereformeerde Kerk;
- E1.1.5 ’n mediese sertifikaat van goeie gesondheid;
- E1.1.6 bewys van die kandidaat se hoogste akademiese kwalifikasie.

E1.2 Teologiese vereistes vir toelating tot die kerk bediening.

- E1.2.1 Die kerk vereis die volgende minimum kwalifikasies vir verskillende vlakke van bediening in die kerk of wat die Proponentseksamenkommissie ook al as die ekwivalent daarvan beskou.
- E1.2.2 Vir leraars geld die volgende minimum vereistes:
  - E1.2.2.1 ’n Minimum van ses semesterkursusse in elk van die volgende vakke: Bybelkunde, Sistematiese Teologie en Etiek, Praktiese Teologie en Missiologie, mits ’n minimum van agt semesterkursusse gevolg word in ten minste een van die bogenoemde vakke.
  - E1.2.2.2 ’n Minimum van vier semesterkursusse in die Geskiedenis van die Christendom.
  - E1.2.2.3 ’n Minimum van twee semesterkursusse in Kerkreg.
  - E1.2.2.4 Die minimum vereistes van die Proponentseksamenkommissie met betrekking tot praktiese ervaring en bevoegdheid, soos bepaal in oorlegpleging met die Rektor van die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium.

E1.3 Nadat die aansoek volledig ingehandig is, bepaal die Proponentseksamenkommissie hoedanig met die kandidaat gehandel moet word, hetsy die afneem van ’n admissie-eksamen, ’n Colloquium Doctum of andersins.

Bepaling E2 - Admissie-eksamen

E2.1 Die admissie-eksamen word afgeneem van kandidate wat begerig is om teologiese opleiding te ontvang. Die doel is om die kandidaat se geskiktheid tot opleiding en die bediening te beoordeel.

E2.2 Die admissie-eksamen behels die volgende:

- E2.2.1 ’n mondelinge of skriftelike eksamen in die Bybelse geskiedenis;
- E2.2.2 ’n mondelinge of skriftelike ondersoek na die kandidaat se wedergeboorte, persoonlike godsvrug, sedelike gedrag en gehegtheid aan die leer van die kerk en na die kandidaat se roeping en geskiktheid vir die bediening.

E2.3 Die admissie-eksamen vind plaas voor die aanvang van die akademiese jaar waarin die kandidaat met sy teologiese studie wil begin, sodat kandidate wat tot die teologiese opleiding toegelaat word nog betyds vir studie kan inskryf by die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium.

E2.4 Die Skriba van die Proponentseksamenkommissie moet so spoedig moontlik die name van diegene wat tot die teologiese opleiding toegelaat is, in die offisiële orgaan van die kerk aankondig.

E2.5 Wanneer ’n kandidaat na sy toelating nie by die begin van die eerste akademiese jaar sy studie voortsit nie, sal hy geen toegang tot die teologiese opleiding hê nie alvorens hy van nuuts af bewys gelewer het van goeie sedelike gedrag deur die predikant of kerkraad waaronder hy gedurende die tyd sorteer het, asook aanvaarbare redes waarom die opleiding nie onmiddellik voortgesit is nie.

E2.6 Kandidate wat nie tot die teologiese opleiding toegelaat word nie, kan nie eerder as die volgende jaar hereksamineer word nie en dit net langs die voorgeskrewe weg.

Bepaling E3 - Proponentseksamen

E3.1 Die kommissie van eksaminatore sal by die toelating tot die evangeliebediening toesien dat die bepalinge vir teologiese studente gedurende die studietyd nagekom is en ook ’n kerklike eksamen afneem wat bekend staan as die proponentseksamen.

E3.2 Die Proponentseksamenkommissie kan vir hierdie doel tydens ’n student se opleiding ook sy vordering ten opsigte van akademie, persoonlike en geestelike lewe, asook praktiese werk gereeld evalueer, hetsy deur

verslae te ontvang, of onderhoude met studente te voer.

E3.3 Voor die 31ste Oktober van hul finale jaar moet kandidate aanmeld vir die aflegging van die proponentseksamen.

E3.4 Die doel van die eksamen is om sorg te dra dat slegs sulke persone tot die bediening toegelaat word wat die nodige vroomheid, godsvrug, volwassenheid, kennis, regskapenheid, gehegtheid aan die gereformeerde leer soos deur die kerk bely, asook die ampsgawes van ootmoed, welsprekendheid en takt, besit.

E3.5 Die proponentseksamen behels die volgende:

E3.5.1 ondersoek na die kandidaat se kennis, begrip en toepassingsvermoë van die ganse veld van die teologie;

E3.5.2 ondersoek na die kandidaat se praktiese werk en ervaring opgedoen en bediening en gawes;

E3.5.3 ondersoek na die kandidaat se beweegredes en roeping;

E3.5.4 ondersoek na die geskiktheid van die kandidaat om die kerk ooreenkomstig die Formuliere van Enigheid te dien en na die kandidaat se innerlike gehegtheid aan die leer van die kerk en die kandidaat se persoonlike godsvrug en geestelike lewe.

E3.6 Om tot die proponentseksamen toegelaat te word, moet elke kandidaat die volgende voorlê:

E3.6.1 bewys van voltooiing van die sinodaal-voorgeskrewe teologiese opleiding deur die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium en/of ander goedgekeurde instansie;

E3.6.2 die uitslag van sy proefpreek. Met die oog hierop moet die kandidaat minstens ’n maand vooraf ’n proefpreek suksesvol aflê onder toesig van die dosente in Eksegese en Homiletiek;

E3.6.3 bewys van goeie sedelike gedrag, uitgereik deur die inrigting waar die studie voltooi is;

E3.6.4 ’n aanvaarbare kerklike getuigskrif oor leer en lewe;

E3.6.5 bewys van praktiese werk gedoen. Elke student moet tot bevrediging van die Proponentseksamenkommissie praktiese werk in ’n gemeente of gemeentes gedoen het, minstens vier maande.

E3.6.6 die bewys dat die kandidaat die voorgeskrewe eksamen in kerkreg geslaag het.

E3.7 Kandidate wat ’n gedeeltelike teologiese opleiding elders ondergaan het, sal deur die kommissie in oorleg met die professore van die betrokke teologiese inrigting toegelaat word om die deel van hulle teologiese opleiding wat nog ontbreek, aan te vul om te voldoen aan die vereistes van ’n volledige vierjarige kursus om sodoende tot die proponentseksamen toegelaat te word.

E3.8 Die stukke wat vereis word moet minstens ’n maand voor die eksamen by die skriba van die Proponentseksamenkommissie ingedien word. Die skriba sal kennis gee van die dae wat vir die eksamen bepaal is en sorg dat die ingekome stukke by die vergadering van die kommissie ter tafel is.

E3.9 Oor die toelating van kandidate tot die bediening sal by volstrekte meerderheid van stemme, en wel met geslote stembriefies beslis word. Die kandidate word dan by die Actuarius Synodi vir legitimasie aanbeveel.

E3.10 By die besluit tot afwysing sal aan die kandidaat die redes vir sodanige besluit bekend gemaak word, asook die besluit van die eksamenkommissie aangaande wanneer en of ’n kandidaat weer op ’n tyd deur hulle bepaal tot die eksamen toegelaat word, en onder watter voorwaardes. Intussen moet so ’n kandidaat hom van die openbare evangelieprediking onthou.

Bepaling E4 - Colloquium Doctum

E4.1 Kandidate wat van ander kerke na die Christelike Gereformeerde Kerk oorkom, en reeds aanvaarbare teologiese opleiding het, lê nie ’n proponentseksamen af nie, maar ondergaan die Colloquium Doctum. Kandidate van die Christelike Gereformeerde Kerk wat elders studeer het, sal egter nie gelegitimeer word alvorens hulle nie die proponentseksamen afgelê het nie.

E4.2 Kandidate wat vir die Colloquium Doctum wil kwalifiseer, moet die volgende weg volg:

E4.2.1 Hy moet reeds langer as ’n jaar lidmaatskap hê van ’n gemeente van die Christelike Gereformeerde Kerk, met moontlike kondonasie deur die Sinodale Kommissie;

E4.2.2 Hy moet by die ring aansoek doen om ’n aanbeveling om tot die evangeliebediening toegelaat te word. Die ring sal in so ’n geval alle moontlike inligting omtrent die kandidaat inwin van die kerkrade en ringe van die Christelike Gereformeerde Kerk waarin hy woonagtig was voor en sedert hy lidmaat van die Christelike Gereformeerde Kerk geword het, asook van die omstandighede waaronder hy die bediening in sy vorige kerk verlaat het. Die ring moet die kandidaat dan by die sinode of Sinodale Kommissie aanbeveel;

E4.2.3 Die sinode of Sinodale Kommissie moet hierdie aanbeveling bekragtig, en die aangeleentheid verwys na die Proponentseksamenkommissie;

E4.2.4 Die Proponentseksamenkommissie sal beslis of die kandidaat tot aanvullende opleiding toegelaat moet word en, indien wel, ook oor die vereistes van die aanvullende opleiding. So ’n kandidaat word na die teologiese seminarium verwys en sal na voltooiing van sy studies die proponentseksamen aflê.

E4.2.5 Wanneer die kandidaat egter reeds aan alle akademiese vereistes voldoen, sal die kommissie hom tot ’n Colloquium Doctum toelaat.

E4.3 Saam met die aansoek om legitimasie, moet ’n kandidaat die volgende stukke indien:
- E4.3.1 Bewys van goeie sedelike gedrag, deur middel van ’n getuigskrif uitgereik deur bevoegde outoriteite;
- E4.3.2 Bewys van die voltooiing van ’n volledige en aanvaarbare teologiese kursus van minstens vier jaar;
- E4.3.3 Bewys van sy legitimasie of ordinering by sy eersmalige kerkgenootskap.

E4.4 Die Colloquium Doctum is ’n mondelinge of skriftelike ondersoek na ’n kandidaat se wetenskaplike en godgeleerde bekwaamheid en geskiktheid tot die bediening in die Christelike Gereformeerde Kerk. Dit behels besonderlik ook ’n ondersoek na die kandidaat se wedergeboorte, roeping, geestelike lewe, godsvrug, bediening, persoonlikheid, volwassenheid, asook na die gehegtheid aan die leer van die kerk, soos vir by die proponentseksamen.

E4.5 Oor die toelating van die kandidaat tot die bediening sal by volstrekte meerderheid van stemme, en wel met geslote stembriefies beslis word. Die kandidaat word dan by die Actuarius Synodi vir legitimasie aanbeveel.

E4.6 Nadat die Colloquium Doctum tot bevrediging van die Proponentseksamenkommissie afgelê is, moet die betrokke persoon die Formuliere van Enigheid onderteken alvorens hy gelegitimeer kan word.

Bepaling E5 - Legitimasie

E5.1 Ten einde tot die amp van leraar in die kerk gelegitimeer te word, moet alle kandidate óf ’n proponentseksamen óf ’n Colloquium Doctum suksesvol deurgemaak het.

E5.2 Die Proponentseksamenkommissie doen die nodige skriftelike aanbeveling vir legitimasie by die Actuarius Synodi, as leraar.

E5.3 Legitimasie vind plaas by ’n gepaste kerklike geleentheid soos ’n erediens of spesiale byeenkoms, en behels die volgende:
- E5.3.1 die mondelingse aflegging van die Legitimasie-eed deur die kandidaat (die eed word vooraf of agterna onderteken en ’n afskrif word aan die kandidaat gegee);
- E5.3.2 die oorhandiging van die gepaste Akte van Legitimasie, behoorlik voltooi en onderteken, deur die Actuarius Synodi, ’n lid van die Proponentseksamenkommissie, of hul verteenwoordiger

E5.4 Kandidate wat as leraars gelegitimeer is, verkry die titel van proponent en is beroepbaar vanaf die oomblik van hulle legitimasie.

E5.5 Van die uitslag van die eksamen sowel as van die legitimasie moet terstond in die offisiële orgaan van die kerk kennis gegee word.

E5.6 ’n Proponent sal nie geregtig wees om die bondseëls te bedien, die seën uit te spreek of dade van kerklike regering te verrig nie. Hiertoe sal hy eers geregtig wees nadat hy behoorlik beroep en deur handoplegging as leraar in ’n gemeente of pos bevestig is. ’n Proponent sal egter nie beroepbaar wees voor die ouderdom van twee en twintig nie.

Bepaling E6 - Verlies en herstel van status

E6.1 ’n Leraar, proponent of leraar-emeritus verbeur sy status as evangelie bedienaar indien hy:
- E6.1.1 sonder die nodige toestemming tot ’n ander lewenstaak oorgaan, wat nie geld vir ’n emeritus wat reeds die ouderdom van 65 jaar bereik het of 60 jaar en vir 30 jaar in diens van die kerk gestaan het, nie; of
- E6.1.2 wanneer hy hom deur woord en daad van die kerk afskei of by ’n politieke party of ’n geheime beweging aansluit of hom aktief by partypolitiek inlaat; of
- E6.1.3 wanneer hy sy bedanking om ander redes as siekte of ouderdom by die plaaslike kerkraad indien en dit deur die kerkraad aanvaar word na raadpleging met die ring, sonder dat of voordat hy van die Proponentseksamenkommissie verlof tot behoud van status ontvang het; of
- E6.1.4 wanneer hy skriftelik aan die skriba van die Proponentseksamenkommissie kennis gee dat hy die amp van leraar neerlê; of
- E6.1.5 wanneer hy deur ’n bevoegde kerklike liggaam en op kerkregtelike wyse sonder behoud van status gestuit of geskors is; of
- E6.1.6 wanneer hy geestelike dienswerk verrig waartoe hy van die kerk geen roeping of sending ontvang het nie en waarvoor hy geen verlof tot behoud van status van die Proponentseksamenkommissie ontvang het nie.

E6.2 Geen kandidaat, proponent of leraar sal toegelaat word om hom in die eg te verbind met iemand wat ’n wêreldling of wêreldgesind is nie of die duidelike kenmerke dra van ’n onwedergebore mens te wees en wat derhalwe ten spyte van lidmaatskap van die kerk, tog nie aan die Kerk van Jesus Christus behoort nie.
- E6.2.1 Sou dit later duidelik blyk dat ’n student of predikant tog met iemand soos bovermeld in die eg

verbind is, kan die kandidaat se studie beëindig word en so ook die bediening van die leraar. Geen kandidaat, proponent of leraar sal verder toegelaat word om hom in die eg te verbind met iemand wat nie ten minste vir een jaar lidmaat in ’n gemeente van die kerk is nie en daarby getoon het dat sy lewend belangstel in die verskillende werksaamhede van die gemeente nie.

E6.2.2 Die proponentseksamenkommissie kan vereis dat die kandidaat se eggenote ter enige tyd van sy eksaminering teenwoordig moet wees.

E6.3 ’n Leraar wat met behoud van status uit die amptelike bediening getree het, of ’n proponent, bly beroepbaar en hoef nie by die ontvangs van ’n beroep Colloquium Doctum af te lê nie, maar moet die belydenisskrifte opnuut onderteken.

E6.4 Toelating tot Colloquium Doctum sal alleen geskied na ontvangs van ’n aanbeveling van die betrokke sinodes of Sinodale Kommissie, wat handel op advies van die ring wat demissie verleen het, nadat genoemde ring getuienis ingewin het van al die kerkrade en ringe in wie se resort die betrokke persoon woonagtig was sedert hy uit die bediening getree het.

E6.5 Die skriba van die Proponentseksamenkommissie moet in die kerk se amptelike orgaan kennis gee van enige verlies of herstel van status.

Reglement F

REGLEMENT VIR DIE CHRISTELIKE GEREFORMEERDE TEOLOGIESE SEMINARIUM

Sien ook Artikel 3.2, Bepaling 3.2 en Reglement E vir verdere bepalings oor die toelating en legitimasie van leraars. Sien ook die prospektus van die CGTS vir verdere inligting oor teologiese studies.

Bepaling F1 — Doelstelling en missie

F1.1 Die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium (CGTS) is die teologiese opleidingsinstansie van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA (hierna die kerk genoem). Die CGTS bied egter ook teologiese opleiding aan vir studente wat nie aan die kerk behoort nie en nie noodwendig begeer om leraars van die Kerk te word nie.

F1.2 Die CGTS bestaan om geroepenes toe te rus om as getroue, doeltreffende en geesvervulde bedienaars van die Evangelie in die veld uitgestuur te word. Dit word gedoen deur:

F1.2.1 'n geestelike visie in hulle te inspireer;

F1.2.2 gerigte akademiese opleiding te voorsien; en

F1.2.3 op gedissiplineerde wyse praktiese internskapopleiding te voorsien.

Bepaling F2 — Die sinode

F2.1 As die hoogste gesagsliggaam van die kerk, besit, beheer en bestuur die sinode alle funksies, roerende en onroerende eiendom, rade, kommissies en verenigings van die CGTS.

F2.2 Kragtens sy bevoegdheid in terme van Artikel 3.2 van die grondwet, wys die sinode vir hierdie doel 'n persoon aan wat nie 'n dosent of student van die CGTS is nie om kragtens klousule 4.5.3 van die Memorandum, soos in Bepaling F3.1 hiervan genoem, as die Klas 1 lid van die Raad te dien en aan die sinode verslag te lewer.

Bepaling F3 — Wetlike status en bestuur van die CGTS

F3.1 Die CGTS is 'n maatskappy ingelyf sonder winsbejag, ooreenkomstig Artikel 21 van die Maatskappywet (2001/029824/08), en maak 'n regsentiteit uit wat ooreenkomstig sy eie konstitusie bestuur word (die Memorandum of Association, hierna die Memorandum genoem, en die Articles of Association, wat beskikbaar is by die administratiewe registrateur).

F3.2 Kragtens Klousule 4.1 van die Memorandum bestaan die Maatskappy uit die volgende lede:

F3.2.1 die sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA, as Klas 1 lid; asook

F3.2.2 die verdere lede daarin gespesifiseer wat Klas 2 lede uitmaak, insluitende die Rektor en die Saakgelastigde as finansiële bestuurder.

F3.3 Kragtens Klousule 5 van die Memorandum hou die lede van die Maatskappy 'n algemene jaarvergadering wat vir die doeleindes van hierdie reglement as die Raad van die CGTS funksioneer en as die Raad bekend staan.

F3.3.1 Met inagneming van die minimum en maksimum aantal lede deur die Maatskappywet en/of die Memorandum bepaal, wys die Raad self nuwe of verdere lede aan soos nodig.

F3.3.2 Die Raad van Kuratore deur die sinode aangewys, soos in terme van Bepaling 3.2 van die grondwet, word namens die sinode op elke vergadering van die Raad van die CGTS verteenwoordig.

F3.3.3 Met inagneming van Bepalings F3.3.2, F3.3.4 en F4 van die Grondwet, kan die Raad van die CGTS besluit om 'n direksie uit eie geledere aan te wys wat jaarliks verslag doen aan die Raad, en waaraan die Raad sekere gespesifiseerde bevoegdhede en pligte kan delegeer.

F3.3.4 Die Raad wys self 'n voorsitter aan, wat ook as voorsitter van die Direksie optree.

Bepaling F4 — Die Raad van die CGTS

In terme van Bepaling F3.3 en met aanspreeklikheid teenoor die sinode van die Kerk, is die Raad van die CGTS namens die CGTS verantwoordelik vir die volgende:

F4.1 in oorleg met die Raad van Kuratore, die beroep deur die toepaslike kerklike vergadering en/of aanstel van 'n Rektor, 'n administratiewe registrateur, 'n akademiese registrateur, en 'n fakulteit met akademiese departementshoofde en ander leerkragte;

F4.2 die goedkeuring van opleidingsprogramme en kursusleerplanne op aanbeveling van, en/of ná oorlegpleging met, die Rektor en deur hom, die fakulteit;

F4.3 die ontvangs, oorweging en goedkeuring van verslae van die Rektor, wat normaalweg verslae van die administratiewe en akademiese registrateurs insluit, wat hulle in oorleg met die Rektor voorberei het en wat

dan deur hom voorgelê word;

F4.4 toesig oor, en opleiding van studente, en veral studente wat hulle vir bediening in die CG Kerk wil bekwaam. Kragtens Bepaling 3.2 van die grondwet geskied toesig oor die kerk se leraarskandidate in samewerking met die Raad van Kuratore;

F4.5 die opsig oor die roerende en onroerende eiendom van die Seminarium;

F4.6 die opsig oor die Kweekskoolboufonds;

F4.7 die insameling vir die beursfonds, toekenning van beurse en die opstelling en handhawing van alle beursooreenkomste; en

F4.8 verslaggewing aan die sinode en, sover dit onderwyswetgewing aangaan, aan die tersaaklike onderwysowerhede.

Bepaling F5 — Die Direksie

F5.1 Die Direksie wat kragtens Bepalings F3.3.3 en F3.3.4 funksioneer, vervul die funksie van 'n dagbestuur vir die Raad, en bestaan uit die Klas 1 Lid, die rektor, die saakgelastigde en ten minste een ander lid van die Raad.

F5.2 Die verantwoordelikhede van die Direksie is as volg:

F5.2.1 Voer die besluite van die Raad uit en doen verslag daaroor aan die Raad.

F.5.2.2 Formuleer ’n konsepbeleid en aanbevelings oor sake waaroor die Raad moet besluit, en lê dit aan die Raad voor vir bekragtiging.

F5.2.3 Neem self besluite oor sake wat die Raad aan die Direksie gedelegeer het en doen verslag daaroor aan die Raad.

Bepaling F6 — Die Rektor

F6.1 Die Rektor is ’n paslik gekwalifiseerde en ervare leerkrag wat kragtens Bepaling F4.1 deur die Raad aangestel word met —

F6.1.1 uitvoerende toesig ten opsigte van teologiese opleiding, insluitende die nodige bestuur en administrasie van die CGTS, met die bystand van die administratiewe registrateur, die akademiese registrateur en ander kantoorpersoneel; en ook met

F6.1.2 die verantwoordelikheid van verslagdoening hieroor aan die Raad van die CGTS.

F6.2 In die uitvoering van sy pligte ter implementering van die beleid van die Raad van die CGTS is die Rektor meer spesifiek verantwoordelik vir die volgende:

F6.2.1 die uitvoerende gesag oor die dosente, kantoorpersoneel, opleidingsprogramme, kursusleerplanne en opleidingsdoelwitte vir, en opleidingsbehoeftes van die geregistreerde studente van die CGTS;

F6.2.2 die verteenwoordiging van die Raad en die CGTS teenoor die studente, die Kerk, die publiek, nasionale hoëronderwysowerhede en enige opleidingsinstansie waarmee die CGTS in vennootskap tree, binne die bestek van sy verantwoordelikhede hierin gespesifiseer;

F6.2.3 inisiëring van en toesig oor die bemarking en openbare betrekkinge van die CGTS;

F6.2.4 toesig oor die aanstelling van mentors vir studente;

F6.2.5 die aanstelling van administratiewe personeel en die administratiewe en akademiese registrateurs, in samewerking met die Raad;

F6.2.6 die voorsitterskap van die fakulteitsvergadering;

F6.2.7 die opstel van begrotingsvoorstelle in samewerking met die administratiewe en akademiese registrateurs en saakgelastigde, ter voorlegging aan die Raad;

F6.2.8 verslaggewing aan die Raad in oorleg met die twee registrateurs en die fakulteit, en waar dit finansiële implikasies het, in oorleg met die saakgelastigde;

F6.2.9 voorlegging van periodieke aansoeke om registrasie en akkreditasie van die CGTS se opleidingsprogramme aan die nasionale hoëronderwysowerhede, insluitende jaarverslae, statistiese gegewens, ens., en die bywoning van werkswinkels en inligtingsvergaderings van genoemde owerhede, met die deelname en bystand van die administratiewe en akademiese registrateurs; en

F6.2.10 ander aanverwante pligte, asook verdere verantwoordelikhede wat die Raad na oorlegpleging met die Rektor aan hom toevertrou.

Bepaling F7 - Die administratiewe en akademiese registrateurs

F7.1 Die administratiewe en akademiese registrateurs word aangestel deur die Raad van die CGTS, in samewerking met die Rektor. Indien die genoemde registrateurs ook leraars is, kan hulle ook in daardie hoedanigheid op versoek van die Raad na die betrokke poste beroep word.

F7.2 Die administratiewe en akademiese registrateurs dien ook op die fakulteit en hulle pligte is soos in hulle onderskeie pligtestate uiteengesit.

Bepaling F8 — Die lektore en lede van die Fakulteit

F8.1 Die lektore van die CGTS word deur die Raad van die CGTS aangestel in samewerking met die Raad van Kuratore, en in oorleg met die Rektor en die Fakulteit

F 8.1.1 Lektore en departementshoofde is in die algemeen verantwoordelik vir die sake onder Bepalings F8.2.1 en F8.2.2 genoem, en soos meer breedvoerig in die pligtestate van lektore en departementshoofde uiteengesit. Departementshoofde se pligte word ook meer spesifiek in Bepaling 8.4 uiteengesit.

F 8.1.2 Waar ’n lektor ook ’n leraar is, kan hy in daardie hoedanigheid op versoek van die Raad na die pos beroep word.

F8.2 Die Fakulteit is verantwoordelik vir die sake onder Bepalings F8.2 en F8.3 uiteengesit en word as volg saamgestel: akademiese departementshoofde, die administratiewe en akademiese registrateurs, en geselekteerde lektore, wat na die mening van die Raad van die CGTS, asook in terme van die Raad se Handleiding oor Beleid en Prosedures, en in oorleg met die Rektor en bestaande fakulteitslede, oor die nodige kwalifikasies, ondervinding en persoonlike toewyding beskik, om aan die akademiese bestuur van die CGTS deel te neem. *Die* verantwoordelikhede van dosente en fakulteitslede *is soos volg:*

F8.2.1 die voorbereiding en aanbieding van die opleidingsprogramme met leerstof, assesseringsmetodes en die assessering van die studente; en

F8.2.2 die geestelike, akademiese en praktiese vorming van die studente t.o.v. van die leerstof en oor die algemeen, en ook deur ten alle tye onberispelike gedrag te openbaar.

F8.3 Fakulteitslede is meer spesifiek verantwoordelik vir die volgende sake:
Die voorbereiding en oorweging van akademiese en fakulteitsvorderingsverslae, die formulering van akademiese beleid met gepaardgaande besluite, die hou van vergaderings as Fakulteit onder die voorsitterskap van die Rektor en die uitvoering van aanverwante sake.

Bepaling 8.4 — Departementshoofde

Bykomstig tot departementshoofde se algemene pligte, soos in Bepalings F8.1, F8.2 en F8.3 uiteengesit, is hulle ook verantwoordelik vir die volgende spesifieke pligte:

F8.4.1 In opdrag van die Raad van die CGTS en in oorleg met die Rektor, neem ’n departementshoof toesighoudende verantwoordelikheid vir die ontwikkeling en aanbieding van die leerplanne van kursusse in die spesifieke vakgebied wat aan hom toegesê is.

F8.4.2 Vir die doel van F8.4.1 is die departementshoof verder vir die volgende verantwoordelik —

F8.4.2.1 die handhawing van toesig oor en gereelde kontak met die lektore wat aan sy vakgebied toegesê is, met betrekking tot prioriteite, standaarde, teikendatums, ens. vir die departement, binne die bestuursraamwerk van die CGTS en Fakulteit;

F8.4.2.2 die reël en lei van minstens een departementsvergadering per jaar, op welke wyse moontlik, in verband met die bestuur van departementele sake en verslagdoening aan die Fakulteit, via die Rektor .

Bepaling F9 – Akademiese vereistes vir toelating tot die kerklike bediening

F9.1 Akademiese vereistes vir toelating tot die bediening in die kerk is soos in Reglement E en in die CGTS Prospektus uiteengesit.

F9.2 Studente wat hulle vir die bediening in die kerk wil bekwaam, moet verder ook voldoen aan die praktiese vereistes soos dit beliggaam word in die bedieningspraktykprogram vir praktiese werk, soos in die CGTS se Prospektus uiteengesit.

F9.3 Kandidate wat van ander kerke en/of opleidingsinstansies na die kerk en die CGTS oorkom met ’n voltooide of gedeeltelik voltooide teologiese kwalifikasie, mag deur die kerk (of deur die CGTS in ’n geval waar kerklidmaatskap nie beoog word nie) addisionele studie opgelê word om aan die vereiste standaard van die kerk en/of die betrokke teologiese kwalifikasie te voldoen.

Bepaling F10 — Grade en diplomas

F10.1 Die CGTS bied die volgende kwalifikasies aan: die BTh-Graad en die DipTh-Diploma.

F10.2 Die Kerk vereis ook dat 'n geselekteerde en gespesifiseerde aantal bykomende diploma- of graadmodules, saamgestel uit keusemodules, voltooi moet word vir die Lisensiaat in Teologie (LTh) of vir ordeningsdoeleindes.

F10.3 Vir toelating tot die evangeliebediening vereis die kerk dus van sy kandidate vir die bediening die voltooiing van die BTh of sowel as die LTh of die ekwivalent in vakke of kursusse, met inagneming van die minimumvereistes, soos genoem in Reglement E.

F10.4 Volledige besonderhede oor die toelatingsvereistes, samestelling van kursusse, studiegelde, en ander reëls, regulasies en inligting, word in die CGTS se Prospektus gepubliseer en is verkrygbaar van die administratiewe registrateur.

Reglement G

REGLEMENT VIR DIE CHRISTELIKE GEREFORMEERDE KERK PENSIOENFONDS

Die Reëls van die CG Kerk Pensioenfonds is beskikbaar op aanvraag by die Administrateur van die CGK Pensioenfonds.

Reglement H

REGLEMENT VIR REGISTERS

Sien ook Bepaling 7.1.9 - 7.1.10 vir die bepalings oor die registers

Bepaling H1 - Die Registers en die Gemeente-lêers

H1.1 Dit is die opdrag van die skriba van die kerkraad om die gemeente se lidmaat- en doopregister korrek by te hou. Die registers moet te alle tye netjies, korrek en op datum wees.

Die Gemeente-lêer:

H1.2 Die gemeente registers word bygehou in die lêer(s) wat daarvoor bedoel is en bekend staan as die gemeente lêer. Die gemeente lêer het minstens die volgende afdelings:

- H1.2.1 Lidmaatregister - huidige lidmate
- H1.2.2 Lidmaatregister - vorige lidmate
- H1.2.3 Doopregister
- H1.2.4 Vorms (Aansoekvorms, Attestaat, Bewys van Lidmaatskap, Bewys van Doop, Statistiek vorms), maar vir die gerief van skribas kan daar ook afdelings gemaak wees vir bv.
- H1.2.5 Adreslyste of Bronnelyste van die gemeente
- H1.2.6 Hierdie Reglement en enige ander pligstate of opdragte
- H1.2.7 Enige amptelike dokumente vir bewaring/raadpleging

Die afdelings kan ook, waar dit weens hoeveelhede nodig is, in aparte lêers bygehou word.

Die Notulelêer:

H1.3 Benewens die gemeente lêer hou die skriba ook nog ’n aparte lêer by vir die notules van die kerkraad.

Die Korrespondensie-lêer:

H1.4 Benewens die bogenoemde lêers hou die skriba ook ’n lêer by vir korrespondensie. Die korrespondensie lêer bevat briewe wat aan die kerkraad gerig is, en waarop ’n reaksie verwag is. Dit bevat nie korrespondensie van finansiële aard, state of rekening nie, want dit word deur die kassier geliasseer. Dit bevat ook nie vlugskrifte, kennisgewings of bulletins van algemene aard nie.

H1.5 ’n Afskrif van elke brief wat die skriba uitstuur word ook op die korrespondensie lêer gehou.

H1.6 Die volgende is ’n eenvoudige riglyn vir die hantering van korrespondensie:

- H1.6.1 Wanneer die skriba korrespondensie ontvang, teken hy onder op die stuk aan (bv. in rooi) op watter datum dit ontvang is, en sit dit op die lêer.
- H1.6.2 Waar dit dringend is, kan hy die leraar daaroor kontak, sodat ’n besluit daaroor geneem kan word.
- H1.6.3 Alle aksies wat op grond van die brief geneem word, word ook onderaan op die brief aangeteken, met verwysing na die datum.
- H1.6.4 Waar die leraar eers die korrespondensie ontvang moet hy dit so spoedig moontlik aan die skriba oorhandig.
- H1.6.5 By die volgende kerkraadsvergadering lê die skriba die korrespondensie aan die raad voor soos dit in die interim ontvang en hanteer is.

H1.7 Die korrespondensie lêer word in die volgorde gehou van die datum waarin dit ontvang is: met die oudste stukke onder, en die jongste stukke bo-op.

Bepaling H2 - Die Lidmaatregister

H2.1 Die Lidmaatregister bevat die besonderhede van elke lidmaat op die voorgeskrewe vorms. Elke vorm word korrek ingevul ten opsigte van elke individuele lidmaat en in ’n plastieksakkie, saam met alle toepaslike dokumentasie, bv. aansoekvorm, getuienis, attestate, ens. in alfabetiese volgorde in die gemeente lêer geliasseer. Op hierdie wyse is die huidige lidmate, met die toepaslike besonderhede altyd ter hand.

H2.2 Die volgende opmerkings is van toepassing ten opsigte van die invul van die Lidmaatregistervorm:

- H2.2.1 Regs bo word die Van en Voorletters van die lidmaat ingeskryf, vir maklike verwysing as deur die lêer geblaai word;
- H2.2.2 Die vorm word ook regs bo gemerk as die van ’n huidige lidmaat;
- H2.2.3 Die gemeente naam word bo-aan ingevul om die register te identifiseer;
- H2.2.4 Die lidmaatbesonderhede word volledig ingevul vanuit die aansoekvorm en in onderhoud met die aansoeker;
- H2.2.5 Die kinders wat deel (sal) uitmaak van die sieletal van die gemeente word regs gemerk. Nie alle kinders is deel van die sieletal van die gemeente nie, omdat sommige elders woon, by ander kerke inskakel, reeds lidmate is, of reeds volwasse is en elders kerklik inskakel of nie inskakel nie;

H2.2.6 Kerklike agtergrond word volledig ingevul vanuit die aansoekvorm en in onderhoud met die aansoeker;

H2.2.7 Die besonderhede aangaande die lidmaat se bevestiging in die gemeente word ingevul na aanleiding van die kerkraadsvergadering wat toelating verleen het, en die bevestiging-besonderhede;

H2.2.8 Die besonderhede word deur die skriba gesertifiseer as korrek, en die gemeente se stempel, waar van toepassing, kan op die vorm aangebring word.

H2.3 Wanneer ’n lidmaat die gemeente verlaat, word die onderste gedeelte ook voltooi soos volg:

H2.3.1 Die rede vir die verlies word volledig aangedui, bv.

- “Verhuis met (sonder) attestaat na Kaapstad - Mei 1997", of
- “Bedank a.g.v. .... (’n geskil/huweliksluiting) - 7 Aug 1997", of
- “Afgesny a.g.v. ... (onbetrokkenheid/tug handeling) - 22 Sep 1997", of
- “Afgesterwe - 4 Desember 1997"

H2.3.2 So ver as moontlik bekend word die plek waarheen (kerk, gemeente, anders net dorp of stad) vertrek is aangedui. So nie, vul in: “Onbekend”.

H2.3.3 Die datum waarop die persoon formeel sy status as lidmaat verloor het, word aangedui, en is slegs een van die volgende drie datums:

- die datum van afsterwe, of
- die datum van die persoon se bedankingsbrief, of
- die datum van die kerkraadsvergadering waarop die persoon se lidmaatskap formeel beëindig is.

H2.3.4 Die besonderhede word deur die skriba gesertifiseer as korrek, en die gemeente se stempel, waar van toepassing, kan op die vorm aangebring word.

H2.4 Die vorms van persone wat nie langer lidmate van die gemeente is nie, word regs bo so gemerk, uitgeneem uit die afdeling vir huidige lidmate, en alfabeties ingevoeg by die afdeling vir vorige lidmate.

Bepaling H3 - Die Doopregister

H3.1 Die doopregister bevat die besonderhede van elke doop wat in die gemeente bedien is, aangeteken op die voorgeskrewe vorm, en alfabeties geliasseer in die gemeente lêer.

H3.2 Die volgende opmerkings is van toepassing ten opsigte van die invul van die Doop registervorm:

H3.2.1 Regs bo word die Van en Voorletters van die dopeling ingeskryf, hetsy kind of volwassene, vir maklike verwysing as deur die lêer geblaai word;

H3.2.2 Die gemeente naam word bo-aan ingevul om die register te identifiseer;

H3.2.3 Die persoonlike besonderhede en die doop besonderhede word deur die skriba korrek ingevul;

H3.2.4 Die besonderhede word deur die skriba gesertifiseer as korrek, en die gemeente se stempel, waar van toepassing, kan op die vorm aangebring word.

Bepaling H4 - Uittreksels uit die registers en die uitreik van vorms

H4.1 Die lidmaat- en doopregister vorm die basis vir die uitreik van die volgende vorms:

Aansoek om Lidmaatskap:

H4.2 Die Aansoek om Lidmaatskap word uitgereik aan alle voornemende lidmate, hetsy katkisante, diegene wat oorkom van ander CGK gemeentes of ander kerke, of bekeerlinge vanaf geen kerklike agtergrond. Huishoudelike bepalings van die plaaslike kerkraad mag van toepassing wees by die toelating en oriëntasie van nuwe lidmate. Die voltooide aansoekvorm word na die bevestiging by die persoon se lidmaatregistervorm geliasseer.

Bewys van Lidmaatskap:

H4.3 Die Bewys van Lidmaatskap word uitgereik om te bevestig dat ’n persoon lidmaat van ’n gemeente is of was en om die besonderhede van die lidmaatskap weer te gee. Dit word op versoek uitgereik, gewoonlik aan iemand wat by ’n ander kerk wil aansluit, en waar daardie gemeente bewyslewering wil sien van die persoon se vorige lidmaatskap. Dit word ook uitgereik in omstandighede waar ’n attestaat nie uitgereik kan word nie. Die Bewys van Lidmaatskap word ingevul vanuit die lidmaatregister. Twee kopieë word uitgereik - een aan die aansoeker, en een word geliasseer by die aansoeker se lidmaatregistervorm (meestal in die afdeling vir vorige lidmate), of in die korrespondensie lêer.

H4.4 Waar die versoek kom vir ’n Bewys van Lidmaatskap waarvan die gemeente nie meer rekords het nie, kan die argief gekontak word.

Bewys van Doop:

H4.5 Die Bewys van Doop word uitgereik by die geleentheid van ’n doop wat in die gemeente bedien is, asook waar iemand ’n bewys aanvra van ’n doop wat in die verlede bedien is. Die Bewys van Doop word ingevul vanuit die Doopregister. Twee kopieë word uitgereik - een aan die aansoeker, en een word geliasseer by die

aansoeker se lidmaatregistervorm, indien moontlik, so nie in die korrespondensie lêer.

H4.6 Waar die versoek kom vir ’n Bewys van Doop waarvan die gemeente nie meer rekords het nie, kan die argief gekontak word.

Attestaat:

H4.7 ’n Attestaat word uitgereik om te bevestig dat ’n persoon ’n lidmaat was en wat sy geestelike staat is. Dit word uitgereik aan iemand wat die gemeente verlaat om hom by ’n ander gemeente of kerk te voeg. Die Attestaat mag net vir ses maande na die vertrek van die lidmaat uit die gemeente uitgereik word, daarna word die Bewys van Lidmaatskap gebruik. Die Attestaat word net op versoek uitgereik.

H4.8 Die verskil tussen ’n Attestaat en bewys van Lidmaatskap is soos volg:

H4.8.1 ’n Attestaat behels die oordrag van lidmaatskap na die volgende gemeente of kerk, maar die Bewys van Lidmaatskap gee net besonderhede oor die algemeen weer, dikwels lank na die tyd;

H4.8.2 ’n Attestaat getuig oor die lidmaat se geestelike staat (of hy onder tug staan of nie), en kan daarom net vir ses maande gebruik word.

In gevalle van twyfel word “’n Bewys van Lidmaatskap” uitgereik.

Statistiek vorm:

H4.9 Die lidmaatregister (Huidige lidmate) en Doopregister word gebruik om die statistiek vorm in te vul, soos benodig vir rings- en sinodale byeenkomste. Die skriba moet ook vir die ander inligting soos benodig verwys na Voorsitster van die VBCGK, die CGKJB en die tesourier. ’n Afskrif van ’n voltooide Statistiek vorm moet op die gemeente se korrespondensie lêer geplaas word vir die invul van die volgende vorm.

Bepaling H5 - Wysigings in die Registers

H5.1 Van tyd tot tyd mag dit nodig wees om wysigings aan te bring by ’n bestaande lidmaatregistervorm of Doop registervorm. Dit mag die gevolg wees van ’n foutiewe inskrywing wat reggestel moet word (’n rektifikasie), ’n naamsverandering bv. by ’n huwelik of aanneming of addisionele inligting wat ingevoeg moet word, bv. die geboorte of aanneming van ’n kind.

H5.2 Elke lidmaatregistervorm of Doop registervorm moet beskou word as ’n kompleet en gesertifiseerde brondokument waaraan daar nie verander mag word nie. Geen wysigings moet dus daarop aangebring word nadat dit reeds deur die skriba gesertifiseer is nie - hetsy deur iets bo-oor te skrywe, iets uit te vee, of iets met wisser vloeistof te bedek.

H5.3 As ’n wysiging op ’n registervorm nodig is, moet ’n nuwe vorm uitgereik word. Die ou vorm moet in rooi deurgehaal word met die woord “GEWYSIG” en by ’n totaal nuwe vorm, soos gewysig, aangeheg word. Die nuwe vorm moet opnuut gesertifiseer word met die wysigingsdatum. Die ou en nuwe vorm moet bymekaar bly.

H5.4 Alle wysigings moet ook, saam met die jaarlikse opgawe, aan die argief opgestuur word.

Bepaling H6 - Die opstuur van Registers na die Argief

H6.1 Die argief van die Christelike Gereformeerde Kerk bewaar alle inligting van gemeentes wat later van belang mag wees vir navorsing en verwysing; en dit is daarom belangrik vir skribas om soos volg stukke na die argief te stuur:

H6.1.1 By die aanvanklike opstel van die lidmaatregister, bv. by die stigting van ’n nuwe gemeente, moet die skriba die volledige lidmaatregister per fotostaat kopieer en aan die argief stuur.

H6.1.2 Daarna moet die skriba aan die einde van elke jaar deur die lidmaatregister (huidige en vorige lidmate) en die Doopregister gaan en alle vorms wat die inskrywingsdatum van daardie afgelope jaar dra (m.a.w. wat daardie jaar geskep of gewysig is) per fotostaat kopieer en aan die argief stuur.

H6.1.3 By dieselfde geleentheid moet die skriba ook die notules van die betrokke jaar se kerkraadsvergaderings per fotostaat kopieer en aan die argief opstuur.

H6.2 Alle ander stukke wat vir die gemeente van belang is of was gedurende daardie jaar, bv. aktes, fotos, konsistorieboeke, gemeente blaadjies, ens. kan aangestuur word, aangesien dit later die geskiedenis van die gemeente rekonstrueer. Vir hierdie doel mag hy by die maak van notules, blaadjies, ens. ’n kopie vir die argief ekstra maak en eenkant bewaar vir die jaarlikse opsending. Skribas moet dit as hul plig sien om die historiese verloop van die gemeente op hierdie wyse argivaries vas te lê.

H6.3 Stukke wat aan die argief gestuur word moet stewig verpak word en per geregistreerde pos gestuur word na die Argivaris: Christelike Gereformeerde Kerk.

Bepaling H7 - Algemeen

H7.1 Dit word aanbeveel dat die skriba ook ’n adres- en telefoon lys, of meer volledige bronnelys vir die gemeente op datum byhou en vir die gemeente tot beskikking stel.

H7.2 Die werk van die skriba is baie omvangryk en belangrik en moet toevertrou word aan ’n ervare en

bekwame broer of suster. Die gebruik van ’n nuweling of jongeling vir hierdie taak moet afgekeur word.

Reglement I

REGLEMENT VIR DIE BEHEER VAN KERKLIKE GOEDERE EN FONDSE

Sien ook Artikel 6.3 oor die stoflike bates van die kerkvergaderings

Bepaling I1 - Die kerkraad is outonoom

I1.1 Dit is wesenlik aan die presbiteriale kerkregeringstelsel dat die plaaslike gemeente outonoom is. Die plaaslike gemeente is die totale uitdrukking van die Kerk van Christus op aarde en is kompleet met al die gawes wat Christus daaraan gee om dit na behore te kan laat funksioneer. Geen gemeente is hoër as ’n ander gemeente nie.

I1.2 Die basis van die presbiteriale kerk regeringstelsel is verder dat aan die amp van ouderling of presbiter die regering van die gemeente toegesê is. Daarom word elke gemeente in essensie regeer deur sy ouderlinge, waarvan die leraars deel uitmaak, en wat die meerderheid vorm op die kerkraad of presbiterie. As die regering van die gemeente verteenwoordig die kerkraad die gemeente na buite en vorm dit sy eie regspersoon en reël sy eie sake outonoom. Die grondwet van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika is ook die grondwet van elke gemeente van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika.

I1.3 Slegs ter wille van die gemeenskaplike belang, en as uitdrukking van sy eenheid en koinonia met ander gemeentes van dieselfde oortuiging en belydenis as hy, onderwerp die kerkraad hom vrywillig aan die gesag van nie hoër nie, maar breër of meerdere vergaderings soos die ring en die sinode. Meerdere vergaderings hanteer slegs sake wat daar tuishoort, of in appèl daarvoor gebring is, en die bedoeling is steeds dat elke gemeente en kerkraad soveel as moontlik outonomie en vryheid behou.

I1.4 Wat deur die kerkraad as verteenwoordigende die gemeente, en ten behoewe van hom gedoen is, ooreenstemmig met die bepalinge van die Grondwet en hierdie Reglement, sal vas en bondig wees.

I1.5 Die kerkraad is die alleeneienaar van al sy vaste en los bates en die volle beheer, verantwoordelikheid en administrasie daarvan berus by hom, behalwe vir die uitsonderings soos gemeld by Bepaling I2.

I1.6 Die kerkraad is bevoeg om alle dade van eiendom te verrig, en tree op sonder verdere besondere lasgewing, behalwe met die uitsonderings soos gemeld hieronder.

I1.7 In alle regsgedinge wat te doen het met sy goedere en fondse tree die kerkraad sonder verdere lasgewing op, sowel eisend as verwerend, ten behoewe van die gemeente op, of benoem en outoriseer, in sy hoedanigheid as verteenwoordiger van die gemeente, een of meer persone om dit te doen. By ontstentenis van die kerkraad geskied sodanige benoeming en outorisasie deur die ring waaronder die gemeente ressorteer.

Bepaling I2 - Uitsonderings by die outonomie van die kerkraad

I2.1 Die verkoop van die vaste eiendomme is onderworpe aan die skriftelike goedkeuring van die Sinodale Finansiële Kommissie, waarsonder enige verkoopsooreenkoms van nul en gener waarde is.

I2.2 Die Sinodale Finansiële Kommissie mag die beheer en administrasie van ’n gemeente se bates en laste tydelik as ’n noodmaatreël oorneem en namens die gemeente bestuur

- I2.2.1 indien die situasie op finansiële ondergang of likwidasie dui, of
- I2.2.2 die gee van tiendes vir langer as 6 maande agterstallig is sonder ’n formele ooreenkoms tussen die kerk en die gemeente, of
- I2.2.3 indien nie aan vereistes van verslagdoening in terme van die grondwet voldoen word nie, of
- I2.2.4 indien die kerkraad in gebreke bly om ’n rekeningkundige beampte binne die voorgeskrewe tydperk aan te stel, of
- I2.2.5 die aanstel van ’n rekeningkundige beampte vir langer as 6 maande agterweë gelaat is, en nagelaat is om die Saakgelastigde in kennis te stel.

Bepaling I3 - Die transportering van eiendom

I3.1 Alle gemeentelike vaste eiendom word getransporteer in die naam van “Die kerkraad van die Gemeente ..... van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika”.

I3.2 Alle sinodale vaste eiendom word getransporteer in die naam van “Die Saakgelastigde van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika”.

I3.3 Met die donasie van vaste eiendom aan die Kerk, bly die oordragkoste van so 'n eiendom die verantwoordelikheid van die skenker, tensy die Sinodale Kommissie toestemming verleen het by die aanvang van die skenkingsproses en ingestem het om die oordrag te skik. Die Sinodale Kommissie hou die reg voor om nie 'n donasie of vaste eiendom in ontvangs te neem nie.

I3.4 Waar 'n gemeente in die geheel die kerkverband verlaat, bly die kerkgebou die gemeente se eiendom, as dit in die naam van die kerkraad getransporteer is. Dit is die verantwoordelikheid van daardie gemeente om agterna die titelakte daarvan te wysig, met alle koste daaraan verbonde, ten einde hulle nuwe naam te weerspieël.

Bepaling I4 - Die ondertekening van dokumente

I4.1 Alle regsgeldige dokumente of kontrakte met betrekking tot vaste of los eiendomme, aankope, verkope, lenings, verbande, fondse en rekeninge word soos volg onderteken om dit te wettig:

I4.1.1 Namens die kerkraad deur die leraar as voorsitter, nadat hy deur die kerkraad daartoe gemagtig is;

I4.1.2 Namens die ring deur die voorsitter, nadat hy deur die ring daartoe gemagtig is;

I4.1.3 Namens die sinode deur die Saakgelastigde, nadat hy deur die Sinodale Finansiële Kommissie daartoe gemagtig is;

I4.1.4 Namens ’n ringskommissie of sinodale kommissie deur die voorsitter, nadat hy deur die betrokke kommissie daartoe gemagtig is.

I4.2 Vir die doel van hierdie bepalings moet elke kerkvergadering wat finansiële transaksies aangaan, daarop let dat hul dokumente behoorlik onderteken is, en dat die betrokke tekenmagtiges behoorlik deur hul gevolmagtig is.

I4.3 ’n Vergadering kan vir die doeleindes van sekuriteit, of in ooreenstemming met die vereistes van finansiële instellings, meer as die bg. persone volmagtig om dokumente te onderteken.

I4.4 Alle dokumente en transaksies wat op ander wyses wettiglik onderteken is voor hierdie bepalings in werking getree het, bv. deur saakgelastigdes, kassiere, tesouriere of ander gevolmagtigdes, kan wettiglik so behou word.

Bepaling I5 - Huishoudelike reëlings

Die uitvoer van beheer van kerklike goedere en fondse kan deur ’n kerkraad, ring, sinode of kommissie met huishoudelike bepalings nader omskryf word, waar nodig, met dien verstande dat sodanige huishoudelike bepalings nie in stryd is met die Grondwet, sinodale besluite of hierdie reglement nie.

Bepaling I6 - Rekeningkundige verantwoording

I6.1 Dit is die plig van kerkrade, die Saakgelastigde en alle kerkvergaderings wat finansiële transaksies aangaan om behoorlik en korrek boek te hou van alle transaksies en om in die geval van kerkrade finansiële jaarstate te laat opstel en in die geval van die Sinodale Fonds geouditeerde finansiële jaarstate. Die Sinodale Finansiële Kommissie hou uiteindelik toesig oor alle boekhouding wat in die kerk gedoen word, en boeke moet soos gevra aan hulle verskaf word vir inspeksie.

I6.2 Kerkrade stel jaarliks hul finansiële jaarstate ter insae tot beskikking van hul eie gemeentes en besorg ’n afskrif binne ses maande na jaareinde aan die Saakgelastigde. Die Sinodale Finansiële Kommissie handel verder met die geouditeerde state van die Sinodale Fonds soos omskryf in artikel 6.3.6.2.

Bepaling I7 - Wanneer ’n gemeente ontbind of die kerkverband verlaat

I7.1 Wanneer ’n gemeente ontbind, gaan al die los en vaste bates, saam met die boekhouding en dokumente oor na die sinode van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika en hanteer die Saakgelastigde van die kerk hierdie bates namens die Sinodale Finansiële Kommissie.

I7.2 As ’n gemeente die denominasie wil verlaat, moet hulle die Sinodale Kommissie inlig by die vroegste stadium van so ’n besluit, sodat daar deur broederlike gesprek die motivering, besluite en prosedures ondersoek kan word, die behoeftes van al die lidmate in ag geneem kan word en die bates wat aan die Kerk behoort beveilig kan word.

I7.3 Lede van die kerkraad wat volgens die Grondwet en sinodale besluite uit diens getree het, of in hul bediening geskors of gestuit is, of uit hul amp ontset is, of bedank het, verloor daardeur die bevoegdheid om te handel in die beheer en administrasie van goedere en fondse. Hulle sal bowendien verplig wees om aan die kerkraad, of waar die kerkraad ontbreek of as liggaam buite werking getree het, aan die ring waaronder die gemeente ressorteer, rekening en verantwoording te doen, met oorgawe van alle goedere en fondse en alles wat onder enige titel of benoeming onder hulle administrasie was, op sodanige tyd as wat deur die kerkraad of deur die ring bepaal word.

I7.4 Waar ’n kerkraadslid kennis ontvang het of kennis gee van ’n beoogde skorsing, stuiting of ontsetting uit die amp, of van ’n bedanking uit die amp of kerkverband, veral waar ’n geskil of tughandeling betrokke is, verloor sodanige ampsdraer of lid ook sy bevoegdheid om te handel in die beheer en administrasie van goedere en fondse van die kerkraad en gemeente. Waar ’n kerkraad besluit of beplan om die kerkverband te verlaat, mag daar geen verdere skuld aangegaan word nie, veral nie om enige gemeentelede wat sou oorbly

of die kerkverband daardeur te benadeel en die groep wat wil onttrek te bevoordeel nie.

Bepaling I8 - Opsetlikheid en Nalatigheid

I8.1 Waar ’n kerkraadslid, of kommissielid die kerkraad of ’n bepaalde kerklike kommissie of raad uit hoofde van nalatigheid, opset om te benadeel, persoonlike voordeel, doelbewuste verontagsaming van die voorskrifte van die grondwet of ander mala fide rede finansieel bind, eiendomme beswaar, lenings aangaan en dies meer kan hy deur die kerkraad of kerk vervolg word en vir die bedrag verantwoordelik gehou word.

I8.2 Die kerkraad of kerk aanvaar geen verantwoordelikheid vir skuld gemaak deur individue op bedrieglike wyse, of deur die verontagsaming van die voorskrifte van die grondwet nie.

Reglement J

REGLEMENT VIR DIE DIENSVERHOUDING MET LERAARS

Sien ook Artikel 3 wat handel oor die kerk se leraars.
Sien ook Bepaling 3.6 wat handel oor die diensbeëindiging van leraars.
Sien ook Reglement D wat handel oor die ondersoek van klagtes.

Bepaling J1 - Werkgewer en werknemer

J1.1 Die gemeente of kerkvergadering (ring, sinode) in wie se diens die leraar staan, is die werkgewer van die leraar.

J1.2 Die werkgewer tree op deur middel van sy grondwetlik gevolmagtigde vergadering, t.w. die kerkraad, ring of sinode, of betrokke gevolmagtigde kommissie.

J1.3 Legitimasie behels die verlening van ampsbevoegdheid in die kerk en is die taak van die Proponentseksamenkommissie, maar geen diensverhouding kom tot stand tussen ’n leraar en die Proponentseksamenkommissie of die Christelike Gereformeerde Kerk as sulks nie. ’n Leraar mag in diens geneem word binne die kerk ná legitimasie, maar verloor enige aanstelling in die kerk onmiddellik as sy legitimasie op grondwetlike wyse tot niet verklaar word.

Bepaling J2 - Totstandkoming van die diensverhouding

J2.1 Die diensverhouding tussen ’n leraar en sy werkgewer kom tot stand deurdat op wettige wyse ’n beroepsooreenkoms aan leraars aangebied word, dit onderteken en kerklik goedgekeur word.

J2.2 Die getekende en goedgekeurde beroepsooreenkoms is die dienskontrak tussen werkgewer en werknemer. Dit bevat die dienspligte van die leraar asook die diensvoordele wat aan hom betaalbaar is volgens die grondwet. Die beroepsooreenkoms kan voor ondertekening, binne die voorskrifte en gees van die grondwet onderhandel en gewysig word. Alle wysigings moet in skrif aangebring word.

J2.3 Die aanvangsdatum van die diens word hetsy in die beroepsooreenkoms gespesifiseer, of tussen die werkgewer en werknemer onderhandel, waarvan noukeurig notule gehou moet word.

J2.4 Toelating, beroeping en bevestiging van die leraar is soos omskryf in Art 3.1, 3.2, 3.3.

J2.5 Tensy andersins gespesifiseer is die dienspligte van die leraar soos omskryf in Art 3.4.

J2.6 Tensy andersins gespesifiseer is die diensvoordele van die leraar soos omskryf in Art 3.5 en Regl. J.

J2.7 Die dienskontrak kan van tyd tot tyd met wedersydse instemming skriftelik gewysig word en as sodanig deur beide partye onderteken word.

J2.8 Daar moet te alle tye ’n skriftelike dienskontrak tussen leraars en die betrokke kerklike vergadering bestaan, waarin die voorwaardes en voordele van diens, soos hierbo genoem, duidelik uiteengesit word. Werkgewers in die kerk moet jaarliks hulle diensooreenkoms met hul werknemers aanpas sodat die huidige voorwaardes en voordele van diens te alle tye op skrif gestel is. Die Bylaag van Voordele kan hiervoor gebruik word. Werkgewers wat nie ’n opgedateerde geskrewe dienskontrak tussen hulle en hul leraars het nie, oortree die grondwet van die kerk en stel hulself regtens bloot.

Bepaling J3 - Bestuur van die diensverhouding

J3.1 Die werkgewers in die kerk kan ’n kommissie afvaardig om die diensverhouding tussen hom en sy werknemers (leraars) te bestuur. Kundiges kan ook in adviserende hoedanigheid gekoöpteer word.

J3.2 Werkgewers in die kerk moet van elke leraar ’n rekord byhou waarin enige aksies rakende die dienskontrak tussen hulle geboekstaaf word.

J3.3 Addisioneel tot die boekstawing van die dienskontrak genoem in J3.2 en in lyn met J2.8 word die werkgewer versoek om by elke wysiging daarvan ’n afskrif aan die Saakgelastigde te besorg ter bevestiging.

Bepaling J4 - Traktement

J4.1 Alle leraars is geregtig op ’n traktement soos bepaal deur die kerkraad of ander werkgewende kerklike vergadering, in ooreenstemming met die riglyne van die Sinodale Finansiële Kommissie.

J4.2 Leraars kan ook deur kerkrade in tentmaker hoedanigheid in diens geneem word, of met gedeeltelike betaling per dienste gelewer.

J4.3 Bykomend tot leraars se traktement, kan ook toelaes gevoeg word om te vergoed vir uitgawes ten opsigte van behuising, vervoer, onthaal, telefoon, ens. Die toelaes word toegestaan, soos moontlik en soos nodig, in ooreenstemming met die riglyne van die Sinodale Finansiële Kommissie.

J4.4 ’n Kerkraad of kerkvergadering het die reg om ’n leraar se salarispakket so saam te stel dat op wettige wyse, met inagneming van heersende regulasies, die betaling van belasting vermy kan word.

Bepaling J5 - Vakansiebonus

J5.1 Alle leraars is geregtig op ’n jaarlikse vakansiebonus gelykstaande aan een maand se traktement. Toelaes kan daarby ingesluit of uitgesluit word soos dit vir die kerkraad moontlik is. Waar dit vir die kerkraad nie finansieel moontlik is om ’n volle vakansiebonus uit te betaal nie, kan ’n gedeelte daarvan uitbetaal word of kan die betaling daarvan kan in die geheel opgeskort word. Besluite oor die nie-betaling van die vakansiebonus moet deur die volle kerkraad geneem word. Leraars is nie geregtig op die vakansiebonusse van vorige jare, wat nie toe finansieel haalbaar was nie. Geskille tussen die leraar en kerkraad oor die finansiële haalbaarheid van die vakansiebonus kan na die Sinodale Finansiële Kommissie verwys word vir ’n finale beslissing.

J5.2 Die vakansiebonus kan in ’n enkelbedrag of paaiemente uitbetaal word volgens ooreenkoms tussen die kerkraad en die leraar.

J5.3 By bevestiging in ’n nuwe gemeente, by sy aanvaarding van demissie, of by sy afsterwe in diens van die kerk, is elke kerkraad, of toepaslike kerkvergadering, verantwoordelik vir ’n pro rata gedeelte van die bonus.

Bepaling J6 - Verlof

Vakansieverlof

J6.1 Alle leraars is geregtig op 42 (twee en veertig) kalenderdae vakansieverlof per kalenderjaar, en waar ’n leraar in ’n nuwe arbeidsveld begin werk, is hy geregtig op pro rata verlof vir die gedeelte van die jaar wat hy daar werk.

J6.2 Vakansieverlof kan oorgedra word na ’n volgende jaar, op voorwaarde dat ’n leraar nooit meer as die maksimum van 30 dae opgehoopte verlof tot sy krediet mag hê nie. By diensbeëindiging is daar dus ook nooit meer as 30 dae opgehoopte verlof uitbetaalbaar nie.

J6.3 Vakansieverlof moet geneem word met toestemming van die kerkraad en met die voordeel van die gemeente in gedagte.

Siekteverlof

J6.4 Alle leraars is geregtig op volle betaalde siekteverlof van 120 dae in ’n siklus van drie jaar. Waar siekteverlof hierdie beperking oorskry moet die ringskommissie in kennis gestel word.

J6.5 Siekteverlof is oordraagbaar van een gemeente na ’n ander, maar is nie afkoopbaar of uitbetaalbaar nie.

Langverlof

J6.6 Alle leraars is geregtig op 10 (tien) dae langverlof vir elke jaar diens in die kerk en mag aangewend word na 5 jaar diens in die kerk en 3 jaar diens in die gemeente of kerklike vergadering in wie se diens hy staan.

J6.7 Langverlof is oploopbaar tot ’n maksimum van 100 (eenhonderd) dae, maar is nie afkoopbaar of uitbetaalbaar nie.

J6.8 Langverlof mag geneem word soos vakansieverlof, tot op ’n maksimum van 30 (dertig) dae per geleentheid, met die toestemming van die kerkraad. Die res moet geneem word met die voordeel van die kerk in gedagte, bv. vir studies, navorsing, geestelike verryking of ’n reis tot dien effek.

Menslikheidsverlof

J6.9 Alle leraars is geregtig op menslikheidsverlof van drie dae per jaar, in die geval van dood of ernstige siekte of ander krisis in die familie. Die kerkraad of kerkvergadering kan hierdie verlof verleng.

Studieverlof

J6.10 ’n Leraar is ook geregtig op studieverlof vir 2 (twee) dae per geleentheid vir die doel om eksamens af te lê.

Bepaling J7 - Pensioenfonds

Alle leraars is verplig om te behoort aan die Sinodaal goedgekeurde pensioenfonds. Geen uitsonderings word toegelaat nie, behalwe by leraars wat in tentmaker- of deeltydse hoedanigheid werk en vir die doeleindes daarvan, reeds aan ’n pensioenfonds behoort.

Bepaling J8 - Mediese Fonds

J8.1 Alle leraars word aanbeveel om aan ’n mediese skema te behoort wat gereguleer word deur die Raad vir Mediese Skemas. Die Sinodale Finansiële Kommissie hou nie alleenlik ’n lys by van mediese skemas wat onder die regulering van die Raad van Mediese Skemas val nie, maar gee ook advies in dié verband.

J8.2 Dit is die taak van die kerkraad of kerklike vergadering wat ’n leraar emplojeer om om te sien na die mediese voorsiening van leraars deur:

J8.2.1 lidmaatskap aan ’n sinodaal goedgekeurde fonds te finansier so gou as wat dit finansieel haalbaar is, of waar dit onmoontlik is,

J8.2.2 andersins mediese voorsiening te help fasiliteer.

Bepaling J9 - Beëindiging van die diensverhouding

J9.1 Die diensverhouding tussen werkgewers in die kerk en leraars kom tot ’n einde op die wyse soos algemeen

beskryf in Art 3.6. Die verhouding word beëindig op grond van een van die volgende redes:

J9.1.1 aftrede of emeritering (Art 3.6.1, Bep. 3.6.1-6),

J9.1.2 uitdiensstelling a.g.v. finansiële oorwegings (Art. 3.6.2.1, Bep. 3.6.7-9),

J9.1.3 uitdiensstelling a.g.v. tugondersoek (Art 3.6.2.2, Bep.3.6.10-11, Regl. D),

J9.1.4 desersie (Art 3.6.2.3)

J9.1.5 bedanking (Art 3.6.3)

J9.1.6 afsterwe van die leraar terwyl hy in diens staan van die kerk, hetsy gemeente, ring of sinode.

Leraars wat volgens ’n diensooreenkoms werk se aanstelling kom tot ’n einde wanneer hulle diensooreenkoms verstryk.

J9.2 Bo en behalwe wat die bg. artikels, bepalings en reglemente van die kerk voorskryf, is die volgende ook van belang by die diensbeëindiging van leraars:

J9.2.1 Alle redelike stappe moet gedoen word om te verseker dat ’n leraar sy werk behou, wat ook insluit dat hy die geleentheid kry om enige foute te remedieer, indien moontlik. Die leraar moet gehelp word d.m.v. bv. begeleiding of berading om bevredigende diens te lewer, waarna hy ’n redelike tyd gegun moet word om sy diens te verbeter.

J9.2.2 Alle besluite wat geneem word in die proses van diensbeëindiging moet deeglik genotuleer word, en afskrifte van alle aksies moet op die leraar se rekord geplaas word. Die werknemer moet ook skriftelike redes ontvang oor die redes vir sy aflegging of diensbeëindiging, as dit so ’n punt bereik.

J9.2.3 Daar moet streng gehou word by wat die kerk voorskryf (verg. die bg. verwysings), anders stel die werkgewer hom bloot aan geregtelike aksies.

J9.3 Waar ’n leraar emeriteer of uit die kerkverband bedank, word ’n finale vergoedingspakket aan hom uitbetaal wat bestaan uit: alle traktemente en toelaes uitstaande, ’n pro rata gedeelte van sy vakansiebonus, vergoeding vir ’n pro rata gedeelte van sy vakansieverlof, insluitende opgehoopte verlof, en sy regmatige aandeel uit die Pensioenfonds. Die kerkraad kan self besluit om enige ander voordele of gratifikasies eenmalig uit te betaal.

J9.4 Waar ’n leraar uit diens gestel word weens finansiële oorwegings, word ’n skeidingspakket uitbetaal wat ooreenkom met die bedoeling van Bepaling 3.6.7. Meer spesifiek word vereis dat die skeidingspakket sal bestaan uit minstens twee weke se volle vergoeding vir elke jaar diens gelewer aan die betrokke werkgewer, uitgesluit enige uitstaande of opgehoopte verlof, of ander vergoeding soos bedoel in die betrokke bepalings. Daar word weereens in ag geneem dat ’n werknemer in diens van die gemeente, ring of sinode is, en nie van die kerk nie, by die berekening van hierdie skeidingsloon.

J9.5 As ’n leraar te sterwe kom terwyl hy in diens van die gemeente of kerk is, en hy laat ’n eggenoot of afhanklike kinders agter, moet sy werkgewer, hetsy kerkraad, ring of sinode, die volgende finansiële verpligtinge nakom:

J9.5.1 Traktement: Die pro rata gedeelte van die leraar se traktement, insluitende enige ander voordele of toelaes wat hy ontvang het, wat verskuldig is tot by die datum van afsterwe, moet in sy normale bankrekening inbetaal word, waar dit deel sal word van sy boedel. Die berekening moet gedoen word deur die aantal dae van die maand wat reeds gewerk is, te deel deur die totale aantal dae in die maand, gemaal met die volle maandelikse vergoeding.

J9.5.2 Verlof: Die waarde van die pro-rata gedeelte van die leraar se verlof wat verskuldig is tot by die datum van afsterwe, moet bereken en in sy normale bankrekening inbetaal word, waar dit deel sal word van sy boedel. Die berekening moet as volg gedoen word:

J9.5.2.1 Die aantal dae wat die leraar gewerk het in sy huidige verlofsiklus tot met sy afsterwe moet gedeel word deur 356, en gemaal word met 42 verlofdae. Dit, opgerond na die volgende heelgetal, bepaal die hoeveelheid verlof waarop hy vir dié periode geregtig sou wees. Daarvan moet afgetrek word die verlofdae wat hy reeds in dié periode geneem het. Dit bepaal dan die aantal verlofdae wat steeds aan die leraar verskuldig is. Die resultaat, saam met enige opgehoopte verlof, word beperk tot 30 dae.

J9.5.2.2 Die vergoeding verskuldig is die aantal verlofdae wat steeds aan die leraar verskuldig is, gemaal met sy daaglikse salaris (die volle jaarlikse vergoeding gedeel deur 365).

J9.5.2.3 Langverlof of ander tipes verlof word nie by hierdie vergoeding ingesluit nie.

J9.5.3 Vakansiebonus: Die pro-rata gedeelte van die leraar se vakansiebonus, wat verskuldig is tot by die datum van afsterwe, moet bereken en in sy normale bankrekening inbetaal word, waar dit deel sal word van sy boedel. Die berekening moet gedoen word deur die aantal maande gewerk, te deel deur 12 en dan te maal met die bedrag van sy gewone vakansiebonus. Gedeeltes van maande mag opgerond word na volle maande.

J9.5.4 Gratifikasie aan naasbestaandes: Buiten die bogenoemde is die leraar se eggenoot en/of afhanklike kinders geregtig op sy volle vergoedingspakket vir ’n periode van drie maande, bereken vanaf die datum van afsterwe. Hierdie bedrae is ’n gratifikasie van die kerk aan hulle en word aan hulle direk betaal (en nie in die leraar se bankrekening nie), en hou geen verband met die boedel van die afgestorwene nie.

J9.5.5 Pensioenfondsbydrae: Die betaling van bydraes tot die afgestorwe leraar se pensioenfonds word gestaak vanaf die eerste van die maand waarin die leraar te sterwe kom.

J9.5.6 Begrafniskoste: Die werkgewer mag sy eie diskresie gebruik om te besluit om ’n deel van die leraar se begrafniskoste te dek, indien die fondse daarvoor beskikbaar is. Hierdie Bepaling is nie bindend nie, aangesien dit verkieslik is om te verseker dat die leraar (en sy eggenote) voldoende begrafnisversekering het terwyl hy nog lewe.

J95.7 Praktiese reëlings:

J9.5.7.1 Die kerkraad moet die bogenoemde berekenings, bedrae en betalings amptelik goedkeur en, om enige misverstande te vermy, moet die naasbestaandes van die gestorwe leraar voorsien word van ’n brief waarin hierdie berekenings en betalings duidelik uiteengesit word, met verwysing na hierdie Reglement.

J9.5.7.2 Die naasbestaandes van die afgestorwe leraar moet geadviseer word dat hulle moontlik die reg het, afhangende van die dienstermyn, om ’n eis in te dien teen die Werkloosheidsversekeringsfonds. Hulle kan verwys word na die WVF se webblad, waar die nodige eisvorms verkry kan word.

J9.5.7.3 Die naasbestaandes van die afgestorwe leraar kan geadviseer word om so spoedig moontlik ’n bankrekening te open wat nie deel van die afgestorwene se boedel sal vorm nie.

Bepaling J10 - Algemeen

J10.1 Dit is die plig van kassiere om die vergoeding van leraars in hul diens ordelik, korrek en betyds te reël, deur gebruik te maak van ’n salaris-advies en traktementstaat soos voorgestel.

J10.2 Dit is die plig van skribas om die verlof van leraars in hul diens ordelik en korrek te reël en te boekstaaf, deur gebruik te maak van die Verlofregister soos voorgestel.

Bepaling J 11 - Sekondering van leraars aan ander gemeentes, kringe of groepe

J 11.1 Gesekondeerde leraars is gelegitimeerde leraars van die kerk wat deur ’n amptelike vergadering van die kerk gesekondeer word vir bediening buite die kerk, bv. na sendingorganisasies, para-kerklike organisasies of ander organisasies met wie se doel en etos die kerk homself kan vereenselwig. Die kerklike vergadering neem self verantwoordelikheid om te oordeel oor die toepaslikheid van die buitekerklike organisasie, maar in gevalle waar die organisasie nie ’n duidelike geestelike karakter het nie, word goedkeuring gevra by ’n meerdere vergadering.

J 11.2 Die volgende bepalings is van toepassing op Gesekondeerde leraars:

J 11.2.1 Die gesekondeerde leraar en sy gade is lidmate van ‘n CGK gemeente, verkieslik binne die Ringsressort waarin hy en sy gesin woonagtig is. Hierdie gemeente neem verantwoordelikheid vir die pastorale versorging van en opsig oor die leraar en sy gesin wat leer en lewe betref.

J 11.2.2 Die gesekondeerde leraar lewer bewys van sy bediening wat hierdie status waardig is, by wyse van gereelde verslaglewering aan die gemeente en ring.

J 11.2.3 Die gesekondeerde leraar moet ’n wettige dienskontrak met die buitekerklike bediening he.

J 11.2.4 Die gesekondeerde leraar moet aan ‘n pensioenfonds behoort en neem self verantwoordelikheid vir ’n mediese fonds.

J 11.2.5 Die gesekondeerde leraar moet rings- en sinodale vergaderings bywoon, en kerkraadsvergaderings soos onderling gereël. Die gesekondeerde leraar het nie nodig om ‘n geloofsbrief in te dien vir die bywoning van sodanige vergaderings nie.

J11.2.6 Aangesien ‘n gesekondeerde leraar ‘n geordende leraar in die kerk is, wat deur ‘n kerkraad tot ‘n sekere bediening gesekondeer is, word hy as diensdoende in die kerk geag.

Reglement K
REGLEMENT VIR MIKROGEMEENTES

Sien ook Artikel 4.4 oor die werk van pastorale assistente.

Bepaling K1 - Benaming en bediening

K1.1 'n Mikrogemeente (vroeër bekend as 'n "werkkring") is 'n kleiner kerklike struktuur as 'n gemeente, wat in 'n bepaalde gebied bedien, en wat bedryf word met die oog op die ontwikkeling daarvan tot 'n onafhanklike gemeente.

K1.2 'n Mikrogemeente word normaalweg deur 'n gemeente geïnisieer in samewerking met die ring. Die Sinodale Sekretaris vir Evangelisasie kan ook 'n plaaslike gemeente of ring nader om 'n mikrogemeente te inisieer. In alle gevalle word 'n mikrogemeente amptelik deur die ringskommissie verklaar.

K1.3 'n Mikrogemeente word bedien deur 'n leraar van die Christelike Gereformeerde Kerk vanuit sy bestaande gemeente of bediening, of deur 'n leraar wat spesifiek daarvoor afgesonder is deur 'n gemeente, ring of kerklike kommissie. 'n Mikrogemeente kan ook bedien word deur 'n leraar in deeltydse of tentmaker-hoedanigheid, of deur 'n proponent, emeritus, pastorale assistent (volgens Artikel 4.4) of ander ongeordende werkkrag, bv. 'n ouderling.

Bepaling K2 - Bestuur en administrasie

Lidmaatskap

K2.1 Die lidmate van 'n mikrogemeente is solank as wat die mikrogemeente nie selfstandig is nie, op die lidmate register van 'n nabygeleë volwaardige gemeente (of "moedergemeente").

K2.2 Vir die doeleindes van onderskeiding kan die lidmate van 'n mikrogemeente apart gehou word van die lidmate van die moedergemeente deur bv. op die registervorms die mikrogemeente se naam in hakies aan te dui.

Die reëlingskomitee

K2.3 'n Reëlingskomitee word vir die mikrogemeente gestig, bestaande uit die leraar of geordende werkkrag wat daar arbei, of so nie uit 'n pastorale assistent of ouderling, saam met enkele lidmate van die mikrogemeente. Hierdie komitee bestuur die aktiwiteite van die mikrogemeente in noue samewerking met die moedergemeente.

K2.4 Waar die mikrogemeente dit regverdig, mag die kerkraad van die moedergemeente 'n aantal kerkraadslede uit die geledere van die mikrogemeente kies, met die doel om die mikrogemeente op die kerkraad te verteenwoordig. In hierdie verband is dit toelaatbaar vir die kerkraad om met die ringskommissie te konsulteer vir nominasies. 'n Mikrogemeente het nie 'n kerkraad nie en die reëlingskomitee vergader steeds as sulks en nie as 'n kerkraad nie, selfs al dien daar kerkraadslede daarop. Die reëlingskomitee mag egter as kommissie van die kerkraad van die moedergemeente funksioneer.

K2.5 Die reëlingskomitee is by magte om besluite te neem, maar die uitvoering daarvan moet deur die kerkraad van die moedergemeente bekragtig word. 'n Reëling mag getref word tussen die reëlingskomitee en die moedergemeente oor die mandaat waarmee die mikrogemeente hulle besluite self mag uitvoer.

K2.6 Waar 'n kerkraad lede het wat 'n mikrogemeente verteenwoordig, is die kerkraad nie van die lede van die mikrogemeente afhanklik om 'n kworum te vorm vir vergaderings, as dit oor eie sake gaan nie.

K2.7 Die reëlingskomitee doen aan die moedergemeente en die ringskommissie verslag van die werksaamhede op die basis waarop verslae aangevra word.

Die bestuur van fondse

K2.8 Alle fondse wat ter wille van die mikrogemeente geïn word, word bestuur deur die moedergemeente in 'n aparte rekening, met tekenmagte soos nodig aan die reëlingskomitee van die mikrogemeente, met inagneming van die bedoeling van Artikel 6.3.5 en Reglement I.

K2.9 Waar 'n mikrogemeente se grootte of afstand dit regverdig mag die reëlingskomitee aansoek doen om hul eie fondse in hul eie rekening te administreer, met die aanbeveling van die ringskommissie en met verslaglewering aan die moedergemeente, met inagneming van die bedoeling van Artikel 6.3.5 en Reglement I.

Verslaglewering en afvaardiging

K2.10 Die mikrogemeente se verslag aan die ring en sinode word by die verslag van die moedergemeente ingesluit. Die mikrogemeente se verslag mag egter ook apart aangedui en aangebied word.

K2.11 Vir die doel van rings- en sinodesittings word 'n mikrogemeente verteenwoordig as deel van die afvaardiging van die moedergemeente, met die moedergemeente se geloofsbrief. Die moedergemeente se afvaardiging kan so saamgestel wees dat die mikrogemeente ook verteenwoordig word.

K2.12 Waar moontlik word 'n mikrogemeente by die ring of sinode verteenwoordig deur 'n leraar of 'n ander

geordende werkkrag, en waar dit die geval is mag ’n ouderling uit die mikrogemeente so ’n verteenwoordiger vergesel. Alle afgevaardigdes moet van geloofsbriewe voorsien wees, hetsy van die moedergemeente, of van ‘n ander kerklike vergadering in wie se diens die werkkrag staan. Andersins oordeel die vergadering self oor die verteenwoordiging van ’n mikrogemeente by ’n vergadering, bv. deur ‘n pastorale assistent of ‘n ouderling, onderhewig daaraan dat by die grondwet gehou word (bv. wat stemgeregtigheid betref) en dat mikrogemeente wel op meerdere vergaderings verteenwoordig moet word.

Bepaling K3 - Die stigting van ’n nuwe gemeente

Voorbereiding

K3.1. ’n Nuwe gemeente kan gestig word as die mikrogemeente ’n minimum van 30 lidmate bereik het en as die moedergemeente die mikrogemeente en die ring oordeel dat dit as ‘n gemeente selfstandig kan funksioneer.

K3.2 ’n Nuwe gemeente word ook gestig as ’n bestaande gemeente wil afstig of verdeel en die kerkraad en ring daarmee eens is. Meer as een gemeente kan ook betrokke wees by die vorming van ’n nuwe gemeente. In alle gevalle is die prosedure dieselfde.

K3.3 In alle gevalle moet die ring die stigting van ’n nuwe gemeente in sy resort goedkeur, nadat toestemming daartoe deur die betrokke moedergemeente gevra is. Die ring ondersoek die verdienstelikheid van die aansoek in terme van lidmaattal, finansies, bediening en ander relevante faktore, en gee toestemming tot stigting. Die ring dra dit aan die ringskommissie op om die stigting van die nuwe gemeente te lei.

K3.4 Die ringskommissie lei gesprekke tussen die reëlingskomitee en die moedergemeente se kerkraad aangaande die nuwe gemeente se naam, lede, stigtingsdatum, bediening en enige besondere voorwaardes.

K3.5 Die ringskommissie gee kennis van die te stigte gemeente in die amptelike orgaan en roep ’n vergadering van lidmate wat aangedui het dat hul deel van die nuwe gemeente sal uitmaak saam, deurdat daar ten minste twee weke kennis gegee word deur afkondiging in die mikrogemeente en in die betrokke gemeentes.

Die stigting van die nuwe gemeente

K3.6 Op die stigtingsvergadering, wat die vorm van ’n erediens aanneem, kondig die ringsvoorsitter die stigting aan, met vermelding van:

- K3.6.1 die toestemming wat die ring verleen het tot die stigting (met aanhaling uit die betrokke notule);
- K3.6.2 die naam van die gemeente, wat aangedui word as die Christelike Gereformeerde Kerk met besondere plekaanduiding of gemeente naam;
- K3.6.3 die naam van elke stigterslid;
- K3.6.4 wie die bediening van die Woord behartig en,
- K3.6.5 wie as konsulent aangewys is.

K3.7 Op die stigtingsvergadering word gewoonlik ook kerkraadslede gekies volgens die betrokke reglement, en onder leiding van die ringsvoorsitter en bekend gemaak. Hierdie verkiesing kan egter ook op ’n gemeentevergadering so spoedig moontlik na die stigting geskied.

K3.8 Na die stigting word die nuwe gemeente bedien soos ooreengekom en afgekondig, maar die kerkraad kan ’n beroepsvergadering hou om ’n leraar te beroep. Indien daar ’n pastorale assistent met ’n ooreenkoms werksaam was, moet hierdie aspek in samewerking met die ringskommissie uitgeklaar word.

Geskille

K3.9 Geen nuwe gemeente mag gestig word vanuit ’n skeuring of tugprosedure nie.

K3.10 Geskille wat by die stigting van ’n nuwe gemeente ontstaan word na die ringskommissie en die ring verwys, met die reg op appèl na die Sinodale Kommissie en die sinode.

Gemeentes se verandering na mikrogemeentes

K3.11 Wanneer ’n gemeente se lidmaattal vir meer as een jaar onder 30 lidmate bly (sien K3.1), moet die ringskommissie in samewerking met die kerkraad of konsulent ‘n proses aktiveer om hul status te verander na ‘n mikrogemeente.

K3.12 ‘n Gemeente wat meer as 30 lidmate het, maar geen geordende leraar het of voorsienbaar in die toekoms sal kan hê of bekostig nie, of ‘n gemeente wat uitdagings beleef wat betref bediening, finansies, administrasie of verslaglewering, kan ook deur die ring as ‘n mikrogemeente verklaar word, na ‘n proses van konsultasie met die leierskap.

Reglement L
REGLEMENT VIR DIE ARGIEF

Bepaling L1 - Aanstelling

L1.1 Die Sinodale Argivaris word aangestel deur die sinode en tree op as voorsitter van die Argiefkommissie, wat eweneens deur die sinode aangewys word. Die argiefkommissie bestaan uit drie lede, wat almal lidmate van die kerk moet wees.

L1.2 Die uitgawes van die Argivaris en die argief word befonds deur die sinode. Die Argivaris se diensvoorwaardes word deur die Sinodale Kommissie vasgestel.

Bepaling L2 - Funksies

L2.1 Die Argivaris moet onder toesig van die Argiefkommissie:

- L2.1.1 argivale stukke in ontvangs neem, en van alle aanwinste skriftelik erkenning gee
- L2.1.2 sovêr moontlik alle beskadigde stukke vakkundig laat herstel
- L2.1.3 mettertyd alle stukke volgens ’n aanvaarbare beginsel laat inbind
- L2.1.4 toesien dat alle bande, bundels, lêers en ander argiefstukke stelselmatig genumereer en op inventaris geplaas word
- L2.1.5 toesien dat die nodige vind-middels vir alle argiefstukke opgestel word
- L2.1.6 teen nasoekgelde uittreksels uit argiefstukke te voorsien
- L2.1.7 alle take in verband met versameling, bewaring, ontsluiting, navorsing en publikasie in en met betrekking tot die argief vervul.

L2.2 Om alle dienste in die argief op ’n deeglike en wetenskaplike wyse in stand te hou en uit te bou moet die Argivaris hom beywer vir die tegniese aspek van die inligtingswese van die kerk en hom op hoogte hou van ontwikkelinge in die argief- en inligtingkunde.

L2.3 Die Argivaris het die verantwoordelikheid en reg om kerkrade, ringe, die sinode en kerklike kommissies argiefbewus te maak en op die inlewering van argiefstukke, en om aan te dring op die vervanging en/of verbetering van stukke wat nie aan die voorskrifte van die reglement en/of aan die algemeen aanvaarde argiefvereistes voldoen nie. Die Argivaris moet spesifiek aan die gemeentelike skribas/registerhouers leiding gee oor die inlewering van argivalia en die vernietiging van efemere stukke, en kan ook leiding gee by die ordening, instandhouding, bewaring en uitbouing van ’n gemeente-argief.

L2.4 Die Argivaris moet kerkhistoriese navorsing aanhelp deur aan versoeke i.v.m. kerkhistoriese publikasies e.a. argiefstukke binne ’n redelike tyd gevolg te gee en oor navorsing uit die argief doeltreffende kontrole uit te oefen. Die Argivaris mag op eie diskresie of op advies van die argiefkommissie argiefstukke vir navorsing en/of kopiëring beskikbaar stel of weier, maar by weiering mag ’n navorser hom op die Sinodale Kommissie beroep. By enige gebruik van argiefstukke, vir navorsing of andersins, moet die volgende bepalinge gehandhaaf word:

- L2.4.1 die noodsaaklikheid van die versigtige hantering van argiefstukke moet tuisgebring word
- L2.4.2 argiefstukke sal hoegenaamd nie buite die argief lokaal aan iemand uitgeleen word nie
- L2.4.3 navorsing in die Argief sal alleen gedurende vasgestelde ure geskied.

L2.5 Die Argivaris moet self genetiese argiefstudie doen en rekordbeheer uitoefen, en het daarvoor beskikkingsmag oor alle argivalia wat in die kerk geskep word.

Bepaling L3 - Verslaglewering

L3.1 Die Argivaris doen verslag aan elke gewone vergadering van die argiefkommissie oor sy werk.

L3.2 Die Argivaris doen skriftelik verslag namens die argiefkommissie aan die sinode, wat hy vir die doel met adviserende stem mag bywoon.

Bepaling L4 - Voorligtingstuk aan skribas oor die inlewering van argivale stukke

Algemene bepalings

L4.1 Dit is die taak van die skriba van kerklike vergaderings (insluitende gemeentes) om volledige rekords te hou van die betrokke vergadering se werksaamhede, asook om afskrifte van daardie rekords op ’n jaarlikse basis aan die argief te stuur vir bewaring.

L4.2 Die algemene reël is dat afskrifte van alle toepaslike materiaal aan die einde van die jaar gemaak moet word en aan die argief gestuur word. Vir hierdie doel mag die skriba by die maak van notules, ens. reeds ’n kopie vir die argief ekstra maak en eenkant bewaar vir jaarlikse opsending.

Besondere bepalings

L4.3 Die skriba van die kerkraad het die volgende take met betrekking tot die opstuur van rekords na die Argief:

L4.3.1 by die aanvanklike opstel van die lidmaatregister, bv. by die stigting van ’n nuwe gemeente, moet die skriba die volledige lidmaatregister per fotostaat kopieer en aan die argief stuur.

L4.3.2 Daarna moet die skriba aan die einde van elke jaar deur die lidmaatregister (huidige en vorige lidmate) en die Doopregister gaan en alle vorms wat die inskrywingsdatum van daardie jaar dra (m.a.w. wat hierdie jaar geskep of gewysig is) per fotostaat kopieer en aan die argief stuur.

L4.3.3 By dieselfde geleentheid moet die skriba ook die notules van die betrokke jaar se kerkraadsvergaderings per fotostaat kopieer en aan die argief stuur.

L4.3.4 Alle ander stukke wat vir die gemeente van belang is of was gedurende daardie jaar, bv. aktes, fotos, konsistorieboeke, gemeente blaadjies, ens. kan aangestuur word, aangesien dit later die geskiedenis van die gemeente rekonstrueer.

L4.4 Skribas van ander kerklike vergaderings moet aan die einde van die jaar die notules van die betrokke jaar per fotostaat kopieer en aan die argief stuur, saam met afskrifte van alle verslae wat bv. van kommissies, gemeentes of ringe ontvang is (bv. statistiek vorms, Staat van Godsdiens, ens.).

L4.5 Korrespondensie, verslae en statistieke wat notules toelig, en ’n deel of bylaag by ’n notule uitmaak, moet ook opgestuur word, maar korrespondensie, ens. waarvan die inhoud reeds in die notule opgeneem is, is efemere materiaal - sien ook die volgende paragraaf.

L4.6 Stukke wat aan die argief gestuur word moet stewig verpak word en per geregistreerde pos gestuur word aan die Argivaris: Christelike Gereformeerde Kerk.

Reglement M
REGLEMENT VIR KASSIERE

Sien ook Artikel 6.3 oor die stoflike bates van die kerkvergaderinge.
Sien ook Reglement I oor die beheer van kerklike goedere en fondse.
Sien ook Reglement J oor die diensverhouding met leraars.

Bepaling M1 - Die funksies en vereistes van die kassier

M1.1 'n Kassier word deur die kerkraad aangestel om verantwoordelikheid te neem vir die finansies van die gemeente, en meer spesifiek om
- M1.1.1 beheer uit te oefen oor die opneem van alle gelde,
- M1.1.2 beheer uit te oefen oor die maak van enige uitbetalings,
- M1.1.3 alle transaksies volgens aanvaarbare rekeningkundige beginsels behoorlik te boekstaaf, asook om alle toepaslike finansiële rekords by te hou en te sorg vir die voorgeskrewe terugvoering en verslaglewering,
- M1.1.4 uitvoering te gee aan die opstel van 'n jaarlikse begroting,
- M1.1.5 te skakel met die Sinodale Finansiële Kommissie en die Administrateur van die Pensioenfonds.

M1.2 Die verantwoordelikheid van 'n kassier is dus baie groot en daarom word die volgende vereistes deur die kerk vir kassiere gestel:
- M1.2.1 Absolute betroubaarheid, eerlikheid en integriteit. 'n Kassier mag nie iemand wees wat voorheen skuldig bevind is aan 'n ekonomiese misdryf nie, tensy die sinode anders oordeel.
- M1.2.2 Meelewing in die sake van die gemeente en getroue diens bywoning is noodsaaklik, sodat daar toesig kan wees oor die opneem en boekstawing van enige gelde ontvang, en met insig opgetree kan word in elke aspek van die gemeente se finansies.
- M1.2.3 'n Basiese kennis van boekhouding sal as 'n aanbeveling dien.

M1.3 Waar kassiere meestal sonder vergoeding hul dienste aan die gemeente bied, is dit gepas as die kerkraad aan hulle 'n honorarium of ander blyk van waardering gee vir die werk wat hulle doen.

M1.4 Wat in hierdie reglement vir kassiere van 'n kerkraad geld, geld mutatis mutandis ook vir die kassiere van ander kerkvergaderings.

Bepaling M2 - Die basiese beginsels van die gemeentelike finansies

M2.1 Alle finansies van die gemeente verteenwoordig die Here se geld en moet daarom met die noukeurigste sorg hanteer word. Ook wat die besteding daarvan betref moet met verantwoordelikheid, oorleg en 'n gesonde mate van konserwatisme en dissipline te werk gegaan word.

M2.2 Kerkrade moet 'n tjekrekening open in die naam van hulle gemeente, nl. "Christelike Gereformeerde Kerk ....." (met plekaanduiding of gemeente naam).

M2.3 Alle gelde wat ontvang word moet eers gebank word. Daar moet dus 'n deposito op die bankstaat verskyn waarvan die bedrag ooreenkom met die bedrag wat opgeneem is.

M2.4 Alle uitbetalings moet per tjek gedoen word. Geen betalings mag kontant uit die kollekte gedoen word nie, maar sien Bep. M3.5.

M2.5 Tjeks moet altyd met 'n swart pen, wat nie uitwisbaar is nie, ingevul word. Begin alle inskrywings so na as moontlik aan die linkerkantste kantruimte sonder om openings te laat. Alle tjeks moet gekruis word met die woorde "nie oordraagbaar" en die woorde "of toonder" moet doodgetrek word.

M2.6 Tjekboeke moet te alle tye in veilige bewaring gehou word.

Bepaling M3 - Die opneem en bank van geld

M3.1 Na elke diens moet die geld wat opgeneem is deur twee diakens getel en opgeskryf word. Om die betrokkenes te beskerm mag geld nooit alleen getel word nie. Die twee persone wat dit tel moet al twee by die bedrag teken.

M3.2 Om die leraar en sy vrou te beskerm, mag nie een van hulle ook kassier wees, of alleen geld tel nie. As 'n reël moet leraars so min as moontlik by die insameling en hantering van gelde betrokke wees. Nadat die inkomste egter reeds deur ander getel, behoorlik geboekstaaf en daarby geteken is, mag die leraar of sy vrou egter die gelde bank, wanneer omstandighede dit noodsaak.

M3.3 'n Deurslagboek, duplikaat-kwitansieboek of iets dergeliks moet vir die doel aangehou word. Die oorspronklike of kwitansie word saam met die gelde aan die kassier oorhandig vir deponering en die duplikaat bly in die boek.

M3.4 Enige gelde wat vir 'n spesifieke doel gemerk is, bv. vroue of sending, moet as sodanig aangeteken word, sodat dit korrek aangewend kan word, en nie sonder meer in die algemene inkomste beland nie. Hierdie

gelde moet so spoedig moontlik, maar nie later nie as die einde van die maand, aan die begunstigde partye oorbetaal word.

M3.5 Alle gelde moet so spoedig moontlik na die inneem daarvan gebank word, indien moontlik reeds die volgende dag. Alle risiko dat die geld verloor of gesteel word moet tot die minimum beperk word. Bank tye moet om veiligheidsredes verkieslik afgewissel word.

M3.6 Die deposito moet die totale bedrag wat geïn is verteenwoordig. Geen kontant mag uit die kollekte geneem word en ’n mindere bedrag dan gedeponeer word nie. Waar ’n kontantuitbetaling wenslik is (bv. vir lone), moet die kassier ’n gemeente tjek vir die bedrag benodig by die kollekte byvoeg om die volle bedrag geïn weer op te maak. Op hierdie wyse word ’n tjek dus bloot uit die kollekte gewissel. Die kassier kan sy tjekteenblad boek vir die uitgawe aangegaan (bv. lone). Hierdie tjeks moet uitgemaak word aan die Christelike Gereformeerde Kerk as begunstigde en gekruis word soos alle ander uitbetalings. Die persoon wat die kontant ontvang, teken dan op die agterkant as bewys van ontvangs. Deurdat die korrekte bedrag gedeponeer word, word swak praktyke uitgeskakel en word die regte inkomste en uitgawes van die gemeente in die rekords gereflekteer, wat die opstel van ’n begroting en verslaglewering vergemaklik.

Bepaling M4 - Die uitbetaal van geld en die leraar se salaris

M4.1 Alle uitbetalings, behalwe soos per Bep. M4.3, moet per tjek geskied. In alle gevalle moet die reëling met die bank so wees dat die tjeks deur twee ampsdraers geteken moet word. Daar moet ’n genotuleerde kerkraadsbesluit wees oor wie die tekenregte het - dikwels dat enige twee van drie ampsdraers mag teken. Tjek teenblaadjies moet volledig ingevul word en verkieslik duidelik aandui waarvoor die uitgawe aangegaan is.

M4.2 Alle aankope moet gestaaf word deur dokumentêre bewys, bv. ’n faktuur, rekening of kasregisterstrokie. Die dokument moet “gekanselleer” word deur dit te teken of die wyse van betaling daarop aan te toon (bv. tjek nommer) of by wyse van ’n stempel.

M4.3 Verbandbetalings, versekering, munisipale rekenings, sinodale heffings, ens. kan ook per debietorder of aftrekorder betaal word. Waar elektroniese betaalwyses soos die outoteller of internet voordeliger, veiliger en goedkoper as tjeks is, mag voorkeur aan hierdie metodes gegee word bo die gebruik van tjeks.

M4.4 Dit is die plig van kassiere om die vergoeding van leraars in hul diens ordelik, korrek en betyds te reël, ook deur gebruik te maak van ’n Salarisadvies (Vorm F1) en ’n Traktementstaat (Vorm F2), waarvan ’n kopie ook op die kassier se lêer moet bly.

M4.5 Werknemersbelasting (LBS) moet volgens die skaal wat die Ontvanger van Inkomste voorskryf, gevorder word en streng volgens die vereistes van die Ontvanger oorbetaal word om boetes en rentes te vermy.

M4.6 Pensioen wat van die leraar gevorder word, moet saam met die pensioen gedeelte wat die kerkraad betaal, aan die Saakgelastigde oorbetaal word aan die einde van die maand.

Bepaling M5 - Finansiële rekords

M5.1 Dit is die plig van die kassier om alle transaksies korrek te boekstaaf en alle finansiële rekords sorgvuldig by te hou.

M5.2 Die Sinodale Finansiële Kommissie beveel aan dat ’n lêer vir elk van die volgende oopgemaak en by die kassier gehou word:

- M5.2.1 bankstate in datum volgorde geliasseer
- M5.2.2 fakture, rekenings en kasregisterstrokies vir diverse aankope
- M5.2.3 verbandstate
- M5.2.4 huurkoop kontrakte en state
- M5.2.5 munisipale rekenings
- M5.2.6 vorige finansiële state
- M5.2.7 begrotings
- M5.2.8 afskrifte van betaalstate van leraar
- M5.2.9 kwitansies en korrespondensie van die Ontvanger van Inkomste
- M5.2.10 state en korrespondensie van die mediese fonds van die leraar
- M5.2.11 state en korrespondensie van die Saakgelastigde

Bepaling M6 - Finansiële state en verslaglewering

M6.1 Die verslagtydperk vir gemeentes is 1 Januarie tot 31 Desember.

M6.2 Finansiële state moet jaarliks vir hierdie periode opgestel word, en die volgende bepalings is hieroor van krag:

M6.2.1 Die kerkraad moet ’n rekeningkundige beampte aanstel om verslag te lewer oor die finansiële jaarstate soos vereis ingevolge artikel 6.3.6.1. Indien die kerkraad vir ’n aaneenlopende tydperk van 6 maande in gebreke bly om ’n rekeningkundige beampte aan te stel of indien die pos van

rekeningkundige beampte vir sodanige periode vakant is, kan die SFK 'n persoon of instansie aanstel om sodanige funksies te vervul en die kostes van die gemeente verhaal tensy anders ooreengekom is ingevolge bepalings M6.2.3.

M6.2.2 Die rol van die rekeningkundige beampte mag nie deur die kassier vervul word nie.

M6.2.3 Indien die kerkraad nie oor die nodige fondse beskik om 'n rekeningkundige beampte ingevolge bepaling M6.2.1 aan te stel nie moet die Sinodale Finansiële Kommissie binne die vermelde 6 maande tydperk genader word ten einde 'n oplossing in die verband te vind.

M6.3 Die volgende dokumentasie moet aan die gemelde ouditeur of rekeningkundige beampte voorsien word:

M6.3.1 kwitansies of bewys van gelde ontvang soos bedoel by Bep. M3.2

M6.3.2 bank depositoboek

M6.3.3 tjek teenblaadjies vir die tydperk genoem asook gewisselde tjeks

M6.3.4 fakture, rekenings en betaalstate soos bedoel by Bep. M4.2

M6.3.5 bankstate vir die tydperk genoem

M6.3.6 verbandstate vir die tydperk genoem indien die gemeente oor verbande beskik

M6 3.7 rekenings vir die tydperk genoem indien die gemeente oor huurkope op toerusting beskik

M6.3.8 rente state indien die gemeente beleggings of vaste depositos het

M6.3.9 'n lys van bates met die waardes daarvan (aankoopprys of geskatte waardes)

M6.3.10 'n kopie van die vorige jaar se finansiële state indien dit beskikbaar is.

M6.4 Die finansiële jaarstate moet deur die kerkraad goedgekeur word en voor die einde van Junie van die daaropvolgende jaar aan die saakgelastigde besorg word.

M6.5 Die kassier moet ook by elke kerkraadsvergadering verslag lewer van die gemeentelike finansies. Dit kan gedoen word deur maandeliks 'n Staat van Inkomste en Uitgawes by te hou. 'n Voorbeeld van hoe dit kan lyk is beskikbaar by die Sinodale Finansiële Kommissie. Op die vergadering moet die kerkraad die uitgawes wat in die interim deur die kassier aangegaan is goedkeur.

Bepaling M7 - Die gemeentelike begroting

Alle uitgawes binne die begroting kan deur die kassier sonder verdere goedkeuring uitbetaal word. Uitgawes buite die begroting moet eers deur die kerkraad of Finansiële Kommissie goedgekeur word. Dit is die taak van die kassier om uitgawes te probeer beperk tot wat die begroting toelaat en enige ongerymdhede in die verband onder die aandag van die kerkraad te bring.

Bepaling M8 - Pensioenfonds

M8.1 Die is die kassier se plig om die Administrateur van die Pensioenfonds onmiddellik in kennis te stel van enige verhoging in salaris van die leraar(s) en met die Administrateur te reël oor enige verhoogde pensioenbydraes wat die kerkraad moet maak.

M8.2 Wanneer 'n leraar uit diens van die kerk tree, is dit die kassier se taak om die Administrateur van die Pensioenfonds onmiddellik te verwittig sodat daar gereël kan word vir die staking van enige pensioenbydraes en vir die uitbetaling van die leraar se aandeel van die Pensioenfonds.

Bepaling M9 - Algemeen

M9.1 Die kerkraad kan 'n Finansiële Kommissie aanstel, waarvan die kassier lid is, om hom te adviseer oor finansiële aangeleenthede, en om enige interim besluit oor die finansies te neem.

M9.2 Vir die doel van verantwoordelike finansiële advies, moet die lede van so 'n kommissie verkieslik manne of vroue wees wat in 'n finansiële beroep of in die sakewêreld staan, maar wat ook met insig en empatie die saak van die gemeente, die kerk en die Koninkryk op die hart dra.

Reglement N
REGLEMENT VIR SPESIALE FONDSE

Bepaling N1 - Heffingsfonds

Doel

N1.1 Die doel van die fonds is om die "Tiende Gee" konsep binne die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika op sinodale vlak te fasiliteer. "Tiende Gee" is die beginsel dat lidmate aangemoedig word om 10% van hulle inkomste as bydrae aan die gemeente te gee, elke gemeente of werkkring 10% van sy inkomste as sinodale heffing aan die kerk betaal, en dat die kerk ook uit daardie fondse 'n bedrag aanwend na buite.

Verkryging van fondse

N1.2 Die fondse word gegenereer deur

N1.2.1 7.5 % van die maandelikse "Tiende Gee" bedrag wat die Sinodale Fonds ontvang van gemeentes of werkkringe aan die fonds oor te betaal. Die persentasie kan verhoog of verlaag word afhangende van die finansiële situasie van die Sinodale Fonds. Toestemming hiervoor moet van die Sinodale Finansiële Kommissie verkry word.

N1.2.2 Rente wat verkry word op kredietbalanse.

N1.2.3 Skenkings.

Reëls

N1.3 Die kommissie besluit oor die aanwending en toekenning van fondse vir projekte. Wanneer die bedrag R 5000-00 oorskry, moet dit voorgelê word aan die Sinodale Kommissie. Die kommissie bestaan uit die volgende persone: Die Moderator van die Christelike Gereformeerde Kerk, enige ander lid van die Sinodale Kommissie en die Saakgelastigde van die Christelike Gereformeerde Kerk.

N1.4 Die fondse wat gegenereer word sal buite die Christelike Gereformeerde Kerk aangewend word vir sending, barmhartigheid, opleiding of ander verdienstelike sake waaroor die kommissie besluit.

Bepaling N2 - Bystandfonds vir nuwe gemeentes en werkkringe

Doel

N2.1 Die doel van die fonds is om finansiële bystand te verleen aan nuut gestigte gemeentes of werkkringe.

Verkryging van fondse

N2.2 Die fondse word gegenereer deur:

N2.2.1 5 % van die maandelikse "Tiende Gee" bedrag wat deur die Sinodale Fonds ontvang word van gemeentes of werkkringe aan die fonds oor te betaal. Die persentasie kan in uitsonderlike situasies verhoog of verlaag word afhangende van die finansiële situasie van die Sinodale Fonds. Toestemming hiervoor moet van die Sinodale Finansiële Kommissie verkry word.

N2.2.2 Rente wat verkry word op kredietbalanse.

N2.2.3 Skenkings.

Reëls

N2.3 Die kerkraad of bestuurskomitee van die nuut gestigte gemeente of werkkring rig die aansoek vir finansiële bystand aan die Sinodale Finansiële Kommissie.

N2.4 Die aansoek moet 'n duidelike uiteensetting gee van die bedrag wat verlang word en die aanwending hiervan. 'n Begroting en ander finansiële informasie moet die aansoek vergesel.

N2.5 Die Sinodale Finansiële Kommissie sal inspraak en leiding gee by die besteding van toegekende fondse.

N2.6 'n Kommissie bestaande uit die Moderator van die Christelike Geformeerde Kerk in SA, die Sekretaris vir Evangelisasie van die Christelike Gereformeerde Kerk, die voorsitter van die betrokke ring en die Saakgelastigde van die kerk sal die aansoek in oorweging neem en besluit oor die toestaan van die aansoek. Wanneer die bedrag R 5000-00 oorskry, moet dit voorgelê word aan die Sinodale Kommissie.

N2.7 Bystand word vir 'n jaar verleen, wat in werking tree op die datum van goedkeuring.

Bepaling N3 - Eiendomsportefeuljefonds

Doel

N3.1 Die doel van die fonds is om boulenings toe te staan aan gemeentes of werkkringe om nuwe kerkgeboue op te rig of om verbeterings aan bestaande geboue aan te bring.

Verkrygings van fondse

N3.2 Die fondse word gegenereer deur:

N3.2.1 die verkoop of verhuring van die vaste bates van gemeentes wat nie meer aktief is nie, en wat dus nie meer gebruik word nie, en wat onder beheer van die Sinodale Finansiële Kommissie geplaas is.

N3.2.2 Rente wat verkry word op kredietbalanse.

N3.2.3 Skenkings.

Reëls

N3.3 Die fonds is ’n leningsfonds.

N3.4 Kerkrade van gemeentes of Sinodaal goedgekeurde bedieninge in die Christelike Gereformeerde Kerk van SA doen aansoek vir finansiële ondersteuning vir die aankoop van vaste bates en /of verbeteringe aan bestaande bates. In die geval waar ‘n eiendom in die naam van die Saakgelastigde geregistreer word, moet daar ‘n skuld ooreenkoms tussen die bediening en die Sinodale fonds van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA (verteenwoordig deur die Saakgelastigde van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA) realiseer vir die terugbetaling van die geleende bedrag. Kerkrade doen ook aansoek namens die werkkringe wat onder hulle ressorteer.

N3.5 Indien daar bedrae beskikbaar is kan dit teen verminderde rentekoerse geleen word. Geen rente sal vir die eerste twee jaar gehef word nie, en die daaropvolgende tydperk sal die helfte van die heersende algemene verbandkoers van toepassing wees.

N3.6 Indien fondse beskikbaar gestel word, word ’n eerste of tweede verband geregistreer in naam van die Saakgelastigde van die Christelike Gereformeerde Kerk van SA. Kostes vir die registrasie van die verband is vir die rekening van die aansoeker.

N3.7 Die maksimum tyd van terugbetaling is 5 jaar.

N3.8 Die aansoek moet aan die Sinodale Finansiële Kommissie gerig word wat dit met die Sinodale Kommissie wat die lening toestaan sal opneem.

N3.9 By indiening van die aansoek moet die volgende aangeheg word:

N3.9.1 Goedgekeurde bouplanne vir die projek moet aan die Sinodale Kommissie voorgelê word;

N3.9.2 Gedetailleerde koste van bouprojek;

N3.9.3 Finansiële state (afgelope 2 jaar) indien nie in besit van die Sinodale Finansiële Kommissie;

N3.9.4 ’n Begroting deur die kerkraad goedgekeur vir die huidige jaar en ’n voorlopige begroting vir die volgende jaar.

N3.10 Die kommissie wat aansoeke om lenings ontvang en verwerk sal uit die volgende persone bestaan: die Moderator van die Christelike Gereformeerde Kerk, die Sinodale Koördineerder van eiendomme en geboue, en die uitvoerende komitee van die Sinodale Finansiële Kommissie. Die Saakgelastigde sal as voorsitter van die kommissie optree. Die voorlegging met die kommissie se aanbeveling word verwys na die Sinodale Kommissie. Na goedkeuring van die Sinodale Kommissie sal die Saakgelastigde as gemagtigde optree.

Bepaling N4 - Studieleningsfonds vir leraars

Doel

N4.1 Die uitsluitlike doel van die studieleningsfonds is om leraars wat voltyds in die bediening van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA is, by te staan met studiegelde indien hulle nagraads studeer aan ’n tersiêre inrigting anders as die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium.

Verkryging van fondse

N4.2 Die fondse word gegenereer deur

N4.2.1 5 % van die maandelikse “ Tiende Gee” bedrag wat die Sinodale Fonds ontvang van gemeentes aan die fonds oor te betaal. Die persentasie kan verhoog of verlaag word afhangende van die finansiële situasie van die Sinodalefonds en die benodigde fondse vir leningaansoekers. Toestemming hiervoor moet van die Sinodale Finansiële Kommissie verkry word.

N4.2.2 Rente wat verkry word op kredietbalanse.

N4.2.3 Skenkings.

Reëls

N4.3 Die fonds is ’n leningsfonds wat aan goedgekeurde studente ’n rentevrye lening vir nagraadse studiegelde voorsien.

N4.4 Leningsaansoeke sal deur ’n komitee bestaande uit die Moderator van die Christelike Gereformeerde Kerk, die Rektor van die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium, die voorsitter van die Raad vir Kuratore en die Saakgelastigde van die Christelike Gereformeerde Kerk na voorlegging oorweeg word. Wanneer die bedrag R 5000-00 oorskry, moet dit voorgelê word aan die Sinodale Kommissie.

N4.5 Daar sal ’n studieleningsooreenkoms tussen die leningnemer en die Christelike Gereformeerde Kerk opgestel word voordat enige fondse oorbetaal word. Die Saakgelastigde sal namens die Christelike Gereformeerde Kerk die studieleningsooreenkoms onderteken.

N4.6 Die gelde sal nie voor ontvangs van die getekende studieleningsooreenkoms en die nodige bewysstukke van die betrokke tersiêre instelling oorbetaal word nie. Die oorbetaling van gelde sal aan die betrokke instelling gemaak word en slegs in uitsonderlike gevalle aan die betrokke persoon.

N4.7 Wat betref die termyn van terugbetaling, geld die volgende bepalings:

N4.7.1 Die termyn van terugbetaling neem ’n aanvang 3 maande na voltooiing van die studies of 3 maande na die tydperk verval waarvoor oorspronklik aansoek gedoen is, watter een ook al die kortste is;

N4.7.2 Die terugbetalingstydperk is maksimum 2 maal die studieperiode (bv. by ’n 2 jaar studietyd is die maksimum terugbetaalperiode 4 jaar);

N4.7.3 Die terugbetaling is in maandelikse paaiemente;

N4.7.4 Indien die leraar wat van die lening gebruik gemaak het, die diens van die Christelike Gereformeerde Kerk verlaat, sal die bedrag onmiddellik terugbetaalbaar wees aan die fonds.

N4.7.5 Indien die leraar tot sterwe kom of permanent arbeidsongeskik verklaar word, soos omskryf in die kerk se pensioenregulasies, sal geen eis teen die persoon of sy boedel ingestel word vir terugbetaling van die lening nie.

Bepaling N5 - VDM Emeritus Ondersteuningsfonds

Doel

N5.1 Die doel van die fonds is die verlening van finansiële ondersteuning met betrekking tot mediese fonds uitgawes van leraars wat met pensioen afgetree het.

Verkryging van fondse

N5.2 Die fondse word gegenereer deur

N5.2.1 10 % van die maandelikse “Tiende Gee” bedrag wat die Sinodale Fonds ontvang van gemeentes of werkkringe aan die fonds oor te betaal. Die persentasie kan verhoog of verlaag word afhangende van die finansiële situasie van die Sinodale Fonds. Toestemming hiervoor moet van die Sinodale Finansiële Kommissie verkry word.

N5.2.2 Rente wat verkry word op kredietbalanse.

N5.2.3 Skenkings.

Reëls

N5.3 Die leraar wat in aanmerking kom vir ondersteuning moet aan die volgende voldoen:

N5.3.1 Hy moet voltyds in die evangeliebediening van die Christelike Gereformeerde Kerk staan;

N5.3.2 Hy moet op die normale ouderdom van 65 jaar afgetree het;

N5.3.3 Hy mag op geen ander wyse ’n vergoeding vir mediese onkostes ontvang nie.

N5.3.4 Hy moet ’n lidmaat van die Christelike Gereformeerde Kerk in SA wees om vir enige ondersteuning in aanmerking te kom.

N5.3.5 Hoewel die Christelike Gereformeerde Kerk in SA onderneem om binne die vermoë van die kerk aan al die vereistes insake betaling van ondersteuning te voldoen, word dit uitdruklik gestel dat dit ’n vrywillige ondersteuning is, wat op geen wyse wetlik afgedwing kan word nie.

N5.3.6 Die sinode en/of Sinodale Kommissie kan, met motivering, enige tyd die ondersteuning gedeeltelik of ten volle termineer.

N5.4 Die bedrag van die ondersteuning word jaarliks vasgestel deur die Sinodale Finansiële Kommissie in oorlegpleging met die Sinodale Kommissie van die Christelike Gereformeerde Kerk.

Bepaling N6 - Spesiale Fonds vir Jeugbediening

Doel

N6.1 Die doel van die fonds is om finansiële bystand te verleen aan die bevordering van jeugbediening in die gemeentes of werkkringe.

Verkryging van fondse

N6.2 Die fondse word gegenereer deur:

N6.2.1 2.5 % van die maandelikse “Tiende Gee” bedrag wat deur die Sinodale Fonds ontvang word van gemeentes of werkkringe aan die fonds oor te betaal. Die persentasie kan in uitsonderlike situasies verhoog of verlaag word afhangende van die finansiële situasie van die Sinodale Fonds. Toestemming hiervoor moet van die Sinodale Finansiële Kommissie verkry word.

N6.2.2 Rente wat verkry word op kredietbalanse.

N6.2.3 Skenkings.

Reëls

N6.3 Die jeugbediening rig die aansoek vir finansiële bystand aan die Sinodale Finansiële Kommissie.

N6.4 Die aansoek moet ’n duidelike uiteensetting gee van die bedrag wat verlang word en die aanwending hiervan. ’n Begroting en ander finansiële informasie moet die aansoek vergesel.

N6.5 ’n Kommissie bestaande uit die Moderator van die Christelike Geformeerde Kerk in SA, ’n benoemde verteenwoordiger van die jeugbediening en die Saakgelastigde van die kerk sal die aansoek in oorweging neem en besluit oor die toestaan van die aansoek. Wanneer die bedrag R 5000-00 oorskry, moet dit voorgelê word aan die Sinodale Kommissie.

N6.6 Die jeugbestuur doen jaarliks verslag aan die Sinodale Kommissie.

N7 - Leraarsondersteuningsfonds

Doel

N7.1 Die doel van die fonds is om finansiële bystand te verleen aan leraars van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid Afrika, wat voltyds in diens van ’n gemeente staan.

Verkryging van fondse

N7.2 Die fondse word gegenereer deurdat:

N7.2.1 Gemeentes en werkkringe vrywilliglik addisioneel gee van die maandelikse tiende gee bedrag soos wat deur die Sinodale Finansiële Kommissie op ‘n jaarlikse grondslag bepaal word.

N7.2.2 2.5 % van die maandelikse tiende gee bedrag wat die sinodale fonds van gemeentes of werkkringe ontvang aan die fonds oorbetaal word. Die persentasie kan in buitengewone omstandighede verhoog of verlaag word afhangende van die finansiële stand van die sinodale fonds. Toestemming hiervoor moet van die Sinodale Finansiële Kommissie in oorlegpleging met die Sinodale Kommissie verkry word.

N7.2.3 Rente verdien word op kredietbalanse

N7.2.4 Skenkings

Reëls

N7.3 Die gemeente, ring of Sinodale Kommissie rig die aansoek vir finansiële bystand aan die Sinodale Finansiële Kommissie.

N7.4 Die aansoek moet ’n duidelike uiteensetting gee van die bedrag wat verlang word en die aanwending daarvan.

N7.5 Die volgende moet die aansoek vergesel:

N7.5.1 die gemeente of werkkring se finansiële state tot en met die datum van die aansoek;

N7.5.2 bewys dat sinodale heffings op datum is;

N7.5.3 ’n afskrif van die leraar se beroepsooreenkoms en/of dienskontrak of, waar van toepassing, ’n plasingsooreenkoms; en

N7.5.4 ’n begroting en enige ander toepaslike finansiële informasie.

N7.6 Die leraarsondersteuningsfonds bly 'n ondersteuningsfonds vir leraars, wat in diens van ’n gemeente is, en is nie ’n ondersteuningsfonds vir gemeentes as sodanig nie.

N7.7 Die volgende reëlings sal getref word om die privaatheid en finansiële posisie van die persone aan wie maandelikse ondersteuning beskikbaar gestel word, te beskerm:

N7.7.1 Die kommissie wat die aansoek hanteer sal uit nie meer as drie persone bestaan nie, te wete: die moderator, ’n addisionele lid van die Sinodale Kommissie en die saakgelastigde van die kerk wat ook as voorsitter sal optree.

N7.7.2 Geen identifiserende of persoonlike gegewens sal in enige sinodale verslaglewering hieroor bekend gemaak word nie.

N7.8 Die kommissie wat oor elke aansoek beslis, bepaal ook die termyn van ondersteuning waarna daar opnuut aansoek gedoen moet word.

N7.9 Die toegestane bedrae sal onderhewig wees aan normale belasting en ander verpligte aftrekkings.

N7.10 Die maandelikse ondersteuning aan leraars, soos bedoel in hierdie reglement, bly ’n vrywillige bydrae van die kerk uit sy beperkte bronne. Die kommissie se besluit en kommunikasie oor enige betrokke bedrae of termyne skep geen regsverpligting of afdwingbare ooreenkoms tussen die kerk en die bevoordeelde nie. Die kommissie kan ook die ondersteuning ter enige tyd verminder, tydelik opskort of selfs termineer. Bevoordeeldes wat volgens hierdie reglement ondersteuning ontvang, verstaan en aanvaar hierdie beginsel onomwonde.

Reglement O
REGLEMENT VIR GROND EN GEBOUE

Sien ook Artikel 9.3.9
Sien ook Reglement N Bepaling N3-Eiendomsportefeuljefonds.

Bepaling O1 - Doel

O1.1 Om goedkeuring te verleen aan beoogde bouprojekte deur gemeentes of ander kerkvergaderings.
O1.2 Om raad en bystand aan die gemeentes of ander kerkvergaderings te bied op die gebied van ligging, estetika, funksionaliteit, konstruksie, billikheid en finansiële gangbaarheid.
O1.3 Om motivering vir die goedkeur of afkeur van ’n bouprojek aan die Eiendomsportefeuljefonds te verskaf.
O1.4 Om voorkomend op te tree in belang van gemeentes, ringe en die sinode.
O1.5 Om alle bouprojekte en aanbevelings in die verband aan die Sinodale Kommissie te koördineer.

Bepaling O2 - Proses van aansoek

O2.1 Gemeentes of ander ander kerkvergaderings wat ’n bouprojek beoog moet ’n aansoek aan die Sinodale Kommissie rig wat die volgende inligting bevat:
- O2.1.1 ’n Brief waarin die aansoek gemotiveer word.
- O2.1.2 die planne van beginstadium tot goedkeuringsvlak.
- O2.1.3 die aanwysing van kundiges om die proses te begelei.
- O2.1.4 die voorlegging van gemeente se finansiële state.

O2.2 Nuwe werkkringe moet addisioneel tot die bogenoemde ook motiverings indien ten opsigte van die lewensvatbaarheid van die werkkring.

Bepaling O3 – Taak van die Sinodale Kommissie

O3.1 Die Sinodale Kommissie ondersoek die aansoek en doen aanbevelings oor die bouprojekte, wat die volgende insluit:
- O3.1.1 Die aankoop van grond
- O3.2.2 Die bou van nuwe geboue
- O3.2.3 Die verkoop van bestaande geboue en grond
- O3.2.4 Die strukturele verandering van bestaande geboue en
- O3.2.5 Die estetiese toestand van bestaande geboue.

O3.2 In die geval dat 'n gemeente of kerkvergadering van die aanbevelings van die Sinodale Kommissie verskil, gaan hulle nie met die beoogde bouprojek voort nie, totdat konsensus daaroor met die kommissie bereik is. Dispute in die verband word na die sinode verwys.

Bepaling O4 - Verslaglewering

O4.1 Die Sinodale Kommissie doen verslag van sy werksaamhede aan die sinode.

REGLEMENT P

REGLEMENT VIR DIE VROUEBEDIENING VAN DIE CHRISTELIKE GEREFORMEERDE KERK IN SUID-AFRIKA

Bepaling P1 - Funksionering
Die Vrouebediening van die Christelike Gereformeerde Kerk funksioneer onder opsig van die kerkraad, ring en sinode soos enige ander bediening in die kerk.

Bepaling P2 - Nasionale Bestuur
P2.1 ’n Nasionale Bestuur word driejaarliks uit en deur die teenwoordige eggenote van diensdoende leraars op die Vrouebediening Retreat tydens die sinode verkies en word dan as ’n werkende kommissie deur die sinode bekragtig.
P2.2 Die Nasionale Bestuur bestaan uit ’n voorsitster, sekretaresse en ’n addisionele lid.
P2.3 Die taak van die Nasionale Bestuur is:
P2.3.1 om driejaarliks ’n Vrouebediening Retreat te reel om saam te val met die sitting van die sinode;
P2.3.2 om in die reses as kommissie van die sinode aangeleenthede rakende vroue en hul betrokkenheid by die bedieninge van die kerk te behartig met verslaglewering aan die Sinodale Kommissie.

Bepaling P3 - Driejaarlikse Retreat
P3.1 Die doel met die Driejaarlikse Retreat is om eggenote van diensdoende leraars en ander vroue in die Kerk:
P3.1.1 deur die Woord, gebed en bemoediging op te bou
P3.1.2 vir dissipelskap en bediening toe te rus
P3.1.3 aan te moedig om hul plek as vroue in die kerk en die wêreld op Bybelse wyse in te neem
P3.1.4 aan te moedig tot belewing en handhawing van die eenheid van die liggaam van Christus

Bepaling P4 - Vergaderings
Die Nasionale Bestuur vergader ten minste een keer per jaar.

Bepaling P5 - Finansies
P5.1 Die Nasionale Bestuur le jaarliks voor 1 Julie 'n begroting vir die volgende jaar voor aan die Sinodale Finansiële Kommissie.
P5.2 Alle finansiële besluite word met die Saakgelastigde uitgeklaar en met ‘n notule uit ’n wettige vergadering gerugsteun.

Bepaling P6 - Vrouebediening op gemeentevlak
Die Vrouebediening van elke gemeente funksioneer in bediening en byeenkomste soos plaaslik gereël en doen verslag aan die kerkraad.

Formuliere

Die formuliere van die Christelike Gereformeerde Kerk verskaf die raamwerk van sekere liturgiese handelinge wat kerkregtelike implikasies het. Aangesien die handelingswyse in ons gemeentes meer informeel is as baie tradisionele kerke, en die klem op die geestelike inhoud en betekenis van die handeling val, word die formuliere so aangebied dat die leraar 'n keuse het in die aanbieding daarvan. Die formulier kan OF voluit gebruik word, OF as raamwerk dien, MAAR die minimum gedeeltes (**in vetdruk**) moet altyd gebruik word. Dit geld veral by die Bevestiging van Huwelike, aangesien dit wetlike implikasies het. Verwys ook na die Bylae oor Liturgieë vir voorbeelde en riglyne hoe die formuliere in die erediens aangewend kan word.

Formulier A: **Formulier vir die Bevestiging van Lidmate**

Formulier B: **Formulier vir die Bevestiging van Kerkraadslede**

Formulier C: **Formulier vir die Bevestiging van Leraars**

Formulier D: **Formulier vir die Nagmaal**

Formulier E: **Formulier vir die Doop**

Formulier F: **Formulier vir die Voltrekking van Huwelike**

Formulier G: **Formulier vir Begrafnisse**

Formulier H: **Formulier vir die Toewyding van Kinders**

Formulier A
FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN LIDMATE

Geliefdes in die Here Jesus Christus.

Doel: Die bevestiging van lidmate het ten doel om nuwe lede formeel tot die gemeente toe te voeg, asook om in die openbaar te getuig van persoonlike geloof in God en die bereidheid om in sy koninkryk diensbaar te wees.

Geloof: Die bron en oorsprong van die saligheid is in die kruisdood van Jesus Christus, waarmee Hy vir die sonde van die wêreld versoening gedoen het. Die middel waarmee 'n mens Jesus Christus se soenverdienste kan toe-eien en hom op God se genade kan werp is die geloof. Dit is 'n gawe van God, waarvan die vrug bekering en wedergeboorte is. Diegene wat so tot 'n nuwe lewe opgewek is, lê die sonde en die wêreld af, jaag die heiligmaking na, en volhard in hul toewyding tot die Here hulle kom haal. Alleen diegene wat deur geloof gered en so in 'n ware verhouding met God gebring is, behoort aan die Liggaam van Christus op aarde en mag aan 'n gemeente as lidmaat toegevoeg word.

Diens: Die Here het, voor sy hemelvaart, sy gemeente gegrondves as die instrument waardeur sy bediening voortgesit moet word. Die kerk moet sorg vir die versorging, opbou en toerusting van elke gelowige, en moet ook die Evangelie van Jesus Christus in sy volle omvang verkondig aan die ganse aarde. Elke gelowige moet deel wees van hierdie dienswerk, en daarom is dit ook die plig van elke gelowige om hom of haar te voeg by 'n gemeente wat aan hierdie vereistes voldoen.

Bevestiging: Aangesien jy/julle die kerkraad oortuig het van jou/julle persoonlike geloof en begeerte om God opreg te dien, vra ek jou/julle om op die volgende vrae te antwoord:

Ten eerste: **Glo jy dat die leer van die Ou en Nuwe Testament, soos dit in die artikels van die Christelike geloof vervat is, en in die gemeente hier geleer word, die ware en volkome leer van die saligheid is?**

Ten tweede: **Bely jy dat jy die Here Jesus Christus as Verlosser en Here aangeneem het, gereinig is deur sy bloed, en daardeur 'n kind en erfgenaam van God geword het?**

Ten derde: **Beloof jy om as lidmaat van hierdie gemeente die Here getrou te dien, die byeenkomste nie te verwaarloos nie en onderwerp jy jou aan die gesag wat in hierdie gemeente en kerk oor jou gestel is?**

Wat is hierop jou antwoord? *(Elkeen antwoord apart en hardop "ja".)*

Op grond van die bevoegdheid deur die Here en die kerk aan my verleen, verklaar ek jou/julle hiermee as lidmate van hierdie gemeente.

Gemeente: Gemeente van die Here, ontvang hierdie nuwe lede as die broers en susters wat hul is, bid vir hulle en moedig hulle aan om standvastig en getrou die Here te dien. Reik na hulle uit in vriendskap en liefde en trek hulle in by alles wat die gemeente doen.

Seën: *Die gemeente kan die nuwe lede toesing, of die leraar kan 'n seëngebed oor hulle bid.*

Formulier B
FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN KERKRAADSLEDE

Gemeente van die Here Jesus Christus.

Fundering: Van die begin af het die Here Jesus mense geroep om sy werk op aarde voort te sit. Hy sê vir sy dissipels: *Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook.* Soos die Here mense roep om sy koninkrykswerk te doen, so begiftig hy hulle ook met die gawes (*charismata*) om dit te doen. Die ampte in die gemeente, nl. die ouderlinge en die diakens, is ook deel van die gawes wat die Here deur sy Gees aan die kerk gee. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir diens en om die Liggaam van Christus op te bou.

Ouderlinge: Die ouderlinge in die gemeente word deur God geroep en aangestel om namens Hom oor die gemeente te regeer. As bestuurder in die huishouding van God is dit die ouderling se taak om toesig te hou oor die werk van God, oor elke lidmaat en oor die leraars. Sy gemeente-leiding moet in wysheid en in afhanklikheid van die stem van God plaasvind. Sy herderlike sorg moet met liefde en ywer teenoor die kudde wees, maar ook met die nodige tug en vermaning teenoor die onordelikes, onverskilliges en die wat in sonde volhard. Sy toesig en begeleiding van die leraar moet soos die van 'n vader wees. In alles moet die ouderling die welsyn van die gemeente en die uitbreiding van die koninkryk voorop stel. Die vereistes wat die Here aan hierdie hoë amp stel, is dan ook baie hoog. 'n Ouderling moet onberispelik wees, 'n man van God, met geestelike ywer, insig en van onbesproke karakter en optrede.

Diakens: Die diakens in die gemeente word deur God geroep om as dienaars op te tree. Christus is self die groot Dienskneg, wat ander roep om sy werk voort te sit. Die diakens se taak is om in die gemeente te dien wat betref die erediens, Nagmaal, insameling en barmhartigheid. Die diakens se taak is verder om die ouderlinge in alles by te staan wat die versorging van die gemeente, die inrigting van die erediens en die uitbreiding van die koninkryk betref. Ten slotte kan die diakens volgens die Skrif ook in geestelike bedieninge werk, en soos Stefanus en Filippus kragtig optree as evangeliste of soos die Here aan hul gawes gee. Daarom is ook die vereistes vir 'n diaken baie hoog. 'n Diaken moet waardig wees, 'n voorbeeld wat betref ywer, beskikbaarheid, leer en lewe en met 'n begeerte om die Here onbaatsugtig te dien.

Bevestiging: Aangesien daar geen wettige beswaar teen die verkiesing van hierdie broers (en susters) ontvang is nie, aanvaar die kerkraad die goedkeuring van die gemeente in hierdie saak en word hul nou in hul amp bevestig: Liewe broers (en susters), antwoord opreg op die volgende vrae:

Ten eerste: **Is jy daarvan oortuig dat God self jou tot hierdie amp geroep het?**

Ten tweede: **Aanvaar jy die Ou en Nuwe Testament as die onfeilbare Woord van God, as die enigste en volkome leer van die saligheid, en verwerp jy alle leringe wat daarmee in stryd is?**

Ten derde: **Onderwerp jy jou aan die gesag wat in die gemeente en kerk oor jou gestel is, en**

Ten vierde: **belowe jy om hierdie amp, soos dit aan jou voorgehou is, en in die grondwet van die kerk beskryf word, na die beste van jou vermoë getrou te vervul?**

Wat is hierop jou antwoord? *(Elkeen antwoord apart en hardop "Ja")*

Op grond van die bevoegdheid deur die Here en die kerk aan my verleen, verklaar ek jou/julle hiermee as ampsdraers van hierdie gemeente.

Gemeente Gemeente van die Here, ontvang hierdie manne (en vroue) as gestuurdes van die Here en bid vir hulle. Onderwerp julle ook aan hulle gesag en gawes en staan hulle in elke opsig by.

Seën *Die gemeente kan die nuwe lede toesing, of die leraar kan 'n seën gebed oor hulle bid.*

Formulier C
FORMULIER VIR DIE BEVESTIGING VAN LERAARS

(Hierdie formulier moet in die geheel gelees word)

Gemeente van die Here Jesus Christus.

Doel: Ons is hier byeen om ons broer (...*volle name en van*...) in die Naam van die Here in sy amp as ... (...*meld sy amp bv. "leraar in die gemeente ...", "dosent in die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium" of voeg by "met spesiale opdrag..." soos nodig)* te bevestig.

Aangesien daar geen wettige beswaar teen die beroeping/aanstelling van hierdie broer ontvang is nie, aanvaar die kerk die goedkeuring van die gemeente in hierdie saak en word hy nou in sy amp bevestig.

Fundering: Van die begin af het die Here Jesus mense geroep om sy werk op aarde voort te sit. Hy sê vir sy dissipels: *Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle ook.* Die ampte in die gemeente, in die besonder die amp van leraar of lerende ouderling, is deel van die gawes wat die Here deur sy Gees aan die kerk gee. Sy doel daarmee is om die gelowiges toe te rus vir diens en om die Liggaam van Christus op te bou.

Opdrag: Aan die leraar word die volgende arbeid opgelê, volgens die grondwet van die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika:

- die geestelike werk van die prediking, lering, geestelike begeleiding en voorbidding
- die pastorale versorging van die gemeente deur huisbesoek, siekebesoek en berading
- die waarneem van amptelike kerklike dienste soos die bevestiging van huwelike, predikante en kerkraadslede, en die hou van begrafnisse

Die verdere take in die gemeente, soos evangelisasie, barmhartigheid, dissipelering, kategese, die bevestiging van lidmate, die bediening van die sakramente en die bestuur van die gemeente moet so ver as moontlik in samewerking met die kerkraad uitgevoer word, ten einde die leraar te help om by die wesenlike aspekte van sy roeping te bly (Hand. 6:2-3).

Eise: Uit die voorafgaande is dit duidelik dat die amp van leraar 'n heerlike werk is, waardeur God groot dinge tot stand bring. Daarom is die eise van die Woord van God vir hierdie amp ook besonder hoog: die lerende ouderling moet onberispelik wees in elke opsig, 'n voorbeeld en voorganger in elke geestelike werk, en van absolute onbesproke karakter. Die leraar moet in 'n egte en intieme geloofsverhouding tot God leef, moet onder die heerskappy van die Heilige Gees staan, en daagliks deur Hom vernuwe word tot 'n heilige lewe. Hy moet in die krag van God optree teen die Bose en die sonde, en alles wat in die wêreld die koninkryk van God teëgaan. Daar moet in sy lewe egter geen plek vir eer of selfsug wees nie—alleen nederige en getroue diens. Ook sy gesin moet hy goed en in liefde versorg, sodat hy die gemeente ook daarin tot voorbeeld kan wees.

Bevestiging: Geliefde broer

Met hierdie hoë vereistes in ag geneem, en in die besef van die verantwoordelikheid wat u moet aanvaar, moet u ...(*volle name en van*)... nou op die volgende vrae opreg antwoord:

Ten eerste: Is u daarvan oortuig dat God self u tot hierdie amp geroep het?

Ten tweede: Aanvaar u die Ou en Nuwe Testament as die onfeilbare Woord van God, as die enigste en volkome leer van die saligheid, en verwerp u alle leringe wat daarmee in stryd is?

Ten derde: Onderwerp u u aan die gesag wat in die gemeente en kerk oor u gestel is, en

Ten vierde: belowe u om hierdie amp, soos dit aan u voorgehou is, en in die grondwet van die

kerk beskryf word, na die beste van u vermoë getrou en met die nodige vertroulikheid te vervul?

Wat is hierop u antwoord?

Antwoord: "Ja"

Op grond van die bevoegdheid deur die Here en die kerk aan my verleen, verklaar ek u dan hiermee as leraar van hierdie gemeente .... (*of soos die geval mag wees:* bv. werkkring/die Christelike Gereformeerde Teologiese Seminarium) (*met byvoeging van "met spesiale opdrag ..." soos die geval mag wees*).

Vermaning: Geliefde broer

Neem nou vir u die verantwoordelikheid van hierdie werk wat aan u toevertrou is. Ywer daarin met u hele krag, en mag God u in staat stel om groot dinge vir Hom tot stand te bring. Wees 'n voorbeeld vir die gelowiges in woord, daad, liefde, in geloof en in reinheid. Hou aan met voorlesing, vermaning en lering en verwaarloos nie die genadegawes wat in u is nie. Dan sal u, wanneer die Opperherder verskyn, die heerlikheid as onverganklike kroon verkry.

En nou, gemeente, ontvang hierdie dienskneg van die Here met groot blydskap. Betoon aan hom agting. Neem die boodskap wat hy volgens die Heilige Skrif verkondig aan, nie as mensewoorde nie, maar soos dit waarlik is, as die Woord van God.

Seën: *Die bevestigde leraar kniel.*
Die bevestigende leraar en ander leraars teenwoordig lê aan hom die hande op.
Seënbedes word oor hom afgebid.

- *in die geval van leraars wat reeds gedien het, is dit nie verpligtend nie;*
- *in die geval waar min leraars teenwoordig is, mag die ouderlinge van die gemeente ook meedoen;*
- *die bevestigde leraar mag ook met olie gesalf word vir sy opdrag;*
- *die wat meedoen mag ook gepaste Skrifgedeeltes aan hom voorhou.*

Slot: *Die gemeente sing 'n gepaste lied.*

Formulier D
FORMULIER VIR DIE NAGMAAL

- *Die nagmaalsviering kom vanweë historiese redes gewoonlik na die Woordverkondiging.*
- *Die liturg kan by die Nagmaalsviering ook gebruik maak van Jes. 53:1-7, Mat. 26:20-30, Mark. 14:17-26, Luk. 22:14-20 of Joh. 6: 48-56.*
- *Die liturg kan ook die raamwerk gebruik om self vryelik oor die temas te praat, by meer informele geleenthede, en die epiklese kan vervang word met 'n vrye seëngebed om die elemente toe te wy.*
- *Die liturg kan self van die Nagmaal gebruik hetsy voor die gemeente, of agterna, maar die ouderlinge wat die tafel met hom deel, kry gewoonlik eerste die brood wat hy gebreek het, en die druiwesap wat hy geskink het.*

Geliefdes in die Here Jesus Christus.

Instelling: Die Here Jesus het self die nagmaal ingestel. Daarvan getuig Paulus (1 Kor. 11:23-26, 1933-vertaling):

23. Ek het van die Here ontvang wat ek ook aan julle oorgelewer het, dat die Here Jesus in die nag waarin Hy verraai is, brood geneem het;
24. en nadat hy gedank het, het Hy dit gebreek en gesê: Neem, eet; dit is my liggaam wat vir julle gebreek word; doen dit tot my gedagtenis.
25. Net so ook die beker na die ete, met die woorde: Hierdie beker is die nuwe testament in my bloed; doen dit, so dikwels as julle daaruit drink, tot my gedagtenis.
26. Want so dikwels as julle hierdie brood eet en hierdie beker drink, verkondig julle die dood van die Here totdat Hy kom.

Wese: Die nagmaal van die Here het die volgende betekenisse:

Ten eerste is dit 'n verbondsmaal. In die nagmaal word ons eenheid met Jesus Christus herbevestig. Hy het sy lewe afgelê, sodat ons in Hom 'n nuwe lewe mag ontvang. Dit is die betekenis van die kruis en die nuwe testament.

Ten tweede is dit 'n gedagtenismaal. In die nagmaal oordink en verkondig ons die dood van die Here: hoe Hy sy liggaam en bloed gegee het, hoe Hy soos 'n koringkorrel in die grond geval en gesterf het, en hoe Hy van God verlaat is, sodat ons nooit deur God verlaat sal word nie.

Ten derde is dit 'n gemeenskapsmaal. Paulus sê: *Omdat dit een brood is, is ons, al is ons baie, saam een liggaam, want ons het almal deel aan die brood.* Saam sit ons aan die tafel, as gereddes en as gemeente, en verbind ons ons aan mekaar en aan die Here. Die nagmaal bied ook gemeenskap met die Here en is 'n waarborg van Jesus se teenwoordigheid. Hy sê *Dit is my liggaam* en *Dit is my bloed.* So seker as wat ons die brood eet, en uit die beker drink, so seker is Jesus Christus vandag by ons, en ontmoet ons Hom hier aan sy tafel, waar Hy sy gawes en seën met ons deel.

Ten vierde is dit 'n vreugdesmaal. Ons is bly en dankbaar oor God se goedheid en sy genade. Ons vier fees oor ons redding en ons verwag en sien uit na die dag van sy wederkoms, wanneer die Bruid van Christus die bruilofsfees van die Lam ewiglik saam met Hom sal vier.

Vermaning: Die apostel Paulus vermaan ons egter om nie onverskillig by die tafel van die Here aan te sit nie, want hy sê (1 Kor. 11:27-29, 1933-vertaling):

27. Wie dan op 'n onwaardige wyse hierdie brood eet, of die beker van die Here drink, sal skuldig wees aan die liggaam en bloed van die Here.
28. Maar die mens moet homself beproef, en só van die brood eet, en uit die beker drink.
29. Want wie op onwaardige wyse eet en drink, eet en drink 'n oordeel oor homself, terwyl hy die liggaam van die Here nie onderskei nie.

Elkeen wat by die tafel van die Here aansit, moet dus met ootmoed en berou aan sy sonde dink: sonde van gedagtes, van woord, van daad, asook sonde van versuim. Terwyl ons ons sonde bely en

voor die Here hou in bekering, laat ons weet dat Hy, wat getrou en regverdig is, ons die sonde vergewe en ons van alle ongeregtigheid reinig.

Uitnodiging: Almal dan wat Jesus aangeneem het, en van Hom mag ontvang het om ’n kind van God genoem te word, en wat op hierdie wyse met berou, bekering, maar ook vergiffenis voor God staan, is welkom om nou saam aan die tafel van die Here te sit en met Hom fees te vier, of hy lidmaat van hierdie gemeente is of ook nie.

Epiklese: Kom ons bid saam:

Barmhartige God en hemelse Vader, dankie vir die onuitspreeklike gawe van u Seun. Dankie vir die kruis van Golgota waar sy liggaam vir ons gebreek is, en sy bloed vir ons gevloei het. Gee dat ons nou met opregte harte aansit aan U tafel, en gee dat ons nie net die sigbare tekens van brood en beker sal waarneem nie, maar Jesus self by ons sal gewaarword. Kom dan deur u Gees, seën hierdie elemente en seën ons gemeenskap met mekaar en met U, en word hierdeur verheerlik.

Amen.

Kommunie: *Die liturg breek die brood, en sê:*

Die brood wat ons breek is die gemeenskap met die liggaam van onse Here Jesus Christus. Neem, eet, dink daaraan, en glo dat sy liggaam gebreek is tot ’n volkome versoening vir al ons sondes.

Die diakens deel die brood uit.

Die liturg skink die druiwesap, en sê:

Die beker van danksegging is die gemeenskap met die bloed van ons Here Jesus Christus. Neem, drink, dink daaraan, en glo dat sy bloed vergiet is as ’n volkome versoening vir al ons sondes.

Die diakens deel die beker/kelkies.

Die liturg maak seker almal wat wou, het gedeel, insluitende die diakens wat uitgedeel het, die orrelis/orkeslede, en die wat by hom aan tafel sit.

Dankgebed: *Die liturg doen ’n dankgebed.*

Formulier E
FORMULIER VIR DIE DOOP

- *Die formulier maak voorsiening vir die doop van sowel kinders of volwassenes, en die betrokke gedeelte moet gevolg word.*
- *Die doop word bedien in 'n erediens of 'n ander christelike byeenkoms waar die Woord bedien word. Waar besluit word om 'n volwassene te doop by 'n swembad, rivier, meer, e.d.m. moet dit ook gepaard gaan met 'n kort Woordbediening.*
- *By die doop van 'n kind ouer as sewe word die prosedure vir die doop van 'n volwassene gevolg, met die gepaardgaande eenvoudige geloofsbelydenis.*

Die dopeling(e) word gevra om voor die kansel te verskyn.

Geliefdes in die Here Jesus Christus.

Instelling: Die Here Jesus het self die doop ingestel, toe Hy gesê het: *Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees, en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het*.

Wese: Waarom doop ons?

Ons word gedoop omdat die Here God 'n verbond van genade met ons en ons kinders gesluit het. Reeds vir Abraham, die vader van alle gelowiges, het die Here gesê: *Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.*

In die Ou Testament het die Here die besnydenis en pasga as tekens gegee dat die verbond geldig is. Daarna het Christus gekom en hierdie verbond in sy persoon en deur sy verlossingswerk op 'n nuwe en finale wyse bevestig. As teken en waarborg hiervan het Hy die doop en die nagmaal gegee. In hierdie verbond verbind die Here Homself om ons sondes genadiglik te vergewe, vir ons 'n God te wees en ons te seën. Van ons vereis Hy dat ons deur die bekering Sy genade sal ontvang en daaruit sal lewe. Dit is die twee kante van die verbond.

Wat beteken die doop?

Die doop in die Naam van die drie-enige God, Vader, Seun en Heilige Gees, beteken en verseël:

Ten eerste: dat die Here ons en ons kinders in sy *verbond* insluit, ons Sy genade skenk en ons tot vergiffenis en kindskap roep;

Ten tweede: dat ons en ons kinders, wat as sondaars in die wêreld gekom het, slegs die koninkryk van God kan beërwe as ons sondes afgewas word en ons opnuut gebore word;

Ten derde: dat die Here Jesus vir ons gesterf het, begrawe is en opgestaan het, sodat ons ook die ou mens kan afsterf, en in 'n nuwe lewe met Hom mag opstaan;

Ten vierde: dat Hy ons deur die Heilige Gees in sy Liggaam inlyf deur die geloof, en deur die Gees wil lei, toerus en vervul.

Opsie 1: <u>*Die doop van 'n volwassene*</u>

Aangesien ... (Naam/name/die kinders van die Here hier) ... deur die Here in 'n persoonlike verbond met Hom gebring is deur die wedergeboorte, is dit sy (haar/hul) begeerte om ook die uiterlike teken van die afwassing van sonde te ondergaan.

Die liturg neem by die dopeling plaas, en sê:

Bely jy Jesus Christus as die Verlosser en Here van jou lewe? *Antwoord: Ja.*

Die liturg doop die dopeling terwyl/nadat hy sê:

...(naam)..., ek doop jou in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.

Opsie 2: <u>*Die doop van 'n suigeling*</u>

Waarom doop ons die kinders van gelowige ouers?

Kinders van gelowiges word gedoop omdat God die kind van die begin af insluit in sy verbond met die gelowige ouers. So was dit met die Ou Verbond, waar die kind die teken van die verbond ontvang het sonder dat hy van die gevolge daarvan bewus was. As volwassene het die eis van die wet na hom gekom, waarop hy moes reageer, om sodoende sy verbondsaandeel, waarop die besnydenis wys, te vervul. So ook met die Nuwe Verbond—daarom is hele gesinne in die Nuwe Testament gedoop wanneer die ouer(s) tot geloof gekom het. Al verstaan die kinders nog nie die doop nie, verander dit niks aan die geldigheid daarvan vir hulle nie. Trouens, dit beklemtoon juis die feit dat dit God is wat uit vrye genade ook in hulle geval die inisiatief neem in hul verlossing. So wys dit gedurig heen op die eis dat hulle hul in die geloof op God se genade moet werp.

Wat eis die doop van ons?

Die doop verbind *die gedoopte* om deur die bekering en in die geloof God se genade te aanvaar, sy redding te ontvang en steeds daagliks uit sy genade te leef.

Die doop verbind verder *die ouers* om hulle kinders soos hulle opgroei oor die betekenis en eise van die genadeverbond in te lig, 'n voorbeeld vir hulle te wees in die uitlewing daarvan en hulle op te roep tot die toe-eiening van God se beloftes.

Die doop verbind ook *die gemeente* om te waak oor alle gedooptes ten einde te verseker dat die afwassing van sondes, soos die doop simboliseer, by elkeen 'n realiteit word.

Aangesien ...("julle"/name...) begeer het om jul kind ten doop te bring, moet julle opreg op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste: Glo julle dat, hoewel hierdie kind(ers) as sondaar(s) in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hy/sy/hulle nogtans in Christus by God se verbond ingesluit is, en dat al die beloftes van die verbond vir hom/haar/hulle bedoel is?

Ten tweede: Beloof julle om die eis van God se verbond by hierdie kind in te skerp, tydig en ontydig, en dat jul daaroor sal spreek as julle in die huis sit, en as julle op pad is, en as julle gaan lê en as julle opstaan; dat julle vir hierdie kind sal bid en intree totdat hy/sy/hulle God se genade aanvaar en in die geloof toegeëien het?

Ten derde: Belowe julle ook om julle kind te onderrig en deur te gemeente te laat onderrig in die Christelike geloof, en om hom/haar dikwels na die byeenkomste te bring sodat hy/sy in die Huis van God kan opgroei?

Wat is hierop julle antwoord? *Antwoord: Ja.*

Die liturg neem by die dopeling plaas, doop hom/haar en sê:

...(name en van)... ek doop jou in die Naam van die Vader, en die Seun en die Heilige Gees.

Seën: *Die liturg doen 'n seëngebed, of die gemeente sing die dopeling(e) toe.*

Formulier F
FORMULIER VIR DIE VOLTREKKING VAN HUWELIKE

- *Die minimum gedeeltes (**in vetdruk**) van hierdie formulier MOET gelees word, want dit word deur die staat voorgeskryf vir die sluiting van 'n wettige huwelik.*
- *Kyk onder Liturgieë vir die beplanning en inrigting van 'n huweliksdiens.*

AB *(man: naam en van)* en CD *(vrou: naam en (huidige) van)*

Instelling: Die huwelik is deur God ingestel toe Hy aan die begin gesê het: *Dit is nie goed dat die mens alleen is nie. Ek sal vir hom 'n hulp maak wat by hom pas.* So het Hy hulle as man en vrou geskape, en aan mekaar gegee om in die huwelik mekaar aan te vul en by te staan. Om so deur die Here verenig te word, is 'n voorreg, 'n vreugde en 'n verantwoordelikheid.

Wese: Die huwelik is God se hegte eenheid vir 'n man en vrou, wat elkeen ten diepste vervul, en wat die grondslag lê vir 'n gesonde gesinslewe en samelewing. Dit is ook die voorbeeld van hoe God met die mens in verhouding tree en daarom sê die Woord dat die huwelik heilig is. Daarom moet die huwelik ook geëer word as 'n instelling wat nie gegrond is in die goeddunke van die mens nie, maar in die welbehae van God. Die huwelik isván God, en moet ook tót God wees.

Vermaning: Omdat die huwelik God se instelling is, moet julle weet hoe om in die getroude staat volgens God se wil te lewe:

Ten eerste moet julle mekaar getrou help en bystaan in alles wat tot die tydige en ewige lewe behoort. Julle moet mekaar liefhê, opbou en respekteer. Vermy selfsug en eiesinnigheid—dit verbreek die gemeenskap tussen mense. Gee julleself aan mekaar op allerlei maniere, met erns en met humor, in gelukkige oomblikke en in moeilike omstandighede.

Ten tweede: Julle moet in die huwelik heilig met mekaar saamleef, sodat die tempel van God, naamlik ons liggaam, nie geskend word nie, want as iemand die tempel van God skend, sal God hom skend. Moet dus nie toelaat dat iemand of iets tussen julle kom nie. Onthou dat daar in die huwelik geen plek vir 'n derde persoon is nie.

Ten derde moet julle jul huwelik op die Here bou. Julle moet sy Woord lees, dit oordink, julle lewe daarvolgens inrig, saam bid, en die Here saam dien. Wees daarop bedag dat die Satan nooit genoeë neem met wat mooi en goed is nie. Van die begin af probeer hy 'n wig indryf tussen man en vrou en tussen egpare en God. Soek julle krag in Christus wat die Bose oorwin het.

Ten vierde: [NB: Hierdie paragraaf hoef nie gelees te word by die huwelik van ouer persone nie]
As die Here julle die voorreg gee om kinders te hê, maak hulle groot met die dubbele versekering: Ons is gebore uit die liefdes-verbond tussen ons ouers en ons leef as huisgesin uit die genadeverbond wat die hemelse Vader met sy kinders in stand hou.

Man: A *(man: naam)*, as man moet jy jou vrou liefhê soos Christus die gemeente liefgehad het. Soos Christus die Hoof van die gemeente is en Homself daarvoor oorgegee het, is jy die hoof van jou vrou, en moet jy haar in liefde dien, lei en beskerm.

Vrou: C *(vrou: naam)*, soos die gemeente die Here liefhet en in gehoorsaamheid volg, so moet jy as vrou jou man liefhê en hom volg in alles wat reg en billik is. Eer hom as die hoof van die huis, en help hom om hierdie rol tot eer van die Here te vervul.

As julle jul huwelik bou op wat die Woord van God sê, kan julle ook die seën van die Here op julle huwelik afbid en verwag.

Bevestiging: AB en CD

Aanvaar julle alles wat die Here vir ons in sy Woord oor die huwelik leer? Is dit julle opregte voorneme om julle huwelikslewe hiervolgens in te rig? En begeer julle om met die seën van die Here in die eg verbind te word? Wat is hierop julle antwoord?

Man antwoord: Ja
Vrou antwoord: Ja

Gee aan mekaar die regterhand.

Die egpaar hou mekaar se hande vas.

Man: **AB** *(man: volle name en van)* **, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruid, CD** *(vrou: volle name en van)***, is nie? En aanvaar jy almal hier teenwoordig as getuies dat jy haar tot jou wettige vrou neem?**

Man antwoord: Ja

Belowe dit dan hardop:

"Voor God en Sy gemeente" (*man herhaal hardop)*
"beloof ek liefde en trou" (*man herhaal hardop)*
"vir altyd en in alle omstandighede," (*man herhaal hardop)*
"aan my bruid, CD." (*man herhaal hardop*)

Vrou: **CD** *(vrou: volle name en van)* **, verklaar jy dat sover jy weet daar geen wettige beswaar teen jou voorgenome huwelik met die bruidegom, AB** *(man: volle name en van)***, is nie? En aanvaar jy almal hier teenwoordig as getuies dat jy hom tot jou wettige man neem?**

Vrou antwoord: Ja

Belowe dit dan hardop:

"Voor God en Sy gemeente" *(vrou herhaal hardop*)
"beloof ek liefde en trou" *(vrou herhaal hardop)*
"vir altyd en in alle omstandighede" *(vrou herhaal hardop)*
"aan my bruidegom, AB" *(vrou herhaal hardop)*

Hiermee verklaar ek dat AB *(man: volle name en van)* **en CD** *(vrou: volle name en van)* **wettig getroud is.**

Mag die Vader julle beskerm en lei; mag die Here Jesus in sy liefde en genade in julle leef; en mag die Heilige Gees julle inspireer tot diens aan God, aan mekaar en aan julle medemens. Amen.

Gee aan mekaar die ringe as teken van liefde en eenheid as man en vrou.

Die egpaar steek die ringe aan, terwyl die liturg by hulle plaasneem.

Seën: *Die egpaar kniel. Die liturg bid oor hulle die seën van die Here.*

Formulier G
FORMULIER VIR BEGRAFNISSE

- *Kyk onder Liturgieë vir die beplanning en inrigting van 'n begrafnisdiens.*

Die begrafnisgangers vergader rondom die graf.

Geliefdes in die Here Jesus Christus.

Doel: Die almagtige God, die Here van lewe en dood, het dit so beskik dat ...(naam en van)... van ons weggeneem is. Daarom lê ons nou sy/haar liggaam weg in die graf, tot op die dag van die Opstanding, wanneer almal wat in die grafte is, die stem van die Seun van God sal hoor en sal opstaan: die regverdiges tot die ewige lewe, en die onregverdiges tot die ewige oordeel.

Troos: Hoewel die dood van 'n geliefde 'n groot verlies is waardeur ons diep bedroef word, gee die Here self sy troos en bemoediging. Hy het ons beloof dat Hy ons smart verlig, dat Hy ons met sy liefde en krag bystaan, en dat Hy verder met ons gaan.

Die Here Jesus het ook gesê: *Ek is die Opstanding en die Lewe. Wie in My glo, sal lewe al het hy ook gesterwe.* Deur sy opstanding het Jesus die dood oorwin en kan die gelowige uitroep: *Doderyk, waar is jou oorwinning? Dood, waar is jou angel?* Die gelowige sê saam met Paulus: *As ons lewe, leef ons tot eer van die Here; en as ons sterwe, sterf ons tot eer van die Here. Of ons dan lewe en of ons sterwe, ons behoort aan die Here.*

Daarom treur ons wel, maar nie soos die ander mense wat geen hoop het nie.

Vermaning: Deur die dood roep God elke onbekeerde en ongelowige hart tot bekering, en sy kind tot 'n nuwe toewyding. Jesus het aan die kruis gesterwe sodat ons nie meer vir onsself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir ons gesterf het en vir ons opgewek is.

Doksologie: Aan Hom kom toe die eer en die heerlikheid tot in ewigheid!

Neerlating: *Die liturg gooi 'n hand vol grond op die kis, en sê:*

Stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer.

OF

Die Here het gegee, die Here het geneem; loof die Naam van die Here!

Die kis word in die graf neergelaat.

(Die begrafnisgangers kan hier 'n gepaste lied sing.)

Gebed: *Die liturg sluit af met 'n vrye gebed.*

Formulier H
FORMULIER VIR DIE TOEWYDING VAN KINDERS

- *Die formulier maak voorsiening vir die toewyding van 'n suigeling aan die Here, vir die gevalle waar die ouers nie oortuig is van die noodsaak van die kinderdoop nie.*
- *Die gebruik was in die Ou Testament om alle manlike eersgeborenes op een maand na die tempel te bring, en hul met 'n offer los te koop. Ook die moeder is op 40 dae na die bevalling deur 'n offer gereinig.*

(Die ouers, met hulle kind(ers) word gevra om voor die kansel te verskyn.)

Geliefdes in die Here Jesus Christus

Doel: Ons is vandag hier bymekaar om ...(naam van kind)... aan die Here toe te wy.

Betekenis: Van die begin af sluit die Here die kinders in as hy met mense werk. Vir Abraham sê hy: *Ek bring 'n verbond tot stand tussen My en jou en jou nageslag en al hulle geslagte. Dit is 'n blywende verbond: Ek sal jou God wees en ook die God van jou nageslag.* So sien ons dat die kind in die Ou Testament deel is van die verbondsgemeenskap, en ook opgeroep word tot die verbond verpligtinge. In die Nuwe Testament sien ons dat die kind steeds by God se werk ingesluit is, want Petrus sê, ná die uitstorting van die Heilige Gees: *Want die belofte kom julle toe en julle kinders, en almal wat daar ver is, die wat die Here onse God na Hom sal roep.* So is ook die kind van die gelowige deel van God se genadeverbond en word hy opgeroep om die verbondsverpligtinge op te neem.

Beloftes: As julle, wat die ouers van hierdie kind(ers) is, die begeerte het om jul kind vandag waarlik aan God toe te wy en af te gee, moet julle opreg op die volgende vrae antwoord:

Ten eerste: Glo julle dat, hoewel hierdie kind(ers) as sondaar(s) in die wêreld gekom het en daarom onder die oordeel van God staan, hy/sy/hulle nogtans in Christus by God se verbond ingesluit is, en dat al die beloftes van die verbond vir hom/haar/hulle bedoel is?

Ten tweede: Beloof julle om die eis van God se verbond by hierdie kind in te skerp, tydig en ontydig, en dat jul daaroor sal spreek as julle in die huis sit, en as julle op pad is, en as julle gaan lê en as julle opstaan; dat julle vir hierdie kind sal bid en intree totdat hy/sy/hulle God se genade aanvaar en in die geloof toegeëien het?

Ten derde: Belowe julle ook om julle kind te onderrig en deur te gemeente te laat onderrig in die Christelike geloof, en om hom/haar dikwels na die byeenkomste te bring sodat hy/sy in die Huis van God kan opgroei?

Antwoord: *Ja.*

Seën: *Die liturg neem plaas by die ouers en bid 'n vrye gebed van toewyding en seën*

Die gebed kan insluit:
dank vir die veilige bevalling en gesondheid van die moeder en kind
die toewyding van die kind aan die Here, en God se wil vir hom/haar
die opvoeding van die kind in die weë van die Here
die Here se seën oor die kind in al sy aspekte

Die gemeente sing die ouers en kinders toe.

Vorms

A. Beroeping / Plasing / Aanstelling
Vorm A1 - Beroepsooreenkoms (1)
Vorm A2 - Beroepsooreenkoms (2)
Vorm A3 - *geskrap*
Vorm A4 - Diensooreenkoms
Vorm A5 - Bylaag op voordele
Vorm A6 - Diensooreenkoms: Sinode
Vorm A7 - Diensooreenkomste: Gemeentelik

B. Legitimasie / Bevestiging
Vorm B1 - Legitimasie-eed
Vorm B2 - Akte van Legitimasie (1)
Vorm B4 - Akte van Bevestiging

C. Demissie
Vorm C1 - Akte van Demissie (1)
Vorm C2 - Akte van Demissie (2)

D. Gemeente
Vorm D1 - Aansoek om lidmaatskap
Vorm D2 - Lidmaatregister
Vorm D3 - Doopregister
Vorm D4 - Bewys van lidmaatskap
Vorm D5 - Bewys van kinderdoop
Vorm D6 - Attestaat
Vorm D7 - Erediens verslagvorm
Vorm D8 - Bewys van bekeringsdoop
Vorm D9 - Bewys van toewyding van kinders

E. Vergaderings
Vorm E1 - Geloofsbrief
Vorm E2 - Statistiekvorm vir gemeentes
Vorm E3 - Statistiekvorm vir die Ring

F. Verpligte vorms
Vorm F1 - Salarisadvies
Vorm F2 - Traktementstaat
Vorm F3 - Verlofregister

INLEIDING

Die vorms gee op skriftelike wyse uitvoering aan die grondwet. Die vorms moet net soos dit gepubliseer en sinodaal goedgekeur is, gebruik word, hetsy oorgetik, gefotostateer of bestel vanaf die Media-kommissie. Soms is dit nodig om, vanweë die aard van die situasie, ’n geringe wysiging aan te bring. Dit moet versigtig gedoen word met inagneming van enige regtelike of kerkregtelike implikasies wat die wysiginge mag meebring. By twyfel konsulteer asb. met die Actuarius Synodi.

VERKLARENDE AANTEKENINGE

VORM A1 - BEROEPSOOREENKOMS (1)

Doel: Hierdie ooreenkoms word gebruik deur gemeentes wat ’n voltydse herder en leraar wil beroep. Dit is die "gewone" of "standaard" beroepsooreenkoms.

Gebruik: Die beroepsooreenkoms word aan die beroepe leraar gestuur of oorhandig nadat afkondiging van die beroep vir twee Sondae in die gemeente plaasgevind het.

Ondertekening: Die beroepsooreenkoms word onderteken deur

1. die voorsitter van die beroepsvergadering, hetsy ’n leraar in die gemeente of die konsulent asook die skriba en al die kerkraadslede;
2. in die geval van aanvaarding, deur die leraar wat die beroep aanvaar het;
3. in die geval van aanvaarding, deur die voorsitter of skriba van die ring.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die beroepene,
3. die ring,
4. die Saakgelastigde: Sinode.

VORM A2 - BEROEPSOOREENKOMS (2)

Doel: Hierdie beroepsooreenkoms word gebruik vir leraars wat beroep word onder ander omstandighede as by A1 genoem. Voorbeelde is soos volg:

1. ’n Gemeente wat ’n leraar of medeleraar wil beroep, maar nie vir voltydse werk of teen ‘n volle salaris nie;
2. ’n Gemeente wat ’n leraar of medeleraar wil beroep, maar met opdrag sending, evangelisasie, jeug of watter spesiale opdrag of voorwaarde ook al;
3. ’n Ring of die sinode wat ’n leraar wil beroep vir ’n spesiale opdrag, bv. sending, evangelisasie, jeug of wat ook al;
4. Die sinode wat ’n leraar wil beroep as dosent of amptenaar van die Teologiese Seminarium.

Gebruik: Die beroepsooreenkoms word aan die beroepe leraar gestuur of oorhandig nadat afkondiging van die beroep vir twee Sondae in die gemeente plaasgevind het, in die gevalle waar ’n gemeente beroep het. In die geval van Ringe of die Sinode wat beroep het, word die beroepsooreenkoms uitgestuur twee weke nadat die kennisgewing daarvan in die kerk se amptelike mondstuk plaasgevind het.

Ondertekening: Die beroepsooreenkoms word onderteken deur

1. die voorsitter van die beroepsvergadering, hetsy kerkraad, ring, kommissie of sinode, asook die skriba en al die lede (van die kommissie);
2. in die geval van aanvaarding, deur die leraar wat die beroep aanvaar het;
3. in die geval van aanvaarding, deur die voorsitter of skriba van die vergadering wat kerklike goedkeuring moet verleen.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad of kommissie se eie lêer,
2. die beroepene,
3. die ring,
4. die Saakgelastigde: Sinode.

VORM A4 - DIENSOOREENKOMS

Doel: Hierdie ooreenkoms is bedoel vir gebruik deur kerkrade vir die indiensneming van proponente, studente en emeritus-leraars, waar omstandighede vereis dat van ’n skriftelike ooreenkoms gebruik gemaak moet word.

Gebruik: Die ooreenkoms moet behoorlik ingevul word, met aanhegting van ’n pligstaat waar nodig. Die klousule oor die vergoeding kan uitgelaat word waar dit nie van toepassing is nie of vervang word met inligting oor ’n gemagtigde uitgawebegroting vir die bepaalde pos.

Ondertekening: Die ooreenkoms word onderteken deur:

1. die voorsitter en skriba van die kerkraad;
2. die persoon met wie die ooreenkoms aangegaan word.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die kandidaat,
3. die Saakgelastigde: Sinode.

VORM A5 - BYLAAG OP VOORDELE

Doel: Om enige veranderinge/aanpassings ten opsigte van die beroepsooreenkoms te vervat in ’n nuwe ooreenkoms.

Gebruik: Die Bylaag op Voordele word jaarliks hersien met of sonder aanpassings en as dienskontrak aan die beroepsooreenkoms geheg. Spesiale bepalings word ingevul waar leraar in ’n sekulêre werk is.

Ondertekening: Die Bylaag op Voordele word onderteken deur

1. die voorsitter, die skriba en al die kerkraadslede;
2. die leraar en getuies.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se lêer,
2. die leraar,
3. die Saakgelastigde: Sinode.

VORM A6 - DIENSOOREENKOMS: SINODE

Doel: Hierdie ooreenkoms is bedoel vir gebruik deur die Sinodale Kommissie waar aanstellings op sinodale vlak gemaak word.

Gebruik: Die ooreenkoms moet behoorlik ingevul word, met aanhegting van ’n pligstaat waar nodig. Die klousule oor die vergoeding kan uitgelaat word waar dit nie van toepassing is nie of vervang word met inligting oor ’n gemagtigde uitgawebegroting vir die bepaalde pos.

Ondertekening: Die ooreenkoms word onderteken deur:

1. die voorsitter en skriba van die Sinodale Kommissie;
2. die persoon met wie die ooreenkoms aangegaan word.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die Sinodale Kommissie se eie lêer,
2. die kandidaat.

VORM A7 - DIENSOOREENKOMS: GEMEENTELIK

Doel: Hierdie ooreenkoms kan gebruik word vir die meer formele aanstelling van lidmate as kosters, faktotums, sekretaresses, orreliste, sangleiers, orkeslede, tesouriere, kassiere, skribas, superintendente, kategete, wyksleiers, selleiers, opsieners, dienswerkers, e.d.m.
LET WEL: Vir die aanstelling van nie-lidmate in nie-gemeentelike posisies soos skoonmakers, tuiniers, opsigters, e.d.m. moet vorm A7 NIE gebruik word NIE. Vra hiervoor ’n dienskontrak aan van die Actuarius Synodi.

Gebruik: Die ooreenkoms moet behoorlik ingevul word, met aanhegting van ’n pligstaat waar nodig. Die klousule oor die vergoeding kan uitgelaat word waar dit nie van toepassing is nie of vervang word met inligting oor ’n gemagtigde uitgawebegroting vir die bepaalde pos.

Ondertekening: Die ooreenkoms word onderteken deur:

1. die voorsitter en skriba van die kerkraad;
2. die persoon met wie die ooreenkoms aangegaan word.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:
1. die kerkraad se eie lêer,
2. die kandidaat.

VORM B1 - LEGITIMASIE-EED

Doel: Die afneem van ’n plegtige onderneming van ’n kandidaat by sy legitimasie tot lojaliteit en getrouheid teenoor die kerk en die Here.

Gebruik: Die eed word gebruik by die legitimering van kandidate tot proponente. Kandidate lees dit hardop voor voordat die toepaslike legitimasie-sertifikaat oorhandig word. Die grondwet bepaal dat legitimasie plaasvind tydens ’n erediens of ander kerklike vergadering.

Ondertekening: Die eed word deur die kandidaat wat gelegitimeer word onderteken.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:
1. die kandidaat,
2. die Actuarius Synodi,
3. die Proponentseksamenkommissie.

VORM B2 - AKTE VAN LEGITIMASIE (1)

Doel: Hierdie akte word gebruik om kandidate tot beroepbare proponente te legitimeer.

Gebruik: Die akte word oorhandig by ’n erediens of ander kerklike vergadering of byeenkoms deur ’n afgevaardigde van die Proponentseksamenkommissie. By hierdie amptelike ontvangs van die akte word die kandidaat gelegitimeer en beroepbaar geag en staan hy bekend as proponent.

Ondertekening: Die Akte word onderteken deur:
1. die Actuarius Synodi;
2. ’n verteenwoordiger van die Proponentseksamenkommissie.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:
1. die kandidaat,
2. die Actuarius Synodi,
3. die Proponentseksamenkommissie.

VORM B4 - AKTE VAN BEVESTIGING

Doel: Om ’n leraar se bevestiging in ’n gemeente of pos skriftelik weer te gee.

Gebruik: Waar ’n proponent in ’n gemeente of ander pos amptelik bevestig is deur gebruikmaking van die gepaste formulier, word die akte oorhandig deur die voorsitter van die beroepende vergadering, hetsy ’n leraar in die gemeente, die konsulent, die voorsitter van ’n breër vergadering of ’n kommissie daarvan. Die akte kan ook agterna oorhandig of gestuur word.

Ondertekening: Die Akte word onderteken deur die Actuarius Synodi.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:
1. die kandidaat,
2. die Actuarius Synodi.

VORM C1 - AKTE VAN DEMISSIE (1)

Doel: Om die band tussen ’n leraar en sy gemeente of ander pos los te maak by die aanvaarding van ’n ander beroep, asook by tughandeling of ingryping deur die Ring of Sinode, by losmaking vanweë finansiële oorwegings, by vrywillige bedanking of by desersie.

Gebruik: Waar dit gepas is, word dit by ’n erediens of afskeidsgeleentheid oorhandig deur die voorsitter van die vergadering wat demissie verleen het, of sy verteenwoordiger. Andersins word dit per geregistreerde pos aan die gewese leraar gestuur. Die demissie van ’n leraar vind nie by die oorhandiging van hierdie akte plaas nie, maar in die betrokke kerkregtelike proses word die datum van ontslag bepaal, bv. die beroepsooreenkoms wat die leraar aanvaar het, die besluit van die tugkommissie of finansiële kommissie of ander kommissie soos van toepassing of op die datum soos in die bedankingsbrief aangedui. Die akte bevestig hierdie ontslag bloot

skriftelik.

Ondertekening: Die Akte word onderteken deur die voorsitter, skriba en al die lede van die vergadering wat demissie verleen het.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kandidaat,
2. die vergadering wat demissie verleen het se eie lêer,
3. die Proponentseksamenkommissie,
4. die Actuarius Synodi.

VORM C2 - AKTE VAN DEMISSIE (2)

Doel: Om die band tussen 'n leraar en sy gemeente of ander pos los te maak by aftrede (emeritering).

Gebruike: Die akte word oorhandig by ’n geskikte geleentheid soos ’n erediens of ’n afskeidsgeleentheid deur die voorsitter van die vergadering wat demissie verleen het, of sy verteenwoordiger. Die aftrede van ’n leraar vind nie by die oorhandiging van hierdie akte plaas nie, maar word bepaal deur die kennisgewing van die leraar aangaande sy aftrede en die reëling wat met die pensioenfonds getref is. Die akte bevestig hierdie ontslag bloot skriftelik.

Ondertekening: Die akte word onderteken deur die voorsitter, skriba en al die lede van die vergadering wat demissie verleen het.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kandidaat,
2. die vergadering wat demissie verleen het se eie lêer,
3. die Proponentseksamenkommissie,
4. die Actuarius Synodi.

VORM D1 - AANSOEK OM LIDMAATSKAP

Doel: Om aansoeke om lidmaatskap ordelik, met die nodige inligting, te ontvang.

Gebruik: Aansoekers om lidmaatskap vul die vorm volledig in, heg die nodige bylaes aan en handig dit in by die kerkraad vir verdere hantering.

Ondertekening: Die aansoek word onderteken deur die aansoeker.

Afskrifte: Die aansoek gaan op die kerkraad se eie lêer.

VORM D2 - LIDMAATREGISTER

Verwys asb. na Reglement H vir die voltooiing van die lidmaatregister.

VORM D3 - DOOPREGISTER

Verwys asb. na Reglement H vir die voltooiing van die Doopregister.

VORM D4 - BEWYS VAN LIDMAATSKAP

Doel: Om amptelik te bevestig dat ’n persoon ‘n lidmaat van ’n gemeente is of was en die besonderhede van die lidmaatskap weer te gee.

Gebruik: Die bewys word gebruik waar ’n persoon hom by ’n ander gemeente of kerk wil voeg en waar ’n attestaat nie uitgereik kan word nie of elders waar bewys van lidmaatskap gelewer moet word.

Ondertekening: Die bewys van lidmaatskap word deur die skriba onderteken.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die lidmaat soos versoek,
2. die kerkraad se eie lêer.

VORM D5 - BEWYS VAN KINDERDOOP

Doel: Om amptelik te bevestig dat ’n persoon in die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid Afrika gedoop is en die besonderhede van die doop weer te gee.

Gebruike: Die bewys word gebruik waar ’n persoon hom by ’n ander kerk wil voeg of elders waar bewys van die gedoopte staat van die persoon gelewer moet word. Hierdie bewys kan ook gebruik word as aandenking by kinderdoop. By “Opmerkings” kan ingeskryf word: “Gedoop as kind”.

Ondertekening: Die bewys van doop word deur die skriba onderteken.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die lidmaat soos versoek,
2. die kerkraad se eie lêer.

VORM D6 - ATTESTAAT

Doel: Om amptelik te bevestig dat ’n persoon lidmaat van ’n gemeente was en wat sy geestelike staat is.

Gebruik: Die attestaat word gebruik deur persone wat hul by ’n ander gemeente of kerk wil voeg. Dit behels die oordrag van lidmaatskap en dui aan dat ’n persoon nie onder tug staan nie. Omdat die gemeente nie aangaande die persoon in sy afwesigheid kan getuig nie, word attestate net in die eerste ses maande na vertrek uitgereik. Daarna word die Bewys van Lidmaatskap gebruik. Dit word slegs op aanvraag uitgereik.

Ondertekening: Die attestaat word onderteken deur die skriba van die kerkraad.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die lidmaat soos versoek,
2. die kerkraad se eie lêer.

VORM D7 - EREDIENSVERSLAG

Doel: Om volledig rekord te hou van elke erediens se gebeure.

Gebruik: Die diakens vul die erediensverslag in na elke erediens, waarin die volgende aspekte vervat word:

1. woordverkondiging: prediker, Skriflesing, teks, tema,
2. wie die liturg en wie die aanbiddingsleier is
3. bywoning: aantal volwassenes [13 en ouer], aantal kinders [12 en jonger] en aantal ouderlinge en diakens;
4. spesiale fokusse: bv. nagmaal, doop, sending, barmhartigheid, jeug, kinders, ensovoorts en
5. die inkomste waarin spesifiek aangedui word vir watter doel dit gegee is.

Die vorm word verder gebruik om die gemiddelde erediens bywoning te bepaal en aan te teken op statistieke vorms E2 en E3.

Ondertekening: Die vorm word deur twee diakens onderteken.

Formaat: Die vorm is in boekformaat gebind en maak voorsiening vir addisionele dienste. Die vorm word in duplikaat ingevul. Die oorspronklike vorm word uitgeskeur en aan die kassiere besorg. Die duplikaat bly in die boek. Waar daar kansellasies gemaak word moet beide in die boek gelos word en die woord kanselleer met die handtekening van die diaken moet daarop aangebring word.

Afskrifte: Word in die argief van gemeente gehou.

VORM D8 - BEWYS VAN BEKERINGSDOOP

Doel: Om amptelik te bevestig dat 'n persoon in die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid Afrika gedoop is en die besonderhede van die doop weer te gee.

Gebruike: Die bewys word gebruik waar 'n persoon hom by 'n ander kerk wil voeg of elders waar bewys van die gedoopte staat van die persoon gelewer moet word. Hierdie bewys kan ook gebruik word as aandenking by bekeringsdoop. By “Opmerkings” kan ingeskryf word: “Gedoop na belydenis van geloof”.

Ondertekening: Die bewys van doop word deur die skriba onderteken.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die lidmaat soos versoek,
2. die kerkraad se eie lêer.

VORM D9 - BEWYS VAN TOEWYDING VAN KINDERS

Doel: Om amptelik te bevestig dat 'n kind in die Christelike Gereformeerde Kerk in Suid Afrika toegewy is en die besonderhede van die toewyding weer te gee.

Gebruike: Hierdie bewys kan gebruik word as aandenking by toewyding. By “Opmerkings” kan ingeskryf word: “Toegewy as kind”.

Ondertekening: Die bewys van toewyding word deur die skriba onderteken.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die lidmaat soos versoek,
2. die kerkraad se eie lêer.

VORM E1 - GELOOFSBRIEF

Doel: Om te bevestig dat afgevaardigdes sekere gemeentes verteenwoordig.

Gebruik: By die stuur van afgevaardigdes na ringsittings of sinodesittings word ’n behoorlike voltooide geloofsbrief vereis.

Ondertekening: Die geloofsbrief word onderteken deur die voorsitter en skriba van die kerkraad sowel as al die lede.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die ring of sinode soos vereis.

VORM E2 - STATISTIEKVORM VIR GEMEENTES

Doel: Om korrekte inligting oor die gemeente aan die ring of sinode te verskaf.

Gebruik: Die statistiekvorm word behoorlik voltooi en saam met die afgevaardigde na die ring of sinode gestuur.

Ondertekening: Die statistiekvorm word onderteken deur die skriba van die kerkraad.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die ring of sinode soos vereis.

VORM E3 - STATISTIEKVORM VIR RINGE

Doel: Om korrekte inligting oor die ring aan die sinode te verskaf.

Gebruik: Die statistiekvorm word behoorlik voltooi en saam met die skriba van die ring na die sinode gestuur.

Ondertekening: Die statistiekvorm word onderteken deur die skriba van die ring.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die ringskriba se eie lêer,
2. die ring of sinode soos vereis.

VORM F1 - SALARISADVIES

Doel: Om alle besonderhede aangaande die kerkraad se maandelikse en jaarlikse verpligtinge teenoor sy werknemers en die saakgelastigde ordelik skriftelik weer te gee. Dit verhoed verwarring en bied ’n duidelike oorsigtelike beeld—veral nuttig vir die tesourier/ kassier en die werknemer.

Gebruik: Die tesourier van die gemeente stel jaarliks die vorm op en oorhandig dit aan elke leraar of ander werknemer waarvoor dit nodig geag word.

Ondertekening: Die Salarisadvies word nie onderteken nie, maar bloot korrek ingevul.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die leraar.

VORM F2 - TRAKTEMENTSTAAT

Doel: Om die besonderhede van ’n spesifieke maand se traktement uitbetaling aan ’n leraar ordelik skriftelik weer te gee.

Gebruik: Die tesourier/kassier maak die traktementstaat korrek uit en voeg dit by die leraar se salaristjek of, in die geval van ’n aftrekorder, oorhandig dit aan die leraar op die Sondag wat die oorplasing voorafgaan.

Ondertekening: Die traktementstaat word nie onderteken nie, maar bloot korrek ingevul.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die leraar.

VORM F3 - VERLOFREGISTER

Doel: Om alle besonderhede aangaande ’n leraar se verlof ordelik skriftelik weer te gee.

Gebruik: Die skriba verkry die verlof datums van die leraar se verlof beplanning en hou die register by telkens wanneer die leraar van verlof teruggekeer het.

Ondertekening: Die Verlofregister word nie onderteken nie, maar bloot korrek bygehou.

Afskrifte: Afskrifte gaan na:

1. die kerkraad se eie lêer,
2. die leraar.